wijze gevoerd zou worden, en dat mannen van beslist christelijken wandel genomineerd zouden worden.

31. **Generaal S. G. Maritz.**—Bij de H.E. Regeering werd per brief aangeklopt om genadebetooning aan Generaal S. G. Maritz. Ontvangst van dezen brief werd erkend.

32. **Ontgroening.**—Uw Commissie wenscht de aandacht van de Synode te bepalen bij de buitensporigheden, die, in verband met "ontgroening," bij onze opvoedingsinrichting plaatsvinden, en haar te verzoeken een of anderen stap in verband met deze zaak te doen.

33. **Sterfgevallen.**—Bij gelegenheid van het overlijden van elk der volgende personen werd deelneming met de familiebetrekkingen van de overledenen betoond: Ds. P. C. Hitchcock, Mevr. J. Lubbe, Oud. A. B. Wessels, Ds. P. S. Venter en Oud. J. P. Blignaut.

34. **Art. 274.**—Met betrekking tot Art. 274 heeft de Synodale Commissie het als hare meening uitgesproken, dat de Ring het recht heeft om, onder de omstandigheden in gemeld artikel verondersteld, den band tusschen Leeraar en Gemeente los te maken, of 'n andere schiking aan de betrokkene partijen, onder billijke bepalingen op te leggen.

35. **Andere zaken.**—Omtrent ettelijke kleinere zaken heeft uw Commissie het niet noodig geacht, dat daaromtrent melding gemaakt zou worden.

Met toebidding van 's Heeren zegen op al de verrichtingen van de H.E. Synode, noemen wij ons,

Hoog Eerw. Heer,

Uw Dw. Dienaren en Broeders in den Heere,

PAUL NEL, Assessor.
WM. NICOL, Aktuarius.
J. M. LOUW, Scriba.
J. LUBBE.
H. S. BOSMAN.
A. C. VLOK.
J. W. G. STRASHEIM.
W. STEENKAMP.
N. H. C. de J. THEUNISSEN.
A. J. LOUW.
D. J. de V. BOSMAN.
P. A. ROUX.

BIJVOEGSEL A.

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE AANGESTEL OM TE ADVISEER OP WELKE WYSE DIE KERK MEER SEGGENSKAP KAN KRY IN DIE INRIGTINGE VIR HOËR ONDERYS IN DIE TRANSVAAL:

Hoogeerw. Heer,

U Kommissie wil omtrent die bowestaande opdrag as volg rapporteer:

1. **Invloed langs offisiële weg:**

(a) Die Kerk sal met dank daarop let, dat op die Raad van die T.U.K. daar onlangs 'n lid benoem is, in die persoon van Dr. D. J. Keet, wat beskou kan word as 'n verteenwoordiger van ons kerk.

(b) Op die Raad van die Uniwersiteit van die Witwatersrand is ons kerk nie verteenwoordig nie, en u Kommissie meen dat, waar dit in die mag van die Minister van Onderwys is, om sommige lede op die Raad te benoem, hy versoek moet word, om, by die uitvoering van die plig, daarop te let, dat ons Kerk wel verteenwoordig word.

2. **Invloed langs onoffisiële weg:**

(a) Die Kommissie is sig daarvan bewus, dat die Sinode hom beslis uitgespreek het teen die benoeming van Kerklike Professore aan die T. U. K., en wil die kwessie nie nou heropen nie, maar moet tog daarop wys, dat die Herv. Kerk deur dergelike benoeminge, kragtige invloed op die genoemde inrigting uitgeoefen het, en nog bly uitoefen.

(b) Met dank word ook daarop gelet dat die gemeente Pretoria deur die oprigting van die Kristelike tehuis, Sonop, 'n goeie invloed namens ons Kerk aan die T.U.K. uitgeoefen het.

(c) Die Kommissie beveel aan dat die Ring van Johannesburg gevra sal word, om in onderhandeling te tree met die Uniwersiteit van die W.W. Rand, om ook aldaar geskikte Christelike huisvesting, onder toesig van ons kerk, vir studente te verskaf.

3. Eindelik wil die Kommissie versoek dat, aangesien dit moeilik was om die nodige informasie te verkry, hierdie rapport as 'n voorlopige sal beskou word, sodat ons die geleentheid mag kry, om tydens die a.s. Sinodale Vergadering verder ondersoek te doen, en oor die saak te rapporteer.

Met hoogagting,

U Dienswillige,

P. Nel.

Wm. Nicol.

BIJVOEGSEL B.

RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE AANGESTEL OM MET Ds. FICK TE ONDERHANDEL OMTRENT

a) sy aftreding as Permanente Sekretaris vir Arme Blanke, en

b) sy Pensioen.

Hoogeerw. Moderator,

U Kommissie wil as volg rapporteer:—

1. Ons het met Ds. Fick voorlopig ooreengekom, en hy onderneem:

a) Om dit in hande van die Sinode te laat, om, met verbygaan van die bepalinge van die Beroepsbrief, en van die Kerkwette, te beslis wat sy verhouding tot die Kerk sal wees: of hy geheel sal aftree, dan of daar nog 'n nominele band tussen hom en die Kerk sal wees, tot dat hy op pensioen aftree.

b)Om dit in hande van die Sinode te laat, om, met verbygaan van die ooreenkoms wat op 6 Junie, 1924, gemaak is, te bepaal of daar, in plaas van die salaris wat nog betaalbaar sou wees voor sy aftreding, aan hom enige vergoeding gegee sal word of nie.

c) Dit alles op voorwaarde dat die Kerk volmondig die verantwoordelikheid sal onderneem, om, in terme van sy beroepsbrief, sy pensioen vir hom te verseker.

2. Omtrent die **Verhouding** waarin Ds. Fick tot die Kerk sal bly staan, beveel ons aan:—

a) Dat Ds. Fick die tietel van Permanente Sekretaris vir Arme Blanke tot by sy aftreding sal behou.

b) Dat die kerklike wette insoverre gesuspendeer sal word, dat in die geval van Ds. Fick, hy alleen die

reg sal hê, om, met adviserende stem, die vergaderinge van die S.K.A.B. by te woon, en geen ander pligte aan hom opgedra word nie.

c) Dat die goedkeuring van die Kaapse Kerk vir die reëling in a) en b) genoem, verkry sal word, sodat die pensioen nie in gevaar gestel word nie, en

d) Dat die Sinodale Kommissie opdrag en volmag kry om, as dit vereis mag word, 'n ander reëling te maak, wat aan die eise van die Predikante Pensioen Fonds sal voldoen.

3. Omtrent die versekering van die **Pensioen** van Ds. Fick beveel ons aan:—

a) Dat die Sinode opnuut sal aansoek doen vir 'n aandeel in die Pred. Pens. Fonds van die Kaapse Kerk, teen betaling van die bedrag wat betaalbaar sou gewees het as daar in 1919 uitvoering gegee was aan die besluit van die Sinodale Kommissie om vir die Perm Sekr. vir Ar. Bl. op die Fonds in te teken, saam met die bedrag wat as rente verskuldig sou wees, en die agterstallige jaarlikse kontribusies.

b) Dat die Sinode, ingeval die voorstel onder a) weer deur die Kaapse Kerk verwerp word, in elk geval, deur opbetaling van die volle bedrag wat mag vereis word, vir Ds. Fick sy pensioen sal verseker.

c) Dat die Sinode, van die bedrag wat betaalbaar mag wees, so klein 'n deel as moontlik in kontant sal betaal, en vir die balans 'n skuldbewys aan die P.P.-Fonds sal gee.

d) Dat die Sinode, opnuut sal aansoek doen by die Kaapse Sinode, om, ingeval ons voorstel onder a) verwerp word, en ons verplig word om 'n skuldbewys vir intekening volgens die hoogste tarief te gee. hulle besluit, waardeur geweier is, om Ds. Fick op die goedkoper tarief in te skryf, te vernietig, en ons skuldbewys in ooreenstemming daarmee te verminder.

e) Dat alle koste vir hierdie saak deur die fondse onder beheer van die S.K.A.B. sal gedek word, en dat dit aan die Kommissie opgedra word om daarvoor reëlinge te tref.

4. Omtrent die **Vergoeding** wat onder Punt 1 b) moet bepaal word, beveel die Kommissie aan dat, aangesien daar geen belangrike pligte op Ds. Fick rus nie,

aan hom ook geen verder vergoeding sal uitbetaal word nie.

Met seënbede op die Sinodale werksaamhede,

Die genoemde kommissie:

N. H. C. de J. Theunissen, Voorsitter.
G. D. Worst.
Wm. Nicol, Skrieba.

Pretoria, 1 Mei, 1925.

BIJLAGE V.

VERSLAG VAN DEN SCRIBA SYNODI.

Den Hoog Eerw. Moderator Synodi.

Hoog Eerw. Heer en Broeder,

Hiermede heb ik de eer verslag te doen van wat door mij, als Scriba Synodi, sedert de Synodale Vergadering van 1922 gedaan werd.

1. **Algemeen.**—Aan de vereischten van Art. 103, en andere artikelen, die op het werk van den Scriba Synodi zien, heb ik voldaan.

2. **Raad der Kerken.**—Voor wat door mij, als Scriba van den Raad der Kerken, gedaan werd, wordt verwezen naar het verslag van de Afgevaardigden naar genoemden Raad.

3. **Verklaring tot lid van Ring en Synode.**—In elk der volgende gevallen werd aan Art. 205 voldaan, en werd de Predikant tot lid van den Ring waaronder hij ressorteert, en tot lid van de Synode verklaard, t.w. Di. S. T. Potgieter, D. F. Marais, P. van der Hoven, J. S. Krige, B.A., G. B. A. Gerdener, M.A., Dr. Phil., D. J. de Villiers, A. G. Driessen, L. P. Snijman, Th. Dr., G. C. van Schouwenburg, G. M. Pellissier, B.A., B.D., J. C. van Niekerk, G. W. Koornhof, B.A., C. M. Hofmeijr, J. J. H. Hattingh, S. T. Potgieter, G. J. van Zijl, B. Alheit, N. E. de Kock, en N. J. Veltman, B.A.

Dit geeft 19 bevestigingen tegenover 41 gedurende de vorige drie jaren.

4. **Ds. W. R. de Kock.**—Wat Ds. W. R. de Kock, B.A., van Springs betreft, moet gerapporteerd worden, dat met betrekking tot hem nog niet aan Art. 205(2) voldaan is.

Waar ondergeteekende nu pas 'n kennisgeving van de bevestiging van Ds. W. R. de Kock, op Zaterdag, den 1sten Maart, 1924, als Herder en Leeraar van de

Gemeente Springs ontvangen heeft, en ook reeds 'n kennisgeving hieromtrent naar 't Officieële Orgaan der Kerk gezonden heeft, wil hij bescheidenlijk aan de hand geven, dat, wat deze Synodale Vergadering betreft, de zaak (cf. Art. 205 (3)) als in orde beschouwd zal worden, en dat, wat het tijdperk van den eersten Maart, 1924, tot heden betreft, dispensatie van Art. 205(2) verleend zal worden.

5. **Nieuwe Gemeenten.**—Sedert de laatste vergadering van de Synode is slechts een nieuwe Gemeente gesticht, t.w. de Gemeente Welgegund, op den 10den Juni, 1922. Dit staat tegenover 13 nieuwe Gemeenten gedurende de vorige drie jaren.

6. **Zendelingen en Zendinggemeenten.**—De volgende beroepen werden in 't Officieële Orgaan goedgekeurd, t.w. van Eerww. C. L. Brink, W. A. Nel, en A. P. Kotzé. Ook werd, eveneens in 't Officieële Orgaan der Kerk, kennis gegeven van de stichting van de volgende twee Zendinggemeenten, t.w. van de Gemeente Erasmus, op den 10den October, 1923, en van de Gemeente Pretoria, op den 29sten Aug., 1924.

7. **B.D. Graad.**—Met betrekking tot het besluit op de laatste Synode over deze zaak genomen, (cf. Notulen 1922, p. 61), wenscht ondergeteekende te rapporteeren, dat de Universiteit van Zuid-Afrika den B.D. graad van Seminariën, die door andere Universiteiten erkend worden, thans ook erkent.

8. **Beschrijvingspunten, Verzoekschriften, enz.**—Voor wat ingekomen is ter behandeling door de Synode en gepubliceerd is, wordt verwezen naar "De Kerkbode" van 11/3/25, 18/3/25, en 1/4/25.

9. **Begunstigscertificaten.**—Waar het aan afgevaardigden naar de laatste twee vergaderingen van de Synode niet toegelaten werd, om tegen verminderd tarief naar Pretoria te reizen, mag thans gerapporteerd worden, dat het Spoorwegdepartement tot zijn vroeger gebruik is teruggekeerd en andermaal begunstigingscertifikaten aan afgevaardigden heeft uitgereikt.

Met de meeste hoogachting noem ik mij,

Hoog Eerw. Heer,

Uw Dw. Dienaar en Broeder in den Heere,

J. M. LOUW,

Scriba Synodi.

Pretoria,

22 April, 1925.

BIJLAGE VI.

VERSLAG VAN DE AFGEVAARDIGDEN NAAR DEN RAAD DER NED. GEREF. KERKEN VAN Z.AFRIKA.

Den Hoog Eerw. Moderator Synodi.

Hoog Eerw. Heer en Broeder,

Hiermede hebben wij de eer u het volgende verslag voor te leggen:—

1. **Vergaderingen.**—Sedert de laatste vergadering van de Synode werd er slechts één vergadering van den Raad der Kerken gehouden,—de achtste,—en wel te Parijs, O.V.S., op den 8sten Maart, 1923, en volgende dagen.

2. **Bijlage.**—Eén bijlage gaat bij dit verslag, t.w. Handelingen van bovengenoemde achtste vergadering van den Raad der Kerken.

In deze Hendelingen vindt men de volgende **Aanbevelingen:**

a. Over rechten van lidmaten van grensgemeenten, zie pp. 12, 63, 64;

b. Over staatsinmenging in kerkelijke zaken, zie pp. 12, 73, 74;

c. Vertegenwoordiging der Transvaalsche en Vrijstaatsche Kerken op Proponents- en Admissie-examencommissie, zie p. 18; en

d. In zake geloofsgenezing, zie pp. 16 en 21.

Met toebidding van den zegen des Heeren op al de verrichtingen van de Hoog Eerw. Synode, noemen wij ons,

PAUL NEL, Assessor.
WM. NICOL, Aktuarius.
J. M. .LOUW, Scriba.
H. S. BOSMAN.
N. H. C. DE J. THEUNISSEN.

Pretoria, 22 April, 1925.

BIJVOEGSEL.

a. Over rechten van lidmaten van Grensgemeenten.

I. Een lidmaat van een grensgemeente en aan de grenslijn woonachtig, kan, met verlof der beider betrokkene Kerkeraden, zijn kerkelike voorrechten over de lijn genieten.

II. Waar 'n groep lidmaten aan de grens woonachtig wegens gegronde redenen aanzoek doet, langs de

gewone kerkelike weg, om over de lijn tot de aangrenzende gemeente van een Zuster-kerk te mogen behoren, kan, met verlof der beider betrokken Ringen. de grenslijn naar vereiste worden veranderd.

b. Over staatsinmenging in Kerkelike zaken.

1. Hoewel de Kommissie het betreurt, dat er telkenmale rechtsgedingen plaats vinden, waarbij de Kerk betrokken wordt, nochtans meent zij, dat met dankbaarheid kennis genomen kan worden van de volgende feiten, t.w., dat onze Kerk, in al vier Provincieën, van de banden, die haar zolang hebben gekweld, bevrijd is geworden, en zij nu ongehinderd al haar inwendige zaken regelen mag; alsook, dat herhaalde malen, het precedent door onze gerechtshoven is neergelegd, dat in zoverre het puur geestelike zaken aangaat, een rechtbank zich in dezen niet kan laten gelden; en dat de Kerk, als instituut, in de ogen van de Staat, door de Staat beschouwd wordt als 'n rechtspersoonlikheid en dus vooral waar het burgerlike rechten geldt, en door de civiele wetten wordt beschermd, precies als enig ander vereniging of genootschap.

2. De Kommissie wil verder ook eerbiediglik aanbevelen, dat er door ieder der Synoden van de Gefedereerde Kerken een rechtskommissie zal worden aangesteld, die de kerkelike besturen, in geval van een of ander zaak, die leiden kan tot 'n rechtsgeding voor 't burgerlike hof, met voorlichting en advies, indien verlangd, dienen zal.

c. Vertegenwoordiging der Transvaalse en Vrijstaatse Kerken op Proponents- en Admissie-Eksamen-Kommissie.

Het volgende beschrijvingspunt wordt zonder diskussie aangenomen, wordende het verstaan, dat elke Kerk de reiskosten, enz., van hare eigene afgevaardigden zal dragen.

De Raad der Kerken bevele vertegenwoordiging aan van de Zuster-kerken van de Vrijstaat en Transvaal op de Admissie- en Propenents-Examen-kommissieën van de Kaapse Kerk, en met 't oog hierop worde de Synode van de Kaapse Kerk gevraagd de wetsartikelen hierop betrekking hebbende, in dier voege te veranderen, en de Synoden van de Vrijstaat en Transvaal worden gevraagd de stappen te doen, die vereist mogen worden voor zodanige vertegenwoordiging.

d. In zake Geloofsgenezing.

Wat hier volg word as advies van die Raad der Kerke (cf. vergadering gehou te Parys, O.V.S., op die 8ste Maart, 1923, en volgende dae) aan die verskillende Sinodes voorgelê.

In verband met die vraagstuk van liggaamlike genesing op die gelowige gebed, het die Raad der Kerke die volgende stellinge aanvaar:

1. Die liggaamlike genesing in antwoord op die gelowige gebed is 'n heerlike waarheid, wat ons erken, op grond van die Heilige Skrif, en die bevinding van die Kristelike Kerk van alle eeue, en nie die minste van ons Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika. Dit is dan ook die plig van die gelowige krankes, om met die meeste vrymoedigheid, op voetspoor van Gods Woord, gebruik te maak van die voorreg, om die ampsdraers van die gemeente te laat roep, om vir hulle te bid, met die oog op hulle herstel. en die plig van die gelowiges, en by name van die ampsdraers van die gemeente. om die bediening van voorbidding vir die krankes met grote getrouheid en tederheid te behartig.

2. Met betrekking tot die oorsake van krankheid staan vas:

a. Dat alle krankheid, netsoos die dood, waarop uiteindelik die krankheid uitloop, die gevolg van die sondeval van die mens is;

b. Volgens die H. Skrif kom alle krankheid van God as soeverein in die gans heelal, en waar Satan optree as bewerker van krankheid, daar geskied dit onder Gods bestel, soos o.a. blyk uit Joh. 2 : 5—7; Klaagl. 3 : 38; Luk. 13 : 16; Hand. 10 : 38; Joh. 9 : 3; Amos 3 : 6. Vergelyk ook Heid. Kategismus, afdelinge I en X, en Ned. Geloofsbelydenis, Art. XIII.

3. Met betrekking tot die verband tussen sonde en krankheid is dit duidlik:

a. dat die krankheid dikwels die gevolg is van die verbreking van fiesiesie of sedelike wette, en dat die verhoring van die gebed om genesing nie verwag kan word nie, solang as die kranke aanhou met die wet te oortree;

b. dat die krankheid in die indiwidu dikwels nie aan 'n bepaalde sonde of wetsovertreding kan toegeskryf word nie, maar direkt aan die beskikking Gods, met die doel, om die kind van God te louter, die medemens tot segen te strek, en Gods naam te verheerlik.

4. a. Met betrekking tot die genesing van krankheid is dit nie geoorloof, om te beweer, dat 'n gelowige

kranke altyd op sy liggaamlike genesing deur God, met dieselfde vaste versekering as op die vergiffenis van sy sonde, kan aanspraak maak nie, aangesien in die geval van genesing, of vertraging van genesing, God, in Sy verborge raad, 'n seker wys doel daarmee mag hê, en dit mag strek tot verheerliking van Gods naam (Joh. 9 : 3);

b. Ofskoon ons erken, dat die uiteindelike verlossing van die liggaam, tesame met die van die siel, die vrug van Kristus Se versoeningswerk is, mag ons tog nie sê, dat die gelowige die reg het, om op die volkome verlossing deur God van alle krankheid reeds in hierdie lewe aanspraak te maak nie, aangesien krankhede tot die merktekens van die sterflikheid behoor.

5. Daar moet duidelik onderskei word tussen die geloofsgenesing waarvan hierbo sprake is, en die buitengewone gawe van gesondmaking, wat sommige in die eerste Kristelike Kerk besit het. Daar is egter geen voldoende historiese getuienis, dat hierdie besondere gawe, sedert die Apostoliese tyd, ooit in die Kristelike Kerk voorgekom het.

BIJLAGE VII.

VERSLAG VAN DIE AKTUARIUS EN ARGIVARIUS.

Hoog Eerw. Moderator,

Die ondertekende het die eer om hiermee, volgens vereiste van Art. 101, aan die HoogEerw. Sinode verslag te doen oor sy werksaamhede in verband met die Aktuariaat en die Argief van die Kerk, seder die laaste vergadering in April 1922.

1. **Aangaande die Aktuariaat.**

1. Die volgende predikante het die plegtige verklaring volgens Art. 13 onderteken, en is op die genoemde datums tot die Kerk toegelaat:—

16 Feb., 1923	Ds. J. S. Krige.
28 April 1923	Ds. G. B. A. Gerdener, M.A., Dr. Phil.
25 Mei 1923	Ds. D. J. de Villiers.
5 Jan. 1924	Ds. L. P. Snyman, D.D.
1 Maart 1924	Prop. W. R. de Kock.
17 Mei 1924	Prop. G. W. Koornhof.
10 Mei 1924	Ds. G. M. Pellissier, B.A., B.D.
10 Mei 1924	Prop. J. C. van Niekerk.
19 Julie 1924	Ds. C. M. Hofmeyr.
13 Des. 1924	Ds. G. J. van Zyl.
7 Feb. 1925	Ds. N. E. de Kock.
28 Maart 1925	Prop. N. J. Veltman, B.A.

Die proponente wat onder die getal verskyn was almal voorsien van 'n Akte van Legitimasie van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, terwyl die lerare wat reeds vroeër bevestig was, uit een van die Gefedereerde Kerke na ons toe oorgekom het.

2. Die WelEerw. Here, wat hierbo genoem word, sal daarop moet let, dat dit van hulle verwag word, om, tydens die sitting van hierdie vergadering, die formulier opnuut te onderteken in die boek, wat vir die doel, onder sorg van die Aktuarius lê. Die oorspronklike ondertekening van genoemde Here word, as Bylae A. by hierdie verslag gevoeg.

3. Daar is 'n aanmerklike daling in die getal van die predikante wat tot die Kerk toetree. In vergelyking met vorige Sinodes is die syfers vir die drie jare as volg:

1912—1916	23
1916—1919	24
1919—1922	27
1922—1925	12

Die stilstand in die stigting van gemeentes en die skaarste van predikante, moet seker beskou word as die vernaamste oorsake van die daling.

4. Die predikante van die Kerk tel nou, saam met die twee amptenare, 80, terwyl die totaal by die laaste Sinode 84 was.

In 1922 was daar sewe vakante gemeentes. Daar is nou elf. Die Aktuarius wil daarop wys dat die Kerkwet geen voorsiening maak vir die verkryging van die informasie wat onder hierdie hoof aangegee word nie. Wil die Sinode, met die oog hierop, 'n toevoeging laat maak?

5. Volgens vereiste van Art. 204 is 'n Akte van Bevestiging op die genoemde datums aan die volgende lerare uitgereik:—

11 Maart 1924 ...	Ds. W. R. de Kock.
27 Mei 1924 ...	Ds. G. W. Koornhof.
14 Junie 1924 ...	Ds. J. C. van Niekerk.
14 April 1925 ...	Ds. N. J. Veltman.

6. 'n Akte van Bevestiging is volgens Art. 230 aan die volgende eerwaarde Sendelinge uitgereik:—

15 Aug. 1924—Eerw. W. A. Nel, bevestig op 9 Aug. 1924.

8 Sept. 1924—Eerw. W. J. Wentzel, bevestig 17 Aug. 1924.

Behalwe genoemde twee sendelinge is ook tot die Kerk toegetree in dieselfde amp:—

25 Nov. 1923 — Eerw. C. L. Brink.
23 Nov. 1924 — Eerw. A. P. Kotze.
8 Feb. 1925 — Eerw. J. H. van Schalkwyk.

7. Ook is 'n Akte van Bevestiging, volgens Art. 232, uitgereik aan die eerw. Inboorlingleraar Paulus Mangoela op 24 Julie 1922. Hy is op 15 Julie 1922 bevestig.

8. Die Eerw. Sendelinge en Inboorlingleraar sal volgens Artt. 228 en 232 die plegtige verklaring van Art. 13 by die Sending-sekretaris opnuut moet onderteken, in die boek wat hy daarvoor aanhou.

9. 'n Nuwe uitgawe van die wetboek is in 1922 besorg, en het op 18 Okt. van daardie jaar in werking getree. Op die vraag, of daar ook vanjaar 'n nuwe uitgawe moet verskyn, sal wellig eers antwoord kan gegee word wanneer die verslag van die Kommissie van Rewiesie afgehandel is.

10. Die Sinodale Klerk het onder toesig van die Aktuarius gewerk, en het bevrediging gegee. Die tyd van die amptenaar word met kerklike werk goed in beslag geneem.

12. Daar was heelwat korrespondensie met Kerkerade, lerare en ander persone oor Kerkelike sake. U Aktuarius het na vermoë informasie verskaf op punte van die wet en die Kerklike usansie. Afskrifte van sodanige korrespondensie is aan die Kommissie van Rewiesie voorgelê, en het gelei tot sommige van hulle beskrywingspunte.

13. KERKLIKE STATISTIEK: Die Ringskrieba's het gereeld die statistieke opgawes aangestuur, sodat dit jaarliks moontlik was om die statistiek van die hele Kerk in die Kerkbode te laat verskyn gedurende die maand April of Mei. Die volgende aanmerkinge vloei voort uit die opgawes.

14. By die vorige twee Sinodes kon ons rapporteer dat die getal gemeentes aanmerklik vermeerder het. Van 59 in 1916 het die getal gestyg tot 71 in 1919 en 84 in 1922. Die groei het ongelukkig seder 1922 skielik geëindig, en slegs een nuwe gemeente is na die laaste sinode gestig.

15. In lede- en sieletal het die vermeerdering voortgeduur. Die Kerk tel nou 75,118 lede, en 162,409 siele.

In vergelyking met die syfers van 1922 is daar 'n vermeerdering van 6133 lede en 11670 siele. Die persentasie van vermeerdering, in vergelyking met die syfers wat by die vorige sinodes aangegee is, is as volg:—

(a) Ledetal: 1925— 8.8.
1922—12.9.
1919— 7.8.
1916— 7.6.

(b) Sieletal: 1925—7.7.
1922—9.2.
1919—6.7.
1916—8.9.

16. Die feit dat daar slegs een nuwe gemeente gestig is, terwyl die lede- en sieletal aanmerklik vermeerder het in die laaste drie jaar, het die gemiddelde sterkte van die gemeentes weer op 'n hoër syfer gebring. Die gemiddelde syfer vir die hele Kerk is 1911 siele en 880 lede. Dit vergelyk as volg met die vorige sinodes:—

1925	gemiddelde ledetal	880,	sieletal	1911.
1922	,,	831,	,,	1818.
1919	,,	860,	,,	1827.

Aangesien die vermeerdering van gemeentes hoofsaaklik by die Ringe berus, gee ons ook hier die afsonderlike syfers van die sewe Ringe aan:—

Ring van:	Getal Gemeentes.	Ledetal.	Gemiddelde ledetal 1925	1922
Potchefstroom	9	9723	1080	1175
Rustenburg	14	14493	1035	843
Lydenburg	14	10248	732	656
Utrecht	13	9883	760	723
Heidelberg	11	9815	892	847
Zeerust	10	9150	915	873
Johannesburg	14	12706	907	847

In ses van die Ringe is dus die verantwoordelikheid wat op elke kerkeraad rus in die laaste drie jaar vermeerder. Van die 85 gemeentes van die Kerk is daar 29 wat nou meer dan 1000 lede het. In 1922 was dit 23 en in 1919 weer 24.

17. Die getal nuwe lede, wat seder die laaste sinode aangeneem is, toon 'n gunstige vermeerdering aan. Dit was as volg:—

1922—3294
1923—4350
1924—4525

12169

Voor 1921 het die jaarlikse syfer nooit 3000 behaal nie. Dit is nou meer dan 4000. Die kinders wat na die boere-oorlog gebore is, het nou klaarblyklik by die jare van lidmaatskap gekom.

18. In die drie jaar onder behandeling het daar 8591 persone met sertifikate van Lidmaatskap by die verskillende gemeentes aangekom. Tussen die vorige 2 sinodes was dit 10172.

19. Die registrasie van doop hou nie meer gelyke tred met die ledetal van die Kerk nie. Die syfers is as volg:—

1921—6201
1922—6156
1923—5864
1924—5878

20. Die syfers vir huwelikbevestiging, waaromtrent daar in 1922 'n aanmerklike daling moes gerapporteer word, het byna op dieselfde syfer bly stilstaan, en was gemiddeld 1161 vir die 3 jaar.

21. Die ongunstigste deel van ons verslag het te doen met die sondagskole. By die laaste drie Sinodes kon telkens gerapporteer word dat die Sondagskool bowe eweredigheid met die ledetal van die Kerk gegroei het. By die laaste Sinode was daar selfs 'n vermeerdering van 27% op die getal wat by die vorige Sinode aangegee is. Terwy ons sieletal in die laaste drie jaar met 11670 vermeerder het, is die aangroei van sondagskoolkinders slegs 167. Die totaal staan nou op 32710. Dit is opmerklik dat 23 gemeentes hulle getalle onder die hoof in ronde syfers opgee! Ook die getal sondagskole is verminder van 871 na 827, terwyl die onderwysers van 2336 slegs tot 2389 vermeerder het.

22. Die aangroei van die kinders van ons Kerk in die dagskole was as volg:—

1915—30071
1918—39677
1921—49666
1924—50279

23. Aan al die verdere opdragte het die Aktuarius na vermoë voldoen.

2. **Aangaande die Argief.**

24. Al die stukke vir die Argief, wat deur die Ringskrieba's en deur die Skrieba van die Sinode, opgestuur

is, is in 16 dele gebind, en by die argief te Heidelberg gelê.

25. Onder die bogenoemde stukke is die oorspronklike handelinge van al die Ringe vir die laaste drie jaar, en as bylae by die handelinge, ook die verslae van die Amptenare en Ringskommissies van die respektiewe Ringe. Daar moet egter weer op gelet word, dat die Ringskrieba's nie altoos verslae opstuur van al die Kommissies wat by die vorige sitting van hulle Ring aangestel is nie. Dit maak die argief onvolledig. Die bedoeling van die wet is seker dat elke verslag wat in die handelinge genoem word, ook as bylae daaraan moet toegevoeg word, tensy dat daar opsetlik anders bepaal word. Met die oog hierop meen die Aktuarius dat Art. 216(8) in ooreenstemming met Art. 160(5) moet gebring word.

26. Die volgende register-afskrifte van die laaste drie jaar ontbreek nog; t.w.—Van Meru is seder 1920 alles uitstaande behalwe die Lidmate-register van 1921, en van Vergenoeg altwee afskrifte vir 1924.

27. Verder ontbreek nog vóór 1922:

Die Doopregister-afskrif van Makwassie vir 1920.

28. Met opdrag van die Sinodale Kommissie is heelwat veranderinge op Doop- en Lidmateregisters in die Argief gemaak.

29. Die lopende jaargange van ons Kerklike publikasies is aan die argief toegevoeg, asook 'n paar stukke wat vir ons Transvaalse Kerkgeskiedenis van belang is.

30. Sover doenlik is daarvoor gesorg dat stukke wat hier mag nodig wees, by die hand is.

Eindelik bring die ondergetekende sy hartlike dank aan die ander lede van die Moderatuur, en aan die vele lede van die Hoog Eerw. Sinode met wie hy gedurig in onderhandeling was. Die aangename verhouding tot almal het die werk tot 'n plesier gemaak.

Met toebidding van Gods seën op die werk van die Hoog Eerw. vergadering.

U Dienswillige Dienaar in die Heer,

WM. NICOL,
Aktuarius en Argivarius van die Sinode.

Johannesburg, 14 April, 1925.

BIJLAGE VIII.

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE IN SAKE DRANKVERBOD.

HoogEerw. Moderator,

Die Kommissie in sake Drankverbod het die eer om as volg oor sy werk van die afgelope 3 jaar te rapporteer:

1. Ondersoek omtrent Uitwerking van Drankverbod in Amerika.

(A) U Kommissie het die HoogEerw. Sinodale Kommissie versoek dat hulle die Hooged. Regering sou vra om van die Hooged. Regering van die Verenigde State van Amerika 'n rapport te kry omtrent die uitwerking van Prohibiesie in Amerika, en om ons Kerk te dien met 'n afskrif daarvan. Die versoek is deur die Sinodale Kommissie toegestaan, maar daar was geen verder gevolg nie.

(B) Volgens opdrag van die Sinode het ons 3 van die predikante en een antropoloog wat in Amerika gestudeer het, gevra om ons 'n verslag te gee van hulle bevindinge met betrekking tot die uitwerking van Prohibiesie, t.w. van Drs. L. P. Snyman, D. Snyman, Roussouw en Weich. Laasgenoemde meen dat Prohibiesie, altans in Louisville, waar hy 'n geruime tyd woonagtig was, misluk het. Die ander 3 spreek met gloeiende woorde oor die groot sukses van die maatreel. Dr. D. Snyman deel b.v. die volgende mee:

(a) "Ek was vir drie jaar in Amerika (1920-1923), dus kort na die invoering van totale drankverbod. Ten spyte van die feit dat daardie jare die kritieke jare vir die proefneming was, was ek diep oortuig van die sukses van Prohibiesie. In al die tyd het ek maar net een besope man gesien, en ek was in al die vernaamste dele van die Verenigde State. 'n Vrou van sestig jaar sê eendag aan my: 'Dit is net sedert Prohibiesie dat my lewe vir my iets werd is. My man is nou vir my wat hy behoort te wees, en hy het nou liefde vir sy kinders, iets wat vroeër ontbreek het.'

(b) Met die uitsondering van 'n minderheid is die Amerikaanse Volk tevrede met die toestande. Wat ek hierby bedoel is dit: 'n Mens hoor nie

gedurig van Prohibiesie praat nie, en dit skyn asof die oorgrote meerderheid die nuwe toestande as helemaal natuurlik beskou. Dit is baie opmerklik.

(c) Die getuienis van die Kerk, sosiale inrigtinge, en alle filantropiese Vereniginge spreek met een mond: Prohibiesie is 'n seen—'n groot seen. Hiermee gaan 'n oorweldigende meerderheid van die volk saam. Ek herinner u maar net aan die feit dat die geslaagde kandidaat vir die Presidentskap, en ook die twede vernaamste kandidaat, beide "horing droog" is.

(d) Die getuienis van manne wat spesiaal deur hulle Regerings afgevaardig was, en ook deur ander liggame. Ek het Dr. Hammond van Australië gehoor toe hy daar was, en ek het die Here gesmeek dat Australië eenmaal onder dieselfde toestand mag verkeer, wat nou in die droë Amerika heers. Twee Hollandse afgevaardigdes het 'n soortgelyke getuienis gegee.

(e) Iets anders wat tref is die welvarende toestand van die eenvoudige mense. Die geheim is: Hulle kan die drank nie kry nie. As daar drank was sou hulle dadelik weer begin drink. Dit wys die middel aan: "Neem die drank weg."

(f) Die wat nog drink is die ou ongeneesbare drinkers, en die wat geld het om die gesmokkelde drank te kan koop. Met hulle dood sal die wanklank egter verdwyn.

(g) Die sogenaamde mislukking waarvan ons nou en dan in die krante lees is pure onsin. Die Amerikaners beweer dat die rapporte op koste van die drankhandel versprei word omdat hulle die voorbeeld van Amerika vrees."

Die rapporte van die ander 3 word as bylae hieraan toegevoeg.

2. Matigheids-Onderwys.

Ons Kommissie het, saam met lede van die S.A. Matigheids Alliansie, op verskillende maniere probeer propaganda maak vir die onderwys in die Matigheidsleer. Met die gewese Direkteur van Onderwys is oor die saak gekorrespondeer. Die lede van ons Kommissie het

die jaarkongres van die Transvaalse Onderwysers-vereniging in April 1924 oor die saak toegespreek, en dit het gelei tot 'n belangrike diskussie. Met die teenwoordige Direkteur van Onderwys is 'n onderhoud oor die saak gevoer en 'n belofte is van hom verkry om sekere bepaalde stappe te doen. Aan die skoolrade is 'n sirkulêre gestuur om hulle aan te spoor om daarop te let dat die Inspekteurs in hulle rapporte oor die skole, duidlik sal melding maak omtrent die toestand van die Onderwys in die Matigheidsleer. Dit blyk dat daar in die opsig heelwat verantwoordelikheid op skoolkommissies en skoolrade rus. As daar telkens op sou gewys word wanneer Inspekteurs die vak oor die hoof sien, sal daar spoedig verbetering gemaak word.

3. **Plaaslike Keuse.**

Hierdie punt was voortdurend onder aandag van u Kommissie, en op verskillende maniere is vir die saak propaganda gemaak. Die volgende stappe wat geneem is mag hier opgenoem word: Die verskillende Ringe is gevra om op hulle vergaderings die beginsel van Plaaslike Keuse te bespreek, en hulle besluite daaromtrent aan die Eerste Minister, aan Dr. D. F. Malan, aan die voorstellers van die Wetsontwerp, en aan die Sekretaresse van die S.A.M.A. te stuur. Ons meen dat al die Ringe 'n gunstige besluit geneem het. 'n Omsendbrief is aan elke Kerkraad gestuur met die versoek dat daar met die Plaaslike lede van die Volksraad onderhandel sal word om die Ontwerp tot wet te bring. Op die Kongres, wat in Desember 1923 te Cradock gehou is ten gunste van Plaaslike Keuse, was ons Kerk goed verteenwoordig. Die uitgebreide verslag van die Kongres is by die Kommissie verkrygbaar teen 1/- stuk. Dit vorm 'n volledige beskouing oor die posiesie met betrekking tot drankhandel in Suid-Afrika. Die Kommissie was ook verteenwoordig op die Kongres van die wynbouers te Pêrel in April 1924, en het daar ons standpunt uiteengesit. Op verskillende plekke is jaarliks, toe die Wetsontwerp voor die Volksraad was, vergaderings deur ons gehou om die saak te bepleit. Ons het 'n paar gemeentes gevra om te oorweeg of dit nie vir hulle moontlik was om op grond van die wet van 1902, 'n Plaaslike Keuse stemming aan die gang te sit nie. Tot sover egter het geen ander gemeente die voorbeeld van Alberton gevolg nie, waar vir jare die wet van 1902 gebruik is om die liksensies uit te hou.

4. **Naturelle Stedelike Bestuursgebied Wet.**

Die besluit van die laaste Sinode omtrent die Naturelle Stedelike Bestuursgebied Wetsontwerp is onder aandag van die Eerste Minister gebring, en die Ringe is ook gevra om besluite daaromtrent te neem, en aan Sy Hoogedele te stuur. Dat die Wet, nietteenstaande ons besware, tog aangeneem is, het ons o.a. voor die Stadsraad van Johannesburg laat verskyn om te pleit teen die inwerkingstelling van die fasiliteite wat deur die Wet toegestaan word. Ons poging was tot sover nie sonder sukses nie. Die posiesie is dan ook dat geen belangrike Munisipaliteit sover besluit het om die voorbeeld van Durban te volg nie.

5. **Matigheids-Sondag.**

In 1923 het ons die Kerkrade versoek om die eerste Sondag van Desember as 'n Matigheids Sondag te hou. Informasie is verskaf en die versoek is gedoen aan predikante om op die dag veral aan die Sondagskole hulle aandag te gee.

6. **W. E. Johnson.**

Met die besoek van Pussyfoot Johnson, het u Kommissie sy steun aan die beweging gegee. Soveel moontlik het ons deelgeneem aan sy vergaderings. Ook het ons 'n spesiale vergadering vir Afrikaans-sprekendes te Johannesburg georganiseer.

7. **S.A. Matigheids Alliansie.**

Die Kommissie het dit gebiedend noodsaaklik gevind om gedurig in die nouste verband met die S.A.M.A. te bly. Dit sou noodlottig wees vir die hele beweging as die verskillende Kerke en Matigheids-organisasies almal hulle eie koers sou gaan. Waar die Alliansie as die saambindende liggaam optree, en deur en deur van 'n Kristelike standpunt uitgaan, het ons dit gewens geag om op elke wyse ons medewerking te verleen.

8. **Aanbevelinge.**

Eindelik wil die Kommissie aanbeveel:

(a) Dat die Sinode dit aan die lede van die Kerk, wat op skoolrade en skoolkommissies dien, sal opdra om daarop te let of die Matigheidsleer sy regte plek in die onderwys kry.

(b) Dat die Sinode opnuut sal besluit om sy steun te gee aan die beginsel van Plaaslike Keuse, en sal aanbeveel by die S.A.M.A. om andermaal in 1926 die Ontwerp in te dien.

(c) Dat die Sinode die leraars en Kerkrade sal bemoedig om, of op die Sondae wat van tyd tot tyd as Matigheids Sondae aangekondig word, of op ander geskikte geleenthede, oor die Matigheid te preek, en dit met biesondere aandag aan die Sondagskole.

(d) Dat die Sinode 'n besluit sal neem om sy waardering uit te spreek oor die werk van die S.A.-M.A., en 'n weg sal vind om die Fondse van die Alliansie te ondersteun.

Met toebidding van Gods seen op die Sinodale werksaamhede:

Lede van die Kommissie:

(w. get.) W. NICOL, Voors.
,, R. THERON.
,, D. THERON.
,, G. D. WORST.
,, D. P. CILLIE, Sek.

BIJLAGE IX.

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR DIE VERTALING VAN DIE BLBEL IN AFRIKAANS.

HoogEerw. Voorsitter,

Die ondergetekende lede van U Kommissie vir die Bybelvertaling het die eer hiermee die volgende verslag aan die Sinode voor te lê.

Wat betref die manier waarop die vertaalwerk aangevat is, wens U Kommissie daaraan te herinner dat die Bybel—Oue en Nuwe Tetament—aanvanklik (voordat ons Transvaalse Kerk nog op die Gesamelike Kommissies van die verskillende Geref. Kerke verteenwoordig was) verdeel en toegewys was aan verskillende Predikante en Professore. Nadat daar egter in 1923 'n proef-uitgawe van die vier Evangelië en Psalme verskyn het, is dit aan die Gesamelike Kommissie duidlik geword dat die gewig van die saak en die moeilikhede verbonde aan die vertaalwerk van sodanige aard is dat dit alleen bevredigend

kan gedaan word deur enkele spesiaal toegeruste manne, wat hulle uitsluitlik aan die werk kan wy. Hulle sou dan moes optree as Eindvertalers, en moet verantwoordelik wees vir die gelewerde vertaling. Die Gesamelike Kommissie het sover daarin geslaag om as sodanige vertalers te kry Ds. J. D. Kestell, Dr. J. D. du Toit en Dr. H. C. M. Fourie. Die Kommissie het ernstige pogings aangewend om een vertaler te kry uit die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch, maar tot ons leedwese het Dr. B. B. Keet nie sy weg oop gesien om die benoeming tot vertaler aan te neem nie.

Die **Nuwe Testament** word vertaal deur Ds. J. D. Kestell. Hy hoop teen die end van dié jaar klaar te wees.

Die **Ou Testament** is verdeel tussen Drs. du Toit en Fourie. Die voltooiing hiervan sal waarskynlik nog langer neem.

Nadat eers met die vertaalwerk enige vordering gemaak was, het die arbeid geblyk 'n taak te wees veel groter as dit aanvankelik geskyn het. Om slegs een saak te noem: Die oorspronklike gedagte om eenvoudig 'n oorsetting van die Statevertaling te lewer het in die praktyk op soveel moeilikhede afgestuit, dat én Kommissie én vertalers hulle, na die eerste proef, genoodsaak gesien het om hulle ideaal hoër te stel en as beginsel aan te neem dat die vertaling sal geskied uit die oorspronklike, maar met inagneming van die Statevertaling sover doenlik.

U Kommissie wens hiermee onder die ernstige aandag van die Sinode te bring die dringende behoefte aan die nodige fondse vir die salariëring van vertalers, en tot bestryding van ander uitgawes; en aan te beveel dat van die Sinode daar 'n beroep sal uitgaan tot die verskillende gemeentes om elk 'n aansienlike bydrae op te bring vir 'n werk van so'n besonder betekenis vir Kerk en Volk. 'n Geldelik Verslag word hierby aangeheg.

Wat, eindelik, betref die opdrag van die laaste Sinode insake die oorsetting van die Psalme en Gesange in Afrikaans, wens U Kommissie te rapporteer dat hy, na oorweging van die saak, van oordeel is dat dit hoogs wenselik is dat, by dié stadium, 'n aanvang sal gemaak word, in samewerking met die gefedereerde Kerke, met die bewerking van 'n oorsetting van die Psalme en Ge-

sange in Afrikaans; en beveel aan dat ook dit opgedra word aan die Kommissie vir Bybelvertaling.

Vertrouende dat ons hiermee aan ons opdrag voldaan het, het ons die eer ons te noem,

U dw. dnrs. en broeders in Kristus,

J. H. EYBERS.
G. B. A. GERDENER.
W. F. DE VOS.

Pretoria, 23 April 1925.

AFRIKAANSE BYBELVERTALING FONDS.

STAAT VAN ONTVANGSTES EN UITGAWES TOT 14 APRIL, 1925.

UITGAWES.

		£	s.	d.
Aan	Reisonkoste rekening	£25	5	0
,,	Salarisse (Ds Kestell, Dr. du Toit, Dr. Fourie en Mnr. du Plessis) ...	1,916	13	10
,,	Skryfbehoeftes	11	1	1
,,	Batige Saldo op 15 April 1925	810	0	0
		£2,763	3	9

ONTVANGSTES.

Per	Vrystaat N.G. Kerk	£272	1	1			
,,	Helpmekaar... ...	387	12	1			
,,	Dingaansfees.. ...	68	1	11			
,,	Verenigings	23	18	6			
,,	Skoolrade	97	16	1			
,,	Skole	2	1	3			
,,	O.V.V	80	6	11			
,,	V.S.B.	5	0	0			
					£936	16	10
,,	Kaap N.G. Kerk	340	16	0			
,,	Helpmekaar	111	9	10			
,,	Dingaansfees	3	3	9			
,,	Verenigings	17	17	6			
,,	Skole	5	0	6			
,,	A.C.V.V.	103	5	9			
					581	13	4
,,	Tvl. Ned. Herv. Geref. Kerk	89	14	2			
,,	Dingaansfees...	85	13	3			
,,	Skole	5	11	0			
					180	18	5

,,	Natal N.H. Kerk	11	13	8			
,,	Helpmekaar	20	15	4			
					32	9	0
,,	Rhodesia Dingaansfees				6	14	5
,,	Eldoret Brits Oos Afrika Dingaansfees				8	17	0
,,	1ste uitbetaling Legaat boedel "Wyle Mnr. de Villiers"				400	0	0
,,	Diverse Koerante "Kaap en Vrystaat"				98	16	5
,,	Gereformeerde Kerk				516	18	3
					£2,763	3	9

BIJLAGE X.

TWEEDE VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VAN REWIESIE.

(Voor eerste Verslag cf. Bijlage I (VI).)

Hoogeerw. Moderator,

Die Kommissie wil verder as volg oor die beskrywingspunte en opdragte rapporteer:

1. Die Kommissie beveel aan dat bpp. 1, 7, en 8 as afgehandel beskou word.

2. Die Kommissie beveel aan dat deel 4 (3), van die Grondslae so gewysig sal word dat in plaas van die woorde "doch niet" sal staan "en", en voor "sendeling" sal staan die woorde: "Blanke geordende". Bpp. 2 en 9 word aangeneem.

3. Bep. 3, word nie aangeneem nie, maar wel bp. 23, van die eerste verslag van die Kommissie van Rewiesie, wat bly oorstaan het.

4. Die Kommissie meen nie dat daar met die oog op artt. 6 en 152, verder moet bepaal word wie die erkende Protestantse Kerke is nie. Bp. 4 van die Ring van Utrecht word nie aangeneem nie.

5. Met betrekking tot bp. 5 van die Ring van Zeerust, meen die Kom. dat die naam van die Kerk, onder die Grondslae in bylae 1, moet gereken word, en dat dit daarom nie gewens is, om dit in die Sinode te bespreek, voordat dit aan die Kerkrade voorgelê is nie. Die Kommissie beveel aan dat die bp. sal behandel word asof dit die wysiging van die Grondslae geld, en dat die Skrieba opdrag sal kry om ses maande voor die volgende Sinode, in die Kerkbode kennis te gee, dat die saak alsdan in behandeling geneem sal word, sodat Kerkrade geleentheid sal hê om dit te oorweeg.

6. Die Kom beveel aan dat die woorde: "en een of meer kerkraadslede", in Art. 24 geskrap sal word. Bp. 6 word aangeneem.

7. Voeg toe aan Art. 44, na "hebben gerust", die woorde: "Vakatures wat ontstaan anders dan deur die aftreding van 'n lid, aan die einde van 'n tweejarige dienstyd, sal aangevul word deur die kiesing, op die gewone wyse (vgl. art. 43), van 'n nuwe lid om die oorblywende dienstyd van die afgetrede lid te vervul. Vir die berekening van die rustyd sal die aangevulde diens nie bygetel word nie. Bp. 10 word aangeneem.

8. Bp. 11 word insover aangeneem dat na Art. 35 (6) sal ingevoeg word: "Wanneer lede van 'n vergadering beswaar het teen die reeling van 'n voorsitter, sal die vergadering daaroor beslis".

9. Bp. 12.—Die Kommissie beveel aan dat daar geen toevoeging in die wet oor hierdie saak, gemaak sal word nie, maar dat die Sinode tog die volgende besluit, sal notuleer: "Dit is ongewens dat 'n ouderling by die leiding van 'n diens vry sal spreek, en word verwag dat hy in die reel 'n preek sal lees."

10. Bp. 13 word nie aangeneem nie.

11. Bp. 14 word nie aangeneem nie.

12. Bp. 15 word aangeneem, en art. 82 as volg gewysig: na "aftredende voorsitter voeg in "of sy plaasvervanger volgens art. 35 (8).

13. Bp. 16 word insoverre aangeneem dat art. 99 (2) sal lees "...by die Skrieba ingedien, en, vir oorweging deur die verskillende Kerkrade, onmiddellik daarna in die offisiële Orgaan van die kerk gepubliseer."

14. Bp. 17 re Art. 113 (5) word goedgekeur, en in verband hiermee punt 1 uit die verslag van die Moderator afgehandel.

15. Bpp. 18 en 20 word saam behandel.

(a) Na art. 61 word ingevoeg 'n nuwe artiekel:—
"Sodra iemand uit die gemeente, waarvan hy lidmaat is, vertrek, verval sy lidmaatsregte in die gemeente.

Voordat sy sertifikaat of attestaat ingelewer is by die Kerkraad, onder wie se ressort hy hom ter woon gevestig het, kan hy aldaar sy lidmaatsregte nie geniet nie, hoewel hy moet beskou word as staande onder opsig van daardie Kerkraad.

(b) Art. 62 lees:—

"Telkens met die bekendmaking...... ingekom het, verplig is om hulle attestasies of sertifikate ten spoedigste in te lewer by die Kerkraad".

16. Bep. 19 word na die Federale Raad verwys.
17. Bp. 21 word goedgekeur.
18. Bp. 22 word goedgekeur.

VERDER OPDRAGTE.

19. Art. 19 lees: "Een Predikant sal nie tegelyk as leraar van 'n gemeente of as amptenaar, in diens van die Kerk, en as lid van die Volks- of Prowinsiale Raad kan dien nie...... moet bedank as leraar van die gemeente of amptenaar van die Kerk. Om weer beroep..."

20. Na art. 179 voeg in 'n nuwe artiekel:—

"By die ontstaan van 'n vakature, word daarvan onmiddellik deur die voorsitter van die Kerkraad aan die Aktuarius van die Sinode kennis gegee".

21. Art. 216 (8) lees: "Daarna sal die Ringskrieba 'n afskrif van hierdie verslag aan die Skrieba......".

22. Na art. 63 (18) 'n Nuwe vraag:—

Is die kerklike gesang in u gemeente bevredigend? Op watter wyse word dit bevorder?"

23. Voeg 'n nuwe vraag toe aan art. 63 (20):—

"Hoeveel kinders, wat in die Sondagskool en in die Dagskool behoort te wees, woon die skole respektiewelik nie by nie?"

24. Die Kommissie beveel aan dat Art. 158 nie nou sal gewysig word nie, daar die reeling met Ds. Fick, van 'n tydelike aard is. Die wysiging van die woord "Kwestor" sal op 'n ander manier voor die Sinode kom, en wel deur die verslag oor die Reglement vir die Saakgelastigde.

25. Punte 24 en 25, uit die eerste verslag van die Kommissie van Rewiesie word weer voorgelê, met wysiging van die woorde "as daar persone gekies moet word......"; in 24 (a) tot "as hy verlang".

26. Art. 200 "In naam van die Sinode" lees: "In naam van die Ring".

27. Art. 219 lees: "...... die binnelandse Sendelinge en Evangeliste van sendinggemeentes, en van buitegewone werkkringe, onder die Rings Sendingkommissie".

28. Art. 150. Voeg toe: "ook word aanbeveel 'n handleiding vir die Kerkgeskiedenis".

Met heilbede op die Sinodale werksaamhede,

Kommissie van Rewiesie:

S. W. van Niekerk, Voorsitter.
J. I. de Wet.
Wm. Nicol, Skriba.

DERDE VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VAN REWIESIE.

Hoogeerw. Moderator,

Na aanleiding van ontvange opdragte van die Sinode, wil u Kommissie aanbeveel:—

1. Art. 231 (a) lees: "......blanke gemeente alwaar zij als evangelisten gearbeid hebben, dat zij gedurende vijf jaren voor hun opleiding, of twee jaren na hun legitimatie, voorbeeldig hebben gewandeld, en zich de ordening waardig gedragen hebben"

(b) De Zendingkommissie waaronder zij arbeiden daarom verlangt.

(c) Punt (b) word (c).

2. Art. 215 (1) b. lees: "Hy sal die vergaderinge van die Sinode en van die Rings met adviserende stem bywoon, behalwe wanneer tugsake behandel word."

3. Aangaande beheer oor Sendingsekretaris:—

a)Art. 215 (c) c. "......in oorleg met die Sinodale Sendingkommissie, aan welk lichaam......"

b) Art. 206 (2) "......oor die afgelope jaar aan die Kommissie onder wie se toesig hy werk, met 'n afskrif daarvan aan die Moderatuur, voorlê".

c) Die Kommissie meen dat Art. 158 ook meteens in ooreenstemming hiermee moet gebring word, en beveel aan dat die laaste woorde sal wees: "......Januarie aan die Sinodale Kommissie vir Arme Blanke, en aan die Moderatuur. in ooreenstemming met Art. 206 (2) verslag doen."

4. Aan Art. 86 voeg toe:—

"Die Kommissie sal jaarliks aan die Ringsvergadering verslag van sy werksaamhede doen. Van hierdie verslag sal die Ringskrieba 'n afskrif aan die Sinodale Sondagskool-kommissie stuur."

5. Art. 44 vgl. Bp. 10 en Punt 7 van twede verslag van die Kommissie van Rewiesie..

Art. 44 lees: "Alle kerkraadslede, behalwe wanneer gekies om 'n buitegewone vakature aan te vul, word gekies vir twee jaar, waarna hulle herkiesbaar is". Verder bly die Art. onverander, maar aan die einde word toegevoeg: "By die berekening van die vierjarige diens sal die aangevulde diens nie bygetel word nie."

6. Na Art. 122 'n nuwe Artiekel: "Die Sinode benoem een lid op elk van die volgende twee Kommissies van die Nederd. Geref. Kerk in Suidafrika, t.w.:—

a) Die Kommissie vir die afneming van die Eksamen vir Kandidate tot die Heilige Diens, en

b) Die Kommissie vir afneming van die Eksamen vir Admissie tot die Theologiese Seminarium.

Die Reis- en Verblyfkoste (Art. 302) van die bogenoemde lede word uit die Sinodale Fonds gedek.

7. Omtrent skrapping van die Normaal Skoolfonds:

a) Die naam van die Normaal Skool fonds word geskrap in

Art. 58 (2) A. 3 f—pag. 25.
Art. 58 (2) B. 3 f—pag. 26.
Art. 63 (23) d.—pag. 32.

b) Art. 124 b. lees: "Daar sal 'n Sinodale Kommissie vir Opvoeding wees."

c) Art. 293 lees i.p.v. "Het Normaal Schoolfonds", die woorde: "Die Voortrekker Gedenkfonds."

8. Art. 105 (2) onverander tot by einde van punt b, lees verder: c. Spoorwegpredikant-salarisfonds (vlg. 163 (2); d. Voortrekker Gedenkfonds.

S. W. van Niekerk, Voors.
J. I. de Wet.
Wm. Nicol, Skrieba.

BYLAGE XI.

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VAN EKSAMINATORE.

Hoog Eerw. Moderator,

Die Kommissie van Eksaminatore wil as volg rapporteer:—

1. Die Kommissie het driemaal vergader.

2. Die Kommissie het in behandeling geneem twee briewe, een van A. J. Vogel van 18 Aug. 1923, en een van T. J. Visser van 26 Sept. 1923. (Sie Bylae), waarin die begeerte uitgespreek word om, na behoorlike voorbereiding, tot sendelinge van die Kerk toegelaat te word. Met die twee genoemde here was daar 'n lang onderhoud om te ondersoek na hulle omstandighede en geleenthede. Aan hulle is geantwoord:—

(a) Dat hulle verwag sal word om die Matrikulasie sertifikaat te verkry, voordat hulle teologiese studies begin;

(b) Dat die Kommissie gereed sal wees om met hulle, na twee jaar studie in die teologie aan die Transvaal Uniwersiteit Kollege te Pretoria, die eksamen volgens Art. 229(a) A. te hou, en

(c) na drie jaar studie die eksamen volgens Art. 229(2) B.

(d) Dat aandklasse onder toesig van die teologiese fakulteit te Pretoria gereken sal word as opleiding van 'n erkende inrigting volgens Art. 229(1)a.

Die goedkeuring van die Hoog Eerw. Sinode word tans hiervoor gevra.

3. Die Kommissie het verder in behandeling geneem korrespondensie van die here van Loggerenberg en Pistorius, studente in die teologie aan die Transvaal Uniwersiteits Kollege (sie Bylae) waarin hulle versoek dat na verkryging van die grade van B.A. en B.D. by die Uniwersiteit van Suid-Afrika, aan hulle die geleentheid gegee sal word om die Eksamen vir Kandidate tot die Heilige Diens by ons Kerk af te lê. Ook met die Here was daar 'n onderhoud. Aan hulle is geantwoord:

(a) Dat die Kommissie geen mag het om 'n Proponents Eksamen te hou nie.

(b) dat 'n aanbeveling, om aan die Kommissie van Eksaminatore opdrag te gee om 'n proponents eksamen te hou, by hierdie Hoog Eerw. vergadering sal gedoen word.

(c) Aan die aspirante is duidlik gemaak, dat die antwoord van die Kommissie die Sinode onder geen verpligting plas nie, en dat die antwoord geen krag het nie, voordat dit deur die Sinode in behandeling geneem is.

Die Kommissie wil nou aanbeveel, dat die voorstel om 'n Proponents Eksamen te hou, in beginsel en voorlopig sal goedgekeur word, en dat dit aan 'n Kommissie sal opgedra word, om, nog gedurende die loop van hierdie vergadering, 'n rapport uit te bring oor die biesonderhede van die eksamen, waarin onder ander die volgende punte behandel sal word:—

(a) Vereistes vir toelating tot die eksamen,

(b) Omvang van die eksamen, en

(c) Samestelling van die eksaminerende Kommissie.

4. Die Kommissie het verder in behandeling geneem briewe van P. F. van Straten, gedateer 2 Okt. 1923 en 8 Okt. 1923, (Sie Bylae), waarin hy versoek, met verbygaan van sommige van die bepalinge van Art. 229, tot die status van sendeling in die Kerk toegelaat te word. Na breedvoerige bespreking met Mnr. van Straten, is aan hom geantwoord:—

(a) Dat die Kommisie gereed sal wees om met hom 'n eksamen volgens Art. 229(2) A: b, c, d, e, te hou;

(b) Dat die eksamen wat in Nov. 1908 met hom gehou is, gereken sal word as kwytskelding vir Art. 229(2)Aa.;

(c) Dat die eksamen mondeling afgeneem sal word;

(d) Dat die Kommissie by die Sinode sal aanbeveel dat dit nie van Mnr. van Straten geëis sal word om aan 'n erkende Inrigting te studeer nie, aangesien hy reeds vóór die invoering van die bepaling in 1916, die eerste keer vir die eksamen ingeskryf het.

(e) Dat die Kommisie, indien die Sinode dit goedkeur, en hy in April 1924 in die eerste deel van die eksamen slaag, gereed sal wees om in die twede helfte van 1925 die eksamen volgens Art. 229(2)B. met hom mondeling te hou.

Omtrent die bowestaande moet die Kommissie verder rapporteer dat Mnr. van Straten in April 1924 sonder goeie gevolg hom vir die genoemde eksamen aangemeld het, en nou verlang om nog 'n poging te maak.

Die Kommissie beveel aan dat die Sinode sal goedkeur:—

punte (a),
(b),
(c),
(d), en besluit by punt
(e) dat as die Kandidaat in die eerste deel van die eksamen slaag, hy na twaalf maande toegelaat sal word tot die twede deel.

5. Op 'n versoek van Ds. G. J. van Zyl, om sy status as predikant van die Kerk te mag behou by sy aftreding met eervolle ontslag van die Gemeente Vergenoeg, het die Kommissie geantwoord, dat die aansoek

nie nodig is nie, daar die status van die genoemde applikant nie deur sy aftreding aangetas is nie. Die Kommissie vra dat dit sal goedgekeur word.

6. 'n Versoek van Ds. E. J. J. van der Horst, om sy status as predikant te mag behou, waar hy afgetree het as Herder en Leraar van die gemeente Makwassie, om die betrekking van Welvaartbeampte op die Regerings Nedersettingswerke by die Hartebeestpoortdam te aanvaar, is toegestaan.

Die Kommissie vra dat dit sal goedgekeur word.

Met toebidding van Gods seën en leiding op die Vergadering,

Lede van die Kommissie van Eksaminatore:

H. S. BOSMAN, Voorsitter.
L. M. KRIEL.
G. J. RUDOLPH.
WM. NICOL,
Skrieba en Aktuarius.

BIJLAGE XII.

RAPPORT IN SAKE DIE ANTI-ASIATE BEWEGING.

Die Hoog Eerw. Moderator.

Hoog Eerw. Heer,

U Kommissie was aangestel om ons Kerk op die „Anti-Asiatic League" te verteenwoordig.

Aangesien bowegenoemde „League" ontbind het net na die sitting van ons laaste Sinode, het U Kommissie niks in die saak kon doen nie.

Dis tog ons voorreg om te mag opmerk, dat die Anti-Asiate Beweging al meer 'n volksaak geword is, en dat besliste wetgewing spoedig verwag mag word.

Graag sou U Kommissie wil aanbeveel:—

1. Dat die Hoog Eerw. Sinode ons Hoog Edele Regering van die steun van ons Kerk vir strenge wetgewing sal verseker.

2. En dat van wege die Raad der Kerke die Hoog Edele Regering ook sal genader word.

3. Dat die Hoog Eerw. Sinode 'n permanente Kommissie sal aanstel om, so nodig, onafhankelik op te tree, en tot diens te wees waar nodig mag wees.

Ons bid vir die seën van die Heer op al U verrigtinge, en het die eer ons te noem,

U dienswillige dienaars in Hem,

H. W. ZIERVOGEL.
B. H. SWART.
W. J. PIENAAR.

Pretoria,
22 April 1925.

BIJLAGE XIII.

EERSTE VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR INWENDIGE SAKE.

Hoog Eerw. Heer,

U Kommissie het die eer as volg te rapporteer oor

Die Rapport van die Sinodale Kommissie vir Arme Blanke (cf. Bijlage XIV):

I. Inleiding.

(a) Veranderinge in Personeel.

U Kommissie beveel aan dat dit vir kennisgewing aangeneem word:

(b) Kwestorskap.—Terwyl dit reeds deur die Sinode afgehandel is, beveel u Kommissie aan dat dit vir kennisgewing aangeneem sal word.

(c) Geldelike Ondersteuning.—Dit is vir u Kommissie duidelik dat die werk van ons Kerk onder onse arme nie kan gestaak word nie, en daarom wil hy aanbeveel dat by ons gemeentes sterk aangedring sal word op ruimer ondersteuning.

(d) Werk van die Staat.—Aanbeveel word dat hiervan met dank en waardering kennis geneem word.

II. Koshuis Delagersdrift.

Aanbeveel word dat hiervan met dank kennis geneem word, en dat ons kerk in die toekoms meer sy aandag aan die soort van werk sal wy.

III. Langlaagte Kindertehuis.

U Kommissie beveel aan dat die punt met innige dank en waardering aan die S.K.A.B. aangeneem word

vir kennisgewing. Ook wil u Kommissie, terwyl die punt onder bespreking is, aanbeveel, op versoek van die S.K.-A.B., dat 'n Verslag van die Kindertehuis, lopende oor die laaste drie jaar, sal gelees word.

IV. Kinderhawe op Observatory.—Aanbeveel word dat hiervan met dank kennis sal geneem word.

V. Inrigtinge vir verwaarloosde kinders in Westelik en Noordelik Transvaal.—Met belangstelling het u Kommissie kennis geneem van die goeie werk deur die Staat aanvaar en wil die hoop uitspreek dat spoedig die inrigtinge tot stand sal gebring word. Ook die punt word vir kennisgewing aangeneem.

VI. Skoolgebou Lagersdrift.—Aanbeveel word, dat hiervan met dank kennis geneem word.

VII. Landbou Skool Delagersdrift.—U Kommissie beveel aan dat die punt goedgekeur word.

Wat die onderwys in ambagte aangaan kan met dank kennis geneem word van die veelsydige ontwikkeling van die kinders. U Kommissie wil aanbeveel dat die Kerk hom meer daarop moet toelê om sy invloed te gebruik om industriële Skole opgerig te kry.

VIII. Geestelik Werk aan veragterde Geloofsgenote.—Ons wil aanbeveel, dat met opregte dank aan die genoemde persone en aan die Transvaalse Vroue Sending, hiervan kennis sal geneem word.

IX. Armblanke Dag.—Aanbeveel word dat die punt goedgekeur sal word.

X. Rapport Kommissie oor Werkloosheid.—Met belangstelling en dank het u Kommissie verneem, dat hoewel die ou regering nie geneë was wetgewing in verband met werkkolonies te passeer, die nuwe regering reeds 'n proefkolonie ingestel het; en 'n konsepwet vir Werkkolonies voor die Volksraad is. Ook is uit die Volkspetiesie gebore die aanstelling van 'n Arbeidsraad. Veel dank is verskuldig aan die sekretaris Ds. Fick waar dit aan sy toedoen te danke is, dat die petiesie weer onder die aandag van die Parlement gebring is. Aanbeveel word dat hiervan met dank kennis geneem word.

XI. Voortbestaan van Sin. Kom. Arme Blanke.—U Kommissie beveel aan :—

(a) Dat dit goedgekeur sal word, dat die S.K.A.B. sal bly voortbestaan.

(b) Dat wat die sekretariaat betref die punt nie goedgekeur sal word, maar 'n volletyds amptenaar by die ewentuële aftreding van Ds. Fick weer sal aangestel word.

XII. Finansiëel Verslag.—Slegs 18 gemeentes het gehoor gegee aan die oproep om 'n Arm-Blanke Dag te hou, en 'n kollekte vir die doel te neem. Met leedwese worde hiervan kennis geneem.

Hopende hiermee aan ons eerste opdrag voldaan te hê, noem ons ons met verskuldigde eerbied,

U Dw. Dnr. en Brs. in die Heer,
J. W. G. Strasheim, Voorsitter.
(met voorbehoud op punt XI (b).
W. R. Joyce.
S. S. Terblanche.
G. F. v. d. Merwe.
J. P. v. d. Merwe.
T. D. Potgieter.
J. H. M. Stofberg, Skrieba.

TWEDE VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR INWENDIGE SAKE.

HoogEerw. Heer,

U Kommissie het die eer as volg te rapporteer —

I. Rapport Kommissie vir Nedersettings. (Cf. Bylae XVI.)

1. Algemeen.

(a) Bydrae van die Ringe.—Die sekretaris van die Kommissie vir Arme Blanke het gerapporteer, dat die 7 Ringe 'n jaarlikse bydrae van £1400 beloof het.

Bowedien is daar 'n ernstige oproep deur die Hoog Eerw. Moderator, die Voorsitter van die Nedersettings Kommissie, en die Skrieba van dieselfde Kommissie, gedaan, om beter en milder bydrae, dog byna tevergeefs. Sie punte 3 (c) en 8 (a). U Kommissie beveel aan dat die Ringe hul beloftes sal nakom.

(b) Teenspoedige jare.—Met innige simpatie worde hiervan kennis geneem.

(c) Tug.—Meegedeel word, dat die Minister van Lande beloof het om wetgewing in verband met tug voor te stel.

Aanbeveel word dat die nu-te-worde-gekose S.K.-A.B. by die Regering op wetgewing sal aandring.

(d) Geestelike Bearbeiding. Aanbeveel word om 'n geestelike arbeider vir die Nedersetting aan te stel. Dra die Ringe volgens belofte by dan kan sy salaris uit die bydraes gevind word.

2. Onderhandeling met Regering.

(a) Finansiële Steun.—Met blydskap het u kommissie daarvan kennis geneem, dat die Regering goedgunstiglik £1000 geleen het om die werk daar voort te sit. Aanbeveel word dat hiervan met dank kennis geneem word.

(b) Tug.—Hiervan is reeds melding gemaak onder punt 1 (c).

(c) Aanbeveel word dat daar met dank kennis geneem word, dat die Regering aan die Nedersetters kroongronde sal gee, en hulle die voorkeur skenk bo ander applikante. Ook word aanbeveel, dat ernstig daarop sal aangedring word.

(d) U Kommissie kan meedeel, dat Spoorweglorries, tot vervoer van middels, reeds loop.

3. Finansies.

(a) Die **Nedersetting** self. Aanbeveel word dat die £450 jare gelede geleen van die Sinodale Kommissie sal afgeskrywe word.

(b) Koloniste. Aanbeveel word, dat aan die nuwe kommissie opgedra sal word, om by die Regering aan te dring op 'n rewaluasie van die goedere deur die koloniste aangekoop, sodat die regeringsskulde kan verminder word.

Ook word aanbeveel, dat die skulde aan die kommissie vir Nedersettings sal verminder word met twee derdes daarvan. Kennis word geneem, dat die boeke behoorlik geouditeer word.

4. Personeel.—Met dank word kennis geneem en goedgekeur die handelwyse van die Kommissie.

Pensioen.—Aanbeveel word, dat aan die weduwee I. W. van Wyk 'n vrye woning, en £50 p.j. vir die tydperk van vyf jaar sal gegee word.

Superintendent.—Hier word met waardering van kennis geneem.

5. Koloniste.—Aanbeveel vir kennisgewing.

6. Gesondheid.—Aanbeveel dat met dank kennis geneem word

7. Winkel.—Ook hiervan wordt met dank kennis geneem.

8. (a) en **(b). Bydraes en Geestelike Bearbeiding.** Reeds behandel. **(c) Minerale Regte.**—Dit word deur die Kom. aanbeveel.

II. Petiesie van 85 Nedersetters van Lagersdrift.

1. Oormaak v. Nedersetting aan die Regering.—U kommissie kan dit nie aanbeveel nie.

2. Verkoop van Persele aan Nedersetters.—U Kommissie kan dit ook nie aanbeveel. Die Nedersetters kan die rente van £250 nie eers opbring nie. Die persele sal groter moet wees, tenminste 16 morge. Dit sal beteken, dat 75 famielies van die Nedersetting sal moet weggaan.

3. Kommissie van Ondersoek.—U Kommissie het van die voorsitter en skrieba van die Nedersettings Kommissie verneem, dat hulle na die griewe ondersoek ingestel het, en die nedersetters beloof het om die griewe sover moontlik uit die weg te ruim. Derhalwe kan u Kommissie ook dit nie aanbeveel.

III. Beskrywingspunt re Wonings van Spoorweg-arbeiders.

U Kommissie beveel aan, dat die beskrywingspunt aangeneem word, en dat as model sal dien die Spoorweg wonings op die Springs-Bethal lyn, op Toevluchtstasie.

Hiermee hopende aan ons opdrag voldaan te hê.

U Dw. Dnr. en Brs.
J. W. G. Strasheim, Voorsitter.
J. F. le Clus.
W. R. Joyce.
J. P. v. d. Merwe.
G. F. v. d. Merwe.
S. S. Terblanche.
T. D. Potgieter.
J. M. Stofberg, Skrieba.

BIJLAGE XIV.

RAPPORT VAN DE SYNODALE KOMMISSIE VOOR ARM-BLANKEN.

HoogEerw. Heer,

Uw Kommissie, zooals aangesteld door de Synodale Vergadering van 1922, heeft de volgende veranderingen in haar personeel ondergaan: In de plaats van Ds. H. J. de Vos, die vertrokken is naar Natal, is aangesteld Ds. J. I. de Wet van Volksrust als vertegenwoordiger van

den Ring van Utrecht; en in de plaats van Ds. P. van der Hoven, die naar de gemeente Eendracht vertrokken is, is aangesteld Ds. Paul Nel van Ermelo, als vertegenwoordiger van den Ring van Lydenburg. Daar Ds. E. J. J. van der Horst vertegenwoordiger van den Ring van Potchefstroom op de Kommissie de betrekking van Hoofd Welvaartsbeambte op een van de Nederzettingen te Hartebeestpoort heeft aangenomen, heeft hij bedankt als lid, en als Voorzitter van de Kommissie. Daar de Synodale zitting op handen was, heeft de Kommissie niet de Synodale Kommissie gevraagd de vakature alzoo ontstaan op te vullen.

Op verzoek van de Synodale Kommissie, dat de geldelike Administratie der Kommissie moest overgemaakt worden aan iemand anders, daar de Sekretaris der Kommissie Ds. M. L. Fick, die vroeger belast was met het werk, gekozen werd tot Parlementslid, werd Ds. Wm. Nicol, Quaestor Slnodi, gevraagd om dit werk op zich te nemen en heeft hij aan ons verzoek voldaan.

Wegens de zware tijden doorgemaakt sedert de laatste Synodale vergadering kon uw Kommissie niet veel doen, daar de inkomsten aanmerkelik hebben afgenomen. Toch was het bestaan uwer Kommissie te rechtvaardigen, aangezien het Arm-blanke vraagstuk al ernstiger is geworden, en het aandeel door onze Kerk genomen aan de pogingen tot oplossing daarvan met vrucht is bekroond geworden, beide wat de opheffing van het zinkend deel van ons volk betreft, en ook wat betreft de handhaving van het prestige onzer Kerk.

Het aantal Arm-Blanken in ons land is sedert onze laatste Synodale zitting toegenomen. Maar ook is toegenomen de algemene publieke belangstelling in het opheffen van onze gezonkenen. De Staat vat de zaak met meer ernst nu op dan ooit te voren, en het aantal dat gered word groeit ook steeds aan, en daartoe heeft onze Kerk direkt en indirekt veel bijgedragen, al kon zij direkt niet alles doen wat zij gaarne wou doen.

Het Kosthuis te Delagersdrift met zijn 100 kinderen ongeveer, die allen tot de verwaarloosde klassen behoren, doet nog goed werk onder toezicht van den heer Thos. McDonald, Hoofdonderwijzer aldaar, en zijn gade als matrone, met eenige toegewijde werkers en werksters. Het onderhoud van £1.10.0 per maand per kind en de huurgelden van de gebouwen, door de Administratie van de Transvaal betaald, dekken de kosten van verzorging der kinderen, hetwelk op £200 per maand

te staan komt. Dit is mogelijk omdat de inrichting hare eigen groentetuinen heeft, en ook nog een deel van de gronden met koren bezaait; en ook omdat de kinderen in de inrichting veel helpen met het werk in verband ermede.

Dat de verwaarloozing diep wortel heeft gevat bij het zinkend deel van ons volk blijkt uit de kinderen die opgenomen worden in onze inrichting. Het neemt een geruimen tijd voor zulke kinderen om recht te komen, vooral als zij reeds over de twaalf jaren zijn bij de opneming. In het begin geeft meer dan een kind de indruk van verstandelijke minderwaardigheid, en later blijkt het maar al te zeer dat het niets anders is dan gebrek aan behoorlijke lichamelijke verzorging. Er zijn al kostbare talenten op die wijze ontdekt geworden. Nooit kan de behoorlike verzorging van onze verwaarloosde kinderen, lichamelijk, verstandelijk, zedelijk en geestelijk, overschat worden in de poging om het Arm-Blanken-vraagstuk op te lossen. En om dit naar de eischen van onze huidige toestanden te doen, moet het werk dat vandaag in onze inrichtingen voor verwaarloosde kinderen gedaan wordt, minstens verdubbeld worden. Goddank! dit wordt ingezien en met macht wordt er, ook door den Staat, in deze richting gewerkt.

Langlaagte Kindertehuis.—Aan deze inrichting heeft uw Kommissie in Augustus 1922 £3,000 gegeven voor de verdere uitbreiding van het werk aldaar en op 5 Februari l.l. heeft de Kommissie het bestuur van die inrichting een bewijs voor goed gekocht door het bestuur van de Kommissie ter waarde van £1620.16.5. kwijtgescholden.

Kinderhaven te Obeservatory.—Aan deze inrichting werd ook door uw Kommissie inAugustus 1922 £120 gegeven.

Inrichtingen voor verwaarloosde Kinderen in Westelijk en Noordelijk Transvaal.—Hiermede is uw Kommissie nog bezig, en heeft zij de beste verwachting dat de Regering nu hare ernstige aandacht wijdt aan deze zaak. Onze Secretaris bericht ons dat het Departement van Arbeid reeds een Commissie heeft aangesteld om de toestanden op de Westelijk Transvaal Alluviale Diamantdelverijen te onderzoeken, en dat deze Commissie reeds rapport heeft uitgebracht en o.a. heeft aanbevolen dat er zulke inrichtingen met het oog op verwaarloosde kinderen op onze delverijen dienen tot stand gebracht te

worden; en dat gemelde Departement deze zaak in handen heeft genomen.

Schoolgebouw te Delagersdrift.—Het deel aangebracht aan het Schoolgebouw te Delagersdrift door uw Commissie, waarover bij de laatste Synodale zitting werd gerapporteerd, is reeds in 1922 overgenomen door de Provinciale Administratie, en werd het volle bedrag door de Commissie besteed aan het werk terugbetaald.

Landbouwschool te Delagersdrift.—Uw Commissie heeft, in overeenkomst met de Provinciale Administratie, ondernomen om de nodige gebouwen voor een Landbouwschool te Delagersdrift op te richten en om de noodige gronden in verband er mede te krijgen. Zullende de Administratie alle geldelijke verplichtingen in dit verband van de Commissie overnemen bij voltooiing van de gebouwen. De Landbouwschool is reeds begin van dit jaar geopend, hoewel al de buitengebouwen nog niet voltooid zijn. Het geheele werk zal ten uiterste op £1000 te staan komen.

De Commissie moest tot deze stap overgaan omdat er anders geen kans was om de Landbouwschool, die zoo noodzakelijk is, nu al te krijgen, aangezien de Kommissie voor minstens 50 pct. minder kan bouwen dan de Administratie, en de Administratie niet bereid was om een al te groote som beschikbaar te stellen voor het werk.

Het Landbouwonderwijs zal een deel uitmaken van den gewonen schoolcursus en heeft ten doel om jongens, die lust en aanleg er toe hebben, op te leiden in de boerderij, zoodat zij later met de boerderij een bestaan kunnen maken, hetzij op hun eigen of onder een practische boer die hen kan voorthelpen. Uw Commissie is overtuigd dat de eenzijdigheid van ons onderwijsstelsel tot hiertoe te veel heeft geleid om onze kinderen naar de dorpen en steden te drijven.

Het plan is ook om dadelijk met ambachtsonderwijs te Delagersdrift te beginnen. De gebouwen voor dit doel staan reeds daar. Reeds wordt geadverteerd voor een ambachtsonderwijzer. Vooreerst zal begonnen worden met de wagenmakerij en gewoon hout- en ijzerwerk. Behalve de kinderen die een ambacht bij hunne gewone schoolvakken nemen, zullen allen die voor landbouw ingaan ook iets moeten doen aan hout- en ijzerwerk.

Voor de meisjes is reeds voorziening gemaakt voor naaldwerk. Stappen worden gedaan om huishoudklassen in te voeren. Een breimachine is aangekocht en een persoon is benoemd om voor een tijdje aan de meisjes onderricht te geven in dit vak. Ettelijke meisjes zijn reeds met dit werk bezig. Dit werk is in verband met het Kosthuis alleen, daar de Provinciale Administratie nog niet zijn weg openziet nu het vak al in te voeren in de school. Alles dat vervaardigd wordt in de lijn van breiwerk behoort dus aan de inrichting.

De Landbouwschool zal ook als een soort van Proefstatie dienen voor de kolonisten te Delagersdirft en anderen in de omgeving. En dit, met de reorganisatie van de Nederzetting die nu gemaakt is, en de geregelde geldelijke ondersteuning die wij nu van de Regeering kunnen verwachten, en de verdere bijdragen van onze Kerk, behoort genoegzaam waarborg te wezen dat onze Nederzetting te Delagersdrift een nieuw tijdperk van bloei en wasdom heeft bereikt.

Geestelijk werk aan verachterde Geloofsgenooten.—Op de Westelijk Transvaal Diamantdelverijen, waar negen-tiende van de alluviale delverijen in ons land zijn, en waar de toestanden beide tijdelijk en geestelijk veel te wenschen overlaten, kon onze Commissie met behulp van het geld te harer beschikking uit het Spoorwegbearbeidingsfonds gesteld, voor een paar maanden de diensten krijgen van Ds. E. C. Anderssen om het het werk op de delverijen in de gemeente Makwassie te helpen. Zoo werd Ds. L. P. Snijman gekregen om met het werk op de delverijen te Schweizer-Reneke te helpen. En zoo werd Dr. L. P. Snijman gekregen om met het werk op het Lichtenburgsche te helpen. Voor de rest werd het werk door de Leeraren van betrokkene gemeenten met groote opoffering gedaan.

De Kommissie kan niet nalaten om met grote waardering melding te maken dat de Transvaalsche Vrouwenzendingvereeniging, Mej. Groenewald heeft gekregen om geestelijk werk op de delverijen te doen. Wij hebben de beste bewijzen dat het werk van deze zuster met veel zegen werd bekroond, en betuigen ook langs dezen weg onze dankbaarheid jegens gemelde Zending Vereeniging voor de hulp goedgunstiglijk in deze verleend.

Op de Onderstandswerken, vooral te Hartebeestpoort, werden de diensten, behalve door de Leeraren van Krokodilrivier en Magaliesberg, in wier gemeenten de

werken vallen, ook door bezoekende Leeraren van andere gemeenten gehouden. Gedurende het laatste jaar reeds zijn al de kampen op de gemelde onderstandswerken verschoven binnen de gemeente van Krokodilrivier en had de Leeraar van deze gemeente het leeuwenaandeel van 't werk te verrichten.

Op al de andere onderstandswerken waren de plaatselijke Leeraren alleen met het werk belast. Zoo was het ook met de alluviale diamant-delverijen in de gemeente Premier Mijn. Aan al die Leeraren betuigen wij hiermede onze dank voor het extrawerk alzoo gedaan tot heil van ons volk.

Het is zeker ook noemenswaard dat op de delverijen en onderstandswerken er altijd vrijwilligers onder onze menschen waren die ijverig en getrouw hebben geholpen om, in afwesigheid van Leeraars, de diensten te leiden, en te helpen met biduren, Zondagscholen en catechisatieklassen. Aan deze broeders en zusters betuigen wij ook onzen dank voor hunne diensten.

Al dit geestelijk werk heeft zekerlijk gediend, om de stroom van dwaalleer, die zich vooral op zulke plaatsen laat gelden, tegen te werken en onze menschen op het spoor der vaderen te houden.

Arm-blanken Dag.—Uw Commissie heeft een verzoek aan al onze Kerkeraden door middel van de Ringen gericht om zoo een dag binnen hunne respectieve ressorten te houden, om op zoo een dag de gemeenten te onderhouden in zake de Arm-blankenkwestie, en te collecteeren voor de zaak. Van 17 gemeenten hebbn wij bericht ontvangen dat aan ons verzoek voldaan is. De som van £177.14.3 is bij die gelegenheden gecollecteerd geworden. Gaarne zien wij dat de Hoog Eerw. Synode zoo een dag aanbevele voor onze gemeenten om elk jaar gehouden te worden. —Zie bijlage A.

Rapport Commissie over Werkloosheid.—Ingevolge besluit van de HoogEerw. Synode van 1922 in zake het Tweede Interim Rapport van de commissie over Werkloosheid (vide Pag. 73 gedrukte Notulen) werd er een opwachting gemaakt bij de HoogEd. Regering in Kaapstad begin Maart 1923 door afgevaardigden van onze Commissie en de Commissiën van de Kerken in de Kaap Provincie en de Oranje Vrijstaat, waarbij de Regeering zich onwillig heeft verklaard om Werkkolonies te stichten. Voor Proefkolonies en de uitbreiding van Nederzettingen heeft de Regeering zich uitgesproken, maar werd

aan de deputatie door de toenmalige Eerste Minister te verstaan gegeven dat zoodanig werk, als Nederzettingen niet thuis behoort bij de Kerk. Wat de uitbreiding van industriele scholen betreft werd de deputatie naar de Provinciale Administraties verwezen.

De kwestie van kompetitie tussen kleurling en blanke in de arbeidswereld werd bij de bespreking gelaten.

Deze ontvangst heeft uw Kommissie toen genoopt om in zijn vergadering van Maart 15, 1923, als volgt e besluiten:—

"De Vergadering besluit dat het haar mening is dat de stichting van Nederzettingen, Proefkolonies en Strafkolonies bij de Regering berust, die moet zorgen voor de nodige gronden, gebouwen, trekvee en gereedschap waar nodig, de administratie en opvoeding; en dat de Kerk moet erkend worden wat de geestelike arbeid op zulke plaatsen betreft."

Het standpunt uitgesproken door de toenmalige Eerste Minister in dezen was grotendeels oorzaak dat de bijdragen der Kerk voor de instandhouding van onze Nederzetting groteliks hebben afgenomen. En dit weer was oorzaak dat er al onderhandelingen aan de gang waren om onze Nederzetting over te maken aan de Regering.

Maar daarbij heeft uwe Kommissie het niet gelaten. Op 5 en 6 Julie 1923 werd er een gezamentlik Kerkelik Kongres gehouden te Bloemfontein, O.V.S. over het Arm-blanken vraagstuk, toen o.a. weer werd aangedrongen op de handhaving van het Twede Interim Rapport van de Kommisie over de Werkloosheid. De besluiten van het Kongres werden onder de aandacht van de Regering gebracht te Pretoria bij wijze van een deputatie, maar verder dan een diskussie ervan is het niet gekomen.

Op 14 November 1923 is op voorslag van de Rings Kommissie voor Arm-blanken van de Ring van Johannesburg in samenwerking met uw Kommissie, een Konferentie gehouden van belanghebbenden in de zaak te Johannesburg, waar toen weer o.a. werd besloten om bij de Regering aan te dringen op de uitvoering van gemelde Rapport van de Kommissie over Werkloosheid. Andermaal is toen een deputatie naar de Regering te Pretoria gegaan met hetzelfde gevolg.

Van bovengenoemd Kongres te Bloemfontein is een Volkspetitie uitgegaan naar het Parlement vragende om de uitvoering van gemeld Rapport van de Kommissie

over Werkloosheid en de aanstelling van een Statuaire Raad in zake de Arm-Blanken kwestie. Deze petitie werd getekend door 60,471 personen in de Unie.

Bij de Parlementszitting van Februarie 1924 werd de petitie ingediend, maar niets is ermeer gedaan, waarschijnlik om dat die zitting zo onverwachts ten einde is gekomen.

Volgens de regels van het Parement was er maar een van twee wegen open om de Petitie onder de aandacht van de Regering te brengen, óf een nieuwe Petitie moest worden ingediend, óf spesiaal verlof moest verkregen worden om de oude Petitie weer voor te brengen. Goedgunstiglik werd dit laatste toegestaan, en op 12 Augustus 1924 werd een motie ingediend door het lid voor Potchefstroom vragende dat de Petitie naar de Regering verwezen worde ter overweging. Dadelik heeft de Minister voor Arbeid ,onder wie de Arm-blanken kwestie eigenlik valt, de motie aanvaard en beloofd dat hij, zover in zijn vermogen is, het twede interim rapport van de Kommissie over Werkloosheid zal uitvoeren. De motie werd, volgens inlichting van onze Sekretaris, met groot belangstelling en sympathie besproken. De positie van dag is dat gemelde Interim Rapport, waarover de Petitie voormeld loopt, grotendeels wordt uitgevoerd. Nederzettingen worden op een groot schaal uitgebreid. Proefkolonies zijn in werking te Hartebeestpoort. Een nieuw concept voor werkkolonies is reeds ongetrokken en geniet de ernstige overweging van de Regering. Een Adviserende Raad voor Arbeid is reeds aangesteld.

De Hoog Eerw. Vergadering zal zien wat wij bedoeld hebben door te melden in het begin van dit Rapport dat de Kerk indirekt veel heeft bijgedragen tot de redding van het zinkend deel van ons volk, want de aanbeveling der Kommissie over Werkloosheid waarover de gemelde Volkspetitie loopt is door afgevaardigden van de Kerk aan de hand gegeven, en het is ook door toedoen van uw Kommissie dat de uitvoering van dit Rapport zover is gekomen.

De vraag wordt wel gedaan of er nog behoefte bestaat aan een S.K.A.B., omdat de Staat feitelik nu alles wat er mogelik gedaan kan worden voor de opheffing onzer armen doet. Wij zijn echter overtuigd dat onze Kerk moet blijven aangaan met het werk en een staande Kommissie daarvoor moet aanhouden. Wat het Sekretariaat van de Kommissie betreft is het wenselik dat als de diensttijd van de huidige Sekretaris verstre-

ken is, zoals nu geregeld is met hem, de nieuwe Kommissie een uit haar midden sal aanstellen om het sekretariaat op zich te nemen tegen een honorarium dat van tijd tot tijd bepaald kan worden.

Aangehecht is de geldelijke staat der Kommissie. Zie Bylage B.

De Hoog Eerw. Synode Gods rijksten zegen toebiddende op haar verdere werkzaamheden noemen wij ons van de Synode de

Dienstwillige Dienaren,

Leden der Kommissie.

N. H. C. DE J. THEUNISSEN, Voorz.
PAUL NEL.
C. A. NEETHLING.
J. D. ROOS.
J. H. M. STOFBERG.
J. I. DE WET.
M. L. FICK, Sek.

Kaapstad, April 7, 1925.

BIJLAGE A.

SINODALE KOMMISSIE VIR ARME BLANKE.
LYS VAN INKOMSTE IN VERBAND MET A. B. DAG.

Daspoort	£9	11	10
Klerksdorp	7	12	1
Hartebeestfontein	8	16	7
Utrecht	20	4	0
Premiermijn	12	15	0
Middelburg	10	0	0
Louis Trichardt	12	16	8
Lydenburg	19	14	9
Belfast	5	1	0
Makwassie	8	17	6
Benoni	5	4	4
Volksrust	6	4	3
Lydenburg	12	6	0
Coligny	10	0	0
Hendrina	10	3	6
Schweizer Reneke	14	2	6
Christiana	4	4	3
	£177	14	3

BIJLAGE B.

STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWE VAN DIE ARME BLANKE FONDS OOR DIE MAANDE: 1 JANUARIE 1922 TOT 28 FEBRUARIE 1925.

	Inkomste. £	s.	d.	Uitgawe. £	s.	d.
Voordelige Balans in Standard Bank op 1 Jan. 1922	3,168	10	3			
Langlaagte Kindertehuis ...	140	7	9	3,266	15	8
Nedersettingsfonds	45	17	1	48	6	1
Spesiale Fondse	32	9	0	60	1	0
Bearbeiding van Delwers ...	199	10	4	202	4	0
Kinderhawe	12	19	6	120	0	0
Salaris Sekretaris	100	0	0	1,530	6	0
Reiskoste (dit sluit in van die Sekretaris £255.6,8	11	12	6	613	6	10
Rekening onkoste (waarin vir ouditeur £98.10.0)				106	17	0
Rente van Prowinsiale Regering op Kosthuis en grond	3,380	3	2			
Skryfbehoeftes				68	3	9
Drukwerk	34	7	0	99	3	3
Bou van Kosthuis—finale paaiemente				2,626	7	0
Bou van skool (finale paaiemente en verkoop aan Prowl. Regering)	4,265	17	10	1,592	4	0
Meubels	549	13	6	247	18	6
Klerasie				68	15	0
Onderhoud van Koshuis ...	4,947	18	6	7,505	12	0
Assuransie op Koshuis ...				119	9	1
Bou van Landbouskool—sekere paaiemente				870	0	0
Wese en Verwaarloosde Kindere	1,904	2	11			
Fonds (waarin van kollekte A. B. Dag van 18 Gemeentes £179.4.3) Rente op Oortrekking				16	3	6
Nadelige Balans op 28 Feb .1025	367	4	2			
	19,160	12	8	19,160	12	8

WM. NICOL,
Quaestor Synodi.

Kaapstad, April 7, 1925.

BIJLAGE XV.

RAPPORT VAN DE KOMMISSIE VOOR VERBETERING EN VERMEERDERING VAN ZANGWIJZEN.

Voorgelegd aan de Hoog Eerw. Synode der Ned. Herv. of Geref. Kerk van Zuid Afrika zitting houdende te Pretoria op April 22, 1925 en volgende dagen.

Hoog Eerw. Heer,

De ondergeteekende heeft het volgende te rapporteeren:—

De eenige vergadering van de gezamentlijke Kommissieën der gefedereerde Kerken in zake de Verbetering en Vermeerdering van Zangwijzen, die sedert de laaste Synodale Vergadering werd gehouden was op 14 Januarie l.l. in Kaapstad waarbij de ondergeteekende ook tegenwoordig was.

Die vergadering was niet bedoeld om nieuwe zangwijzen te behandelen, maar om te bespreken hoe te handelen ten opzichte van de overige verbeterbare wijzen, en wat om te doen inzake het overzetten van onzen Zangbundel in Afrikaansch.

Het is gebleken bij de Vergadering dat al de gefedereerde Kerken ten gunste zijn van het overzetten van Psalmen en Gezangen in onze Volkstaal.

Besloten werd om handelend op te treden in zake de overige ongeveer 40 onzingbare wijzen en tegelijker tijd ook het overzetten in Afrikaansch in handen te nemen en om dan D.V. 30 September aanstaande bij een te komen om de ingekomen nieuwe wijzen te behandelen en ook de proeven van overzetting in Afrikaansch die in handen mogen zijn.

Verder werd besloten om ditmaal aleen gebruik te maken van de diensten van Zuid Afrikaansche musici voor het vervaardigen van nieuwe wijzen.

Onder onze aandacht zijn gekomen ettelike vertaalde Psalmen en Gezangen uit de hand van Dr. J. D. du Toit van de Gereformeerde Kerk, Senator Langenhoven. en Ds. G. B. A. Gerdener, Predikant van Wakkerstroom tezamen met de Heer P. Louw. De vergadering is niet naauwkeurig in deze proeven gegaan, maar besloten werd om deze vrijwillige vertalers de verzekering te geven dat hunne pogingen hoog op prijs worden gesteld door de Kommissie, en hen en ook anderen te verzoeken

om de Kommissie verder te helpen in dit belangrijk werk.

Van sommige van deze proefvertalingen heeft Professor Jannasch de muziek omgewerkt om te passen bij de versmaat. Onze musici zullen ook gevraagd worden om dadelik met dit werk aan te gaan en hunne proeven voor de Kommissie te leggen in September aanstaande.

LIEDERENBUNDEL IN AFRIKAANSCH.

Tegelijkertijd met de Vergadering hierboven genoemd waren afgevaardigden van de Zusterkerken in zake een Liederenbundel in Afrikaansch bijeen, zooals begeerd werd door onze Synode van 1916 (vide pg. 87 lijn 7 der gedrukte notulen), en waarvan ook gewag gemaakt werd bij de Synode van 1919 (vide pg. 125e., en ook pg. 15 onder Liederenbundel der gedrukte notulen). Ondergeteekende werd toen gevraagd om deel te nemen aan deze Vergadering, hetwelk hij ook onofficiëel heeft gedaan, daar hij geen opdracht van zijn Synode had om in verband met deze zaak op te treden.

Bij de Vergadering was ook tegenwoordig Ds. A. G. du Toit, Sekretaris van de Zuid-Afrikaansche Bijbelvereeniging, die opdracht van zijn Kommissie had om saam te werken in deze. Besloten werd toen om de Kommissie van de Bijbelvereeniging te vragen om proefbijdragen met wijzen van Liederen overgezet in Afrikaansch tot zoo een Liederenbundel in te winnen, en om zooveel mogelik gebruik te maken van de Hallelujah Bundel, en dan die proeven op 2 Okt. aanst. voor de desbetreffende Kommissieen der Kerken te leggen voor behandeling.

Ondergeteekende werd verzocht deze zaak ter overweging van deze Synodale Vergadering te brengen, hetwelk hij mits deze bescheidenlik doet.

De Hoog Eerw. Vergadering Gods rijksten zegen toebiddende op hare verdere verrichtingen noemen wij ons van de Vergadering.

De Dw. Dienaar,

M. L. FICK.

Potchefstroom, Feb. 9, 1925.

BIJLAGE XVI.

RAPPORT VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR NEDERSETTINGE.

Hoog Eerw. Voorsitter en B.B.,

U Kommissie het die eer die volgende te rapporteer oor die werksaamhede in verband met die Nedersetting te De Lagersdrift gedurende die laaste drie jare.

1. **Algemeen.**—Met die Nedersetting het dit gedurende die laaste drie jaar nie so goed gegaan as ons gehoop het nie. Dit het nie alleen op tydelik gebied sleg gegaan nie maar ook op geestelik gebied het die toestand nie verbeter nie.

Die oorsake waaraan die ongunstige posiesie te wyte is, is—

- a. Ongenoegsame ondersteuning van die kant van die meeste Ringe van onse Kerk;
- b. Drie baie ongunstige en teëspoedige jare agtermekaar waardeur die Koloniste verskriklik veel skade gely het en sommige selfs so agteruit geboer het, dat aan hulle saad en voedsel moes uitgedeel word;
- c. Ongenoegsame middele om tug uit te oefen; en
- d. Onvoldoende geestelike bearbeiding.

2. **Onderhandeling met Regering.**—Die toestand het vir u kommissie so moeilik geword dat hy die Hoog Eerw. Sinodale Kommissie genader het met die versoek om die Nedersetting aan die Hoog Ed. Regering oor te gee, omdat u kommissie al dieper en dieper in die skuld gekom het.

Na langdurige onderhandeling met die Regering het ons die belofte gekry dat die Regering sy bes sou doen om so spoedig doenlik die Kerk tegemoet te kom, deur—

- a. Meer finansiële steun,
- b. Daarstelling van wetgewing tot verbetering van die tug op die Nedersetting,
- c. Om 'n Nedersetter, met aanbeveling van die Administrasie van die Nedersetting as 'n geskikte persoon te beskou, aan wie beskikbare kroongronde kan oorgemaak word, en
- d. Om betere fasiliteite vir die vervoer van produkte vir die Nedersetters daar te stel.

3. **Finansieël.**

a. **Die Nedersetting self.**—Die geldelike posiesie van die Nedersetting op die oomblik is as volg:

Krediet—

Kontant in hande tot 31st Maart 1925	£600	0	0
Debiet—			
Skuld aan die Regering ...	£1124	0	0
Skuld aan Mevr. van Wyk	400	0	0
Skuld aan Sinodale Komm.	450	0	0

b. **Die Koloniste.**—

Krediet	£37	2	2
Debiet Skuld aan Regering.. ...	£8310	0	0
Skuld aan Nedersetting ...	1193	4	7
Skuld aan Winkel	895	7	5

Die boeke van die Nedersetting, die Winkel en die Kwestor van u kommissie word jaarliks deur 'n daartoe bevoegde persoon behoorlik geouditeer.

c. **Bydrae** van die verskillende Ringe gedurende die laaste drie jaar:—

Ring van Potchefstroom	£221	8	9
,, Rustenburg	240	19	3
,, Lydenburg	390	12	11
,, Utrecht	337	15	8
,, Heidelberg	417	7	0
,, Zeerust	261	17	3
,, Johannesburg	352	18	3

Dit is tesame £2222-19-9 en gemiddel £740-19-11 per jaar, waar u kommissie £1400 per jaar gevra en verwag het om die werk behoorlik te kan doen.

4. **Personeel.**—Deur swakheid en ouderdom is Mnr. I. v. Wyk genoodsaak gewees om sy betrekking as Superintendent neer te lê, nadat hy vir byna 17 jaar lank met liggaam en siel hom aan die werk op die Nedersetting gewy het. Graag wil u Kommissie sy grote waardering uitspreek teenoor die Heer van Wyk vir alles wat hy vir die Nedersetting gedaan en gewees het.

As pensione is aan hom toegeken £100 per jaar vir vyf jaar, met vrye woning.

U Kommissie het toe besluit, ook op aandrang van die H.Ed. Regering, om die Administrasie van die Nedersetting te reorganiseer en het applikasies gevra vir die poste van Superintendent en Boekhouer-Sekretaris.

Uit 130 applikasies is Mnr. P. J. Verster, Bestierder van Langlaagte Weeshuis plaas "Moria," as Superintendent, en uit 80 applikasies, Meneer F. J. van Heerden boekhouer van die Nedersettings Winkel gekies as Boekhouer-Sekretaris.

5. **Koloniste.**—Die getal van die koloniste op die Nedersetting is op die oomblik 114 wat 'n sieletal van 609 verteenwoordig. Al die persele is gevul en die meeste word veel beter bewerk dan vroër, hoewel sommige te traag is om te doen wat hulle kan en behoort te doen om hulle grond meer winsgewend te maak.

6. **Gesondheid.**—Met die gesondheids toestand op die Nedersetting gaan dit veel beter dan vroër. Dit skyn of die gevreesde malariakoors deur die meerdere bewoning en bebouing van die streek al minder en minder word. Die plaaslike geneesheer en verpleegster gee u Kommissie nog steeds die meeste tevredenheid in hulle werk en is onmisbaar vir die Nedersetting.

7. **Winkel.**—Die winkel blyk nog altyd 'n noodsakelikheid vir die Nedersetting te wees en het nog altyd goeie werk gedoen onder die bekwame leiding van Mnr. M. du Toit die Bestierder, bygestaan deur Mnr. F. van Heerden wat tans onse Boekhouer-Sekretaris geword het.

8. **Aanbevelinge.**—(a) Waar die H.Ed. Regering hom gewillig getoon het om die Kerk tegemoet te kom daar vra u Kommissie die H.Eerw. Sinode om besliste stappe te neem dat die Kerk van sy kant 'n jaarlikse bydrae sal lewer wat onse grote kerk waardig sal wees in die ondersteuning van so'n belangrike onderneming.

(b) Dat ter betere geestelike bearbeiding van die Nedersetting 'n vaste geestelike werker sal aangestel word wat gesalarieer sal word uit die fondse van u Komm.

(c) Dat die H.Eerw. Sinode twee lede van u Kommissie sal benoem om behoorlik ondersoek te doen na die regte van die Kerk op die minerale en metale van die Nedersetting en ingeval die Kerk eiendomsreg het instruksies te gee aan die nuwe Kommissie om genoemde regte te verhuur of te verkoop; ingeval die Kerk geen reg het op die genoemde metale en minerale dat 'n sterk kommissie sal aangestel word om die Hoog Ed. Regering te nader met die versoek om genoemde regte aan die Kerk oor te maak.

Hopende dat ons hiermee aan ons opdrag voldaan het, en die Hoog Eerw. vergadering Gods rykste seën toebiddende,

Bly ons, U dw. Dienaars en B.B. in Christus,

J. W. G. STRASHEIM, Voorsitter.
G. D. WORST.
P. v. d. HOVEN, Skrieba.

BIJVOEGSEL.

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE AANGESTEL OM MET DIE RINGE TE ONDERHANDEL VIR VASSTELLING VAN DIE BEDRAG WAT DEUR ELKE RING VIR DIE NEDERSETTINGSFONDS JAARLIKS SAL GESTORT WORD.

Hoogeerw. Heer,

U Kommissie wil as volg rapporteer :—

Op ons versoek het die Ringe besluit om hulle verantwoordelik te stel vir die onderstaande bedrae, wat hulle as 'n vaste verpligting op hulle neem, en wel as volg :—

Lydenburg	£160
Heidelberg	160
Utrecht...	160
Johannesburg	150
Rustenburg...	150
Zeerust...	120
Potchefstroom	100
	£1000

Die Kommissie vertrou dat die Hoogeerw. Sinode hierdie reëling sal goedkeur, en

Noem hom met hoogagting,

P. v. d. Hoven, Voorsitter.
P. J. Swart.
Wm. Nicol, Skrieba.

Pretoria, 11 Mei. 1925.

BIJLAGE XVII.

EERSTE VERSLAG VAN DIE REGSKOMMISSIE.

HoogEerwaarde Heer,

U Kommissie het die eer, na rype beraadslaging en breedvoerige bespreking oor die sake aan sy behandeling toevertrou, as volg te rapporteer :

A. Beskrywingspunte :

1. Bskr. Pt. 1. Reeds afgehandel deur die Sinode (sien Pt. 2 Verslag van die Synod. Kom.)

2. Beskr. Pt. 2. U Kommissie is van oordeel dat die Appèl van die Ring van Potchefstroom teen die uitspraak van die Sinodale Kommissie, in die saak van Ds. J. G. Perold, as synde *ultra vires*, nie gehandhaaf kan word nie, en wel op die volgende gronde :

(1) Deur die toepassing van Art. 281 (e) het die Ring van Potchefstroom sig van 'n bestraffingsmiddel (so word dit in Art. 281 genoeg), en wel die uiterste, bedien. Hierdie bestraffingsmiddel sluit in skorsing in sy ampt van stonde aan. Hieruit is dit dus duidelik dat die Ring van Potchefstroom wel straf toegepas het, en nie slegs 'n aanbeveling tot straftoepassing gedoen het nie. Daarom het die Sinodale Kommissie volgens Art. 113 (4) wel die reg gehad om hierin 'n vermindering aan te bring.

(2) Volgens besluit van die Sinode (sien Pt. 66, Verslag van die Kommissie vir Revisie) sluit Art. 281 (e) censuur in.

(3) Die bevoegdheid van die Sin. Kommissie om so op te tree as sy gedoen het, word duidelik bepaal in Art. 287, 113 (3) en (4).

3. Beskrywings Pt. 3. Insake die censuur op Ds. J. G. Perold toegepas beskou u Kommissie dat die Ring van Potchefstroom die bevoegde liggaam is om hierin te handel.

4. Punt 16 (c) (Verslag van die Sinod. Kom. Pag. 13 B.)

1. Wat betref die vonnis oor Ds. J. G. Perold beveel u Kommissie aan dat die uitspraak van die Ring van Potchefstroom sal goedgekeur word en dat Ds. J. G. Perold sal afgesit word, om die volgende redes:

(a) op grond van ons ondersoek van die dokumentaire getuienis in die saak self.

(b) met die oog op die hoogste belange van die Kerk en die Evangeliebediening.

2. Wat die koste van die saak voor die Sinodale Kommissie aanbetref, word die besluit van die Sinodale Kom. hieromtrent goedgekeur.

5. Beskrywingspunt 4.

U Kommissie beveel aan dat aan die versoek om dispensatie van die Ring van Lijdenburg gevolg word gegee maar dat genoemde Ring opdrag ontvang om die Beroepsbrief van Eerwaarde van Schalkwijk dienovereenkomstig in orde te breng.

6. Beskrywingspunt 5.

Oor hierdie beskrywingspunt adviseer u Kommissie beleefdelik:

(1) Dat die Sinode sy sterke afkeuring uitspreek oor die handelwyse van sodanige lede wat, met opset die nakoming van hulle geldelike verpligtinge op die beskrewene manier ontduik.

(2) Dat die Sinode tot leiding vir die res van die Kerk regsadvies oor hierdie punt inwin.

7. Beskrywingspunt 6.

U Kommissie beveel aan dat:

(1) Die saak na die Raad der Kerken verwys word, met die oog op 'n doeltreffende verstandhouding op hierdie punt tussen die Gefedereerde Kerke.

(2) 'n Vriendelik versoek uitgaan van hierdie H.E. Vergadering aan die Sinodale Kommissie van die Kaapse Kerk om die Kerkeraad van Namakwaland te nader om ten minste 'n gedeelte van die koste terug te kry.

8. Beskrywingspunt 7.

Het is duidelik, meen u Kommissie, dat volgens Wet, kerkelik of siviel, 'n afgestigte gemeente vandaag nie iets kan eis nie van die moedergemeente of gemeentes. Nogtans wil ons aan die hand gee dat die Sinode dit as sy gevoelen sal uitspreek dat 'n afgestigte gemeente mag verwag dat die gronde waar kerkgeboue op staan van die moedergemeente of gemeentes, wat nou binne die lyne van die afgestigte gemeente val, aan die afgestigte gemeente sal geskenk word. Voorts, in die algemeen, dat die moedergemeente of gemeentes naar sy vermoë en naar die behoefte van die afgestigte gemeente behulpsaam sal wees.

9. Beskrywingspunt 8.

Oor hierdie punt beveel u Kommissie aan dat die gevraagde dispensasie van Art. 231 (A) gegee word op die volgende gronde:

(1) Bedoelde Evangelis, Josef Madisa, het reeds die kursus vir Naturelle-Leraar te Stofberg Gedenkskool deurgemaak;

(2) Sy 9½-jarige dienstyd staan teenoor die veel minder periode van slegs 5 jaar wat die Stofberg Gedenkskool Kommissie aanbeveel as genoegsame grond vir dispensasie van Art. 231 (a).

10. Beskrywingspunt 11.

Reeds deur die Sinode afgehandel.

11. Beskrywingspunt 12.

U Kommissie adviseer dat die huwelik van 'n man met die weduwe van 'n oorlede broer nie kerkelik behoor bevestig te word nie en wel op die volgende gronde:

(1) Levitikus 18 : 16 en Lev. 20 : 21.

(3) Die verklaring van fysiologe dat sodanige verbintenisse tot nadeel is van die voortplanting van 'n gesonde geslag. Wat betref die noodsakelikheid van eenvormigheid tussen die Gefedereerde Kerken, meen u Kommissie dat die saak weer voor die Raad der Kerken gebreng moet word.

12. Beskrywingspunt 13.

Hierdie punt het u Kommissie nie in behandeling geneem nie daar dit nog *sub judice* is by die Raad der Kerken. (bl. 8).

13. Beskrywingspunt 14.

Hier beveel u Kom. aan dat geantwoord sal word dat dit bepaald nie wenselik is dat 'n gemeentelid, nog minder 'n Kerkeraadslid die reg sal hê om lid van die Vrymetselaars-Loge te word nie.

14. Beskrywingspunt 15.

Oor hierdie punt adviseer u Kommissie dat geantwoord sal word:

(1) In die algemeen is 'n erkende genootskap een wat (a) die Woord suiwer verkondig en die Sakramente reg bedien naar die instelling van Christus (Kort Begrip Vraag 41).

(b) Wat onderling die onenigheid des waren geloofs erken (Vraag 54 Heidelbergse Katechismus.)

(2) Indie praktyk is 'n erkende genootskap een:

(a) Wat in die geskiedenis bewys van stabiliteit gelewer het;

(b) Wat 'n gedrukte belydenis, waarin die hoofdwaarhede van die Kristendom vervat is, besit, en wat verder ook vaste wetten en bepalingen besit;

(c) Waarvan die geordende leraar 'n behoorlike opleiding gehad het.

15. B. Versoekskrif No. 2.

Oor Pt. 2 onder B (Verzoekschriften) is u Kommissie van gevoelen dat hoeseer ons betreur die optree van die Ned. Herv. Kerk, ons gevoel dat dit 'n saak is tussen die Ned. Hervormde Kerk en die Ned. Ger. Kerk van Natal waaroor ons ons vir die teenwoordige nie uitspreek nie.

16. D. Briewe. 4. Appèl van Ds. J. S. Marais teen die uitspraak van die Ring van Johannesburg.

U Kommissie het die saak noukeurig nagegaan in die stukke wat ons voorgelê is en ook deur bevoegde getuiges aan die beie kante in verhoor te neem, en tot die

volgende oortuiging gekom: Dat wat aanbetref die gronde vir die appèl, aangegee deur Ds. J. S. Marais self, te wete:

1. Dat "de genoemde vrede door de Kerkeraad, zoals door Art. 272 bepaald niet langs de behoorlike weg is gezocht. Zij hebben "niet alles in hun vermogen gedaan";

2. "Heeft de Rings Kommissie Art. 273 niet naar voorschrift uitgevoerd";

3. "Zijn de voorwaarden en bepalingen door de Ring voorgesteld, hoegenaamd niet billik."

Die eerste en twede grond aangegee nie is bewys nie, en is u Kommissie, inteendeel, oortuig dat

1. Die Kerkraad wel in die gees van Art. 272 gehandel het in soverre dat moontlik was vir 'n Kerkraad wat ook ontevrede met die Leraar was;

2. Die Ringskommissie ook in die gees van Art. 273 gehandel het, naar die beste van syn vermoë, deur die poginge wat hulle aangewend het.

In beide gevalle egter sonder vrug en dat derhalwe vir die Ring geen ander weg oopgestaan het dan om ertoe oor te gaan om Art. 274 uit te voer.

Wat die derde grond van appèl aangaan beveel u kommissie aan dat aan Ds. J. S. Marais 500 in plaas van £350 sal uitbetaal word binnen die tydperk van vyf (5) jaar in vyf paaiemente van minstens £100 per jaar sonder rente.

U Kommissie gevoel dat dit billik sal wees aangesien Ds. Marais eervol ontslag gekry het en die heersende ontevredenheid met hom nie gespruit het uit enig bepaalde wandaad nie, maar sover ons kon uitmaak, hy grond gehad het in wedersydse onaanpasselikheid.

Met verskuldigde eerbied,

Uw dienswillige Dienare,

G. B. A. Gerdener, Voorsitter.
W. F. de Vos.
T. J. Nel.
J. S. Joubert.
J. J. Bosman.
G. M. Pellissier, Skrieba.

Pretoria, 4 Mei 1925.

TWEDE VERSLAG VAN DIE REGSKOMMISSIE.

HoogEerwaarde Heer,

U Kommissie het die eer, voorts, die volgende te rapporteer:

1. A. Beskrywingspunte 9, 10.

Oor hierdie gewigtige saak het U Kommissie al die dokumente wat daarop betrekking het, noukeurig nagegaan; ook onderskeidene getuige in verhoor geneem, met die volgende uitslag:

U Kommissie besef:

1. Dat die besluit, deur die Ring van Potchefstroom in 1911 geneem, waardeur die grenslyn tussen Fordsburg en Johannesburg gedeeltelik opgehef werd, in alle waarskynlikheid onwettig was, alhoewel ons dit nie uit die koerant van 1909 kon kontroleer nie. En dat teen hierdie besluit, in die tyd, geen objeksie gemaak ook geen appèl aangeteken is nie. Ook het die Ring versuim om bekragtiging van sy besluit by die Sinode aan te vra.

2. Dat hierdie reg by die stigting van die nuwe gemeente Vrederus in Desember 1920 deur die Ringskommissie aanvaar is as deel van die stigtingsakte en also opnuut aan die lede van toe in volle genot van die reg was, verseker is.

3. Dat hier 'n misverstand in die spel was aangesien alle betrokke partye onder die indruk was dat hulle handelwyse deur 'n Sinodaal besluit reeds gedek was.

4. Dat daar misverstand ook was met betrekking tot die besluit, by die afstigting, in verband met die kennisgewing wat binne ses maande moes geskied, sodat die betrokke lede aan die ou gemeentes kennis gegee het.

5. Dat dit geriefliker is vir gemelde lede om onder Vrederus te sorteer en dat vir die teenwoordige altans, uit 'n geldelik oogpunt, die gemeente Vrederus meer behoefte het aan hulle ondersteuning dan Johannesburg.

Nogtans, desnietteenstaande is u Kommissie oortuig dat

1. Die reg om onder Johannesburg te sorteer hulle toegestaan is in 1911, deur die Ring van Potchefstroom, en dat dieselfde reg by die stigting van die gemeente Vrederus (6/12/20) aan hulle bekragtig is.

2. Dat hulle in die eerste instansie die reg ter goeder trou aanvaar en jarelang gebruik het.

3. Dat hierdie reg onvervreemdbaar is solang hulle nie, uit eie beweging, daarvan afstand doen nie.

4. Dat onder bestaande omstandighede die uitoefening van dwang geen heilsame uitwerking sal hê nie.

5. Dat 'n gedragslyn van verdraagsaamheid en versoening seker uiteindelik die gewenste uitwerking sal hê, sodat gemelde lede tot die gemeente sal behoor, waar hulle woonagtig is.

Op grond hiervan adviseer u Kommissie dus as volg:

Dat hierdie H.E. Vergadering, kragtens Art. 94, met suspensie van alle Artiekels, Bepalinge, en Besluite wat hiermee in stryd mag wees, die regte van lidmaatskap, hierbowe genoem, sal bekragtig aan sodanige lede woonagtig in die gemeente Vrederus, wat voor of met die stigting onder Johannesburg en Johannesburg-Oos gesorteer het.

2. B. Versoekskrif 1.

U Kommissie beveel aan, oor hierdie versoekskrif, dat die versoek van W. L. Ochse sal toegestaan word, aangesien hy tydens die stigting van Vrederus aldaar woonagtig was en met sy huisgesin onder Johannesburg gesorteer het.

3. C. Aanbeveling van die Raad der Kerke.

Aanbev. 1. U Kommissie beveel aan dat hierdie aanbeveling sal aangeneem word met die volgende toevoeging: "of in geval van die Natalse Kerk die Sinodale Kommissie".

Aanbev. 2. Die anname hiervan beveel u Kommissie van harte aan.

Aanbev. 3. Aangesien uit die Offisiële Handelinge (Acta Synodi) van die Moederkerk blyk dat die Kaapse Kerk aan hierdie aanbeveling van die Raad der Kerken voldoen het, beveel u Kommissie aan (a) dat dit ook deur hierdie H.E. Vergadering goedgekeur word; (b) Dat die nodige wetsvoorsiening aangebreng word.

4. D. Briewe.

1. Gemerk A.

U Kommissie beveel aan dat hierdie brief voor kennisgewing aangeneem word.

2. Gemeente Charl Cilliers. Gemerk E.

Dit blyk:

(a) Dat ongeveer 7 huisgesinne woonagtig binnekant die grense van die gemeente Charlcilliers, kort na die stigting van die gemeente, die reg

ontvang het om onder die moedergemeente Bethal, oor die lyn hulle kerkelike regte—wat destyds alles ingesluit het behalwe die reg om tot kerkeraadslid gekies te word—te geniet.

Hierdie reg meen hulle vandag nog te besit, tenspyte van die latere verandering van die Kerkwet Art. 172.

(b) Dat die Kerkeraad van Bethal hierdie sienswyse deel en daarna handel, terwyl die Kerkeraad van Charlcilliers sig op die standpunt van Art. 172 stel.

Hierom beveel u Kommissie aan:

1. Dat die deel van bowegenoemde lede wat destyds die reg ontvang het om oor die lyn onder die ou wetsartiekel hulle kerkelike voorregte te geniet, nie nou gedwing sal word om daarvan afstand te doen.

2. Alle andere persone wat na die nuwe Artiekel van krag geword is, uit sodanige huisgesinne lede geword het, onder die nuwe artiekel val.

3. Dat aangesien hierdeur 'n byna onhoudbare posiesie in een en dieselfde huisgesin in die lewe sal geroep word, dit aan die betrokke Kerkerade sal opgedra word om stappe te doen waardeur bowegenoemde lede, uit eie beweging sal aansluit by die gemeente waarin hulle woonagtig is.

3. Beroepstelsel.

U Kommissie het onder hierdie punt kennis geneem van die aanbeveling van die vorige Regskommissie (Pag. 150 Notulen 1922) oor hierdie punt maar kan geen verandering in ons beroepstelsel aanbeveel nie.

4. Appèl van Ds. J. S. Marais.

Reeds afgehandeld.

5. Brief gemerk M.

U Kommissie beveel aan dat die Sinode sig as volg hieroor sal uitspreek. Met leedwese neem die Vergadering kennis van hierdie verdere geval van 'n breuk van tussen-kerkelike hoflikheid. Dog aangesien die saak afgelope is meen ons dat daar nie verder op die saak moet ingegaan word nie.

6. Stuk gemerk O.

U Kommissie beveel aan dat aan die versoek van die Kerkeraad van Jeppestown, om naamsveranderinge, nie voldoen moet word nie, maar wel dat toestemming verleen word om Acta's van Adopsie en Naamsverandering in die Register by die betrokke nommer kan ingeplak word.

5. Verdere Opdragte.

1. Koste van Appèl—Ds. J. S. Marais.

U Kommissie beveel aan dat die koste verbonde aan sitting van die Sinode, in hierdie appèl, deur die Sinode self sal gedra word, alle overige koste te staan op rekening van die party deur wie dit aangegaan was, omdat

(a) Hierdie sitting van die Sinode nie spesiaal byeen geroep was nie om hierdie saak alleen in behandeling te neem;

(b) Omdat die werk gedaan val onder die gewone werksaamhede van die Sinode as hy sy driejaarlikse sitting hou.

2. Adviserende Stem—Sendingsekretaris.

Aangesien in Art. 215 (1) b, nog in enig ander artiekel van die Kerkwet die juiste betekenis van die uitdrukking "met adviserende stem" nader beskryf word, meen u Kommissie op grond van genoemde Art. 215 (1) b, dat die Sendingsekretaris reg van spreke het oor alle sake wat voor die Sinode dien. U Kommissie is egter van gevoelen dat volgens Gereformeerde Kerkreg hy nie die reg behoor te hê nie, om in tugsake deel te neem nie, en dat die Kommissie vir Revisie sal opgedra word sodanige verandering in die wet aan te breng.

Met hoogagting,

U diensgenege Dienare,

G. B. A. Gerdener, Voorsitter.
W. F. de Vos.
T. J. Nel.
J. S. Joubert
J. J. Bosman.
G. M. Pellissier, Skrieba.

Pretoria, 11 Mei, 1925.

BIJLAGE XVIII.

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE OOR DIE SENDING.

H.Eerw. Heer,

Volgens opdrag van die H.Eerw. Verg. het u Kom. al die stukke vallende onder Hoof III van die Skema van Werksaamhede, in behandeling geneem, en wens as volg te rapporteer:

VERSLAG VAN DIE ALG. SENDING KOM.

Wat gesê word in die Inleiding word vir goedkeuring aanbeveel.

Re DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE KOM.

1. **Werk in Portugees Oos-Afrika.**

U Kom. meen dat, vir die teenwoordige, die Kerk al sy krag en aandag moet wy aan die meer dan 'n miljoen heidene aan onse deure.

Ons meen dat dit die leiding van die Heer is deur die sluiting van die weg na Port Angoniland. U Kom. vertrou egter, van harte, dat dit weer een dag vir onse Kerk moontlik sal wees om in Portugees gebied te kan werk, en beveel aan dat die te worde gekose Alg. Send. Kom. hieromtrent 'n wakend oog in die seil sal hou.

2. **Die Evangelis te Bloed Rivier.**

U Kom. beveel aan dat punte (a), (b), (c) en (d) goedgekeur sal word.

Met blydskap het ons kennis geneem dat die Evangelis Aaron Xulu binnekort te Bloedrivier gevestig sal wees.

3. Met genoeë het ons kennis geneem, uit ingewonne informasie, van die veranderde gesindheid by die nuwe Kaptein; en daarom beveel u Kom. aan dat die vier gemeentes (Erasmus, Premier Myn, Eloffsdal en Daspoort) volgens Art. 223, 4, die werk daar deur 'n paar Evangeliste sal laat doen, om later met behulp van die Sinodale Send. Kom., 'n blanke Sendeling daar te plaas.

4. **Die Inboorling Vraagstuk en die Kerk.**

Na aanleiding van beskrywingspunte Nos. 1 en 2 beveel u kommissie aan, dat die Sinode deur middel van die Herderlike Brief, as andersins, sig as volg oor die Sending sal uitspreek:

(a) **Die Opdrag van die Meester.** In die vierde grondslag van ons Kerkwette spreek die kerk sig duidelik uit oor sy plig teenoor die uitbreiding van Gods Koninkryk, in gehoorsaamheid aan Sy Hoof, soos in Matth. 28 : 19 neergelê.

(b) **Die Standpunt van die ou Republiek.** In die grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek het onse Vaders hulle net so duidelik uitgespreek, waar hulle in Art. 8 die weg oopgemaak het vir die "uitbreiding van het Evangelium onder die Heidenen".

(c) **Die Hoofdoel van die Kerk.** Waar die hoofdoel van die kerk dus is, om die Evangelie aan die heidene te gee, en hy hom daartoe met meer erns wil aangord, moet

hy ook toesien dat hulle, wat uit die heidendom vergaar word, sal opwas in die genade. En as dit sal gebeur dan moet die inboorling gehelp word, om Gods Woord in sy eie taal verstaanbaar te lees. Om hierdie rede is dit duidelik dat die onderwys, volgens Matth. 28 : 19 'n deel uitmaak van die Sendingwerksaamhede van onse Kerk, en van enig ander kerk wat soek om die lig van die Evangelie te verbrei.

(d) **Die Dors van die ontwaakte Inboorling.** Dit is egter nie moontlik nie, om die inboorling, wat in aanraking met die blanke man gekom het, en wat wakker geword het, en 'n dors na kennis openbaar, by die eerste beginsels te hou nie. Hy openbaar ooral 'n sterke begeerte na uitgebreider onderwys. As bewys daarvan, is dit net nodig om die feit te noem, dat daar op die oomblik in Europa alleen, ongeveer 120 naturelle is, wat meer doeltreffend onderwys soek. Hv is gereed om opoffering daarvoor te maak. Hy sal kry wat hy wil hê. As hy dit nie op 'n gesonde, op 'n regte manier kan kry nie, dan sal hy dit op 'n ongesonde manier kry. Dit kan onmoontlik gekeer word. Die vraag is—en dit is 'n vraag van groot belang vir ons kerk—wat sal die gees wees van die onderwys, wat die inboorlinge in Europa en Amerika sal ontvang?

(e) **Die Inboorling, met behulp van die Staat, moet die geld gee.** Ons beskou dit nie as 'n verantwoordelikheid wat op die Kerk rus, om geldelike voorsiening, vir naturelleonderwys te maak nie. Geen pennie gaan nou uit ons kas vir die onderwys van die inboorling, en ons meen ook nie, dat dit anders behoort te wees nie. Ons hoofdoel is om die Evangelie aan die heidene te gee, en die beskikbare fondse moet ons aan daardie doel bestee en nie aan die opvoeding nie. Vir die finansiële voorsiening moet die Staat, wat belastings van die naturelle invorder, die sorg dra, en die inboorling moet ook direk bydra.

(f) **Die Kerk moet die Onderwys, wat die Staat gee, bestier.** Op die Kerk rus die verantwoordelikheid, om in medewerking met die Staat, toe te sien dat die rigting van die stelsel van naturelleonderwys gesond, en in die gees van die Kerk is. Indien die behoeftes van die inboorlinge nie in daardie gees vervul word nie. Indien die naturelle onderwys heeltemaal afgeskei word van die invloed van die Kerk, sal die gevolge vir Suid-Afrika noodlottig wees.

(g) **Samewerking tussen Kerk en Staat.** Dit is uiters verblydend dat die Staat nog steeds in hierdie saak geneë is, om met die Kerk saam te werk. Dit sou seker 'n pligversuim wees indien ons sou weier, om die volste gebruik te maak van hierdie gewilligheid, om in samewerking met die Staat die gewenste gees en rigting aan te gee vir die stelsel van naturelleonderwys.

(h) **Grondgebied vir die Inboorling.** Die vergadering spreek dit as sy oortuiging uit, dat dit wenslik, en selfs noodsaaklik is, en dat hierdie beskouing aan ons H. Edele Regering sal meegedeel word, dat aan die naturelle so ver moontlik, en hoe eerder hoe beter, eie grondgebied sal verseker word, sodat hulle genoegsame geleentheid kan kry om op eie lyne te ontwikkel.

(i) **Die Stofberg Gedenkskool en sy geseende vrug.** Met die oog op wat hierbo gesê is, het ons grote stof tot dankbaarheid vir wat gedaan word by die Stofberg Gedenkskool, waar onderwysers, Evangeliste en Inboorling-Leraars in die gees van ons kerk opgelei word. Die onderwysers wat daar opgelei word, moet volgens die leerplan van die Regering opgelei word, omdat hulle later in Regeringsdiens moet tree, maar ons soek dit in die regte gees te doen, en die vrugte van ons arbeid is nie ongeseën gewees nie. Die Evangeliste en die toekomstige inboorlingleraars word na ons eie leerplan opgelei, en in die gees van onse Kerk. Wat ons dus vir daardie Inrigting gee, is vir die vorming van manne in die regte gees, om hulle eie volk te Evangeliseer.

5. **Die bearbeiding van die Ring van Lijdenburg.** U Kom. verneem, met dankbaarheid, van vermeerderde Sendingywer in hierdie Ring, wat blyk uit vermeerderde bydrae vir die werk, en die aanstelling van meer Evangeliste. Of die Sendelinge, egter, deur die verdeling van die Ring, in verskillende werkkringe, net soveel as vroeër in aanraking met hulle gemeentelede, b.v. met huisbesoek, sal kom, betwyfel u Kommissie.

U Kom. meen verder dat die werk in die Ringe en Gemeentes bevorder sal word deur die wysiging van Art. 223 (3), en beveel aan dat die Artiekel só sal gewysig word, dat die Voorsitter van die plaaslike Send. Kom. uit die lede van die Kom. gekies sal word.

Art. 222 moet dan ook ooreenkomstig hiermee gewysig word.

6. **Verkenningstogte.**

(a), (b) en (c) word vir goedkeuring aanbeveel.

(d) Ons beveel ook aan die tydelike plasing van 'n man by een van onse boere, om hom in staat te stel, die beste middelpunt uit te kies.

Ons is dankbaar om te hoor van die aankoop van 'n stuk grond te Garatou, naby Sekoekoens lokasie.

(e) U Kom. beveel aan dat die nuwe Sin. Send. Kom. en man naby die Barberton Reserwe sal plaas, vir wie s'n salaris die gemeente Zeerust belowe het om £250 per jaar by te dra.

Met dankbaarheid het ons kennis geneem van die plaatsing eersdaags van Eerw. Jozua Joubert te Babanango. Vir sy salaris gee die Gemeente Heidelberg £180 per jaar en 'n onbekende vriend te Standerton £75 per jaar, vir die jaar.

7. **Toekenning aan Eerw. Maré.**

U Kom. vind die beginsel, om pensioen uit te betaal, waar daar geen pensioenfonds is, ongesond. Na ingewonne informasie blyk dit, egter, dat pensioen skriftelik, aan Eerw. Maré beloof is, deur 'n bevoegde liggaam, en daarom is daar voor ons maar net één weg oop, nml. om te betaal.

U Kom. wil daar, egter, sterk op aandring dat dit nie as 'n presedent beskou moet word.

8. **Sondagskool Sendeling.**

U Kom. beveel dit aan vir goedkeuring.

9. **Versterking.**

Met dankbaarheid het ons kennis geneem van die vermeerdering in die geledere van onse Sendelinge, en stel voor dit vir kennisgewing aan te neem.

10. **Dr. Donald Fraser Kruistocht.**

U Kom. verbly sig oor hierdie kruistog en vertrou dat dit geseënde vrugte mag afwerp.

Ons beveel aan dit vir kennisgewing aan te neem.

11. **Die Ringe.**

(a) **Ring van Potchefstroom.**

Aangesien dit lyk asof daar nou 'n ontwaking gekom het, in hierdie Ring, op Sendinggebied, beveel u Kom. seer sterk aan dat daar dadelik 'n blanke Sendeling in die Ring geplaas sal word.

(b) **Ring van Rustenburg.**

Ons verkeer diep onder die indruk van die groot getal Heidene in hierdie Ring en daarom is ons bly oor die

aantal arbeiders wat hier werksaam is. Dit strek die gemeentes van die Ring. egter, nie tot eer dat alleen die gemeente Pretoria hulle Sendeling self salarieer, en dat die salarisse van al die ander werkers gevind moet word uit die Sinodale Sendingkas. U Kom. beveel aan dat veral die ouere gemeentes in die Ring die voorbeeld van Pretoria dadelik sal volg.

(c) **Ring van Lijdenbürg.**

Met blydskap neem ons kennis van die vermeerderde werkkragte in hierdie Ring.

(d) **Ring van Utrecht.**

Dankbaar is ons om te verneem van die vyf geordende blanke Sendelinge in die tien gemeentes van die Ring. Wat tot dankbaarheid stem is dat in elk geval, behalwe Vryheid. die moedergemeente die volle salaris van die Sendeling betaal.

(e) **Ring van Heidelberg.**

U Kom. wil aanbeveel dat die werkkragte in hierdie Ring vermeerder sal word. Eén geordende blanke Sendeling te Bethal, en één inboorling-leraar te Vereeniging en twee Evangeliste, ook op Bethal, kan dit onmoontlik behartig. Daarom verheug ons ons oor die moontlike plaatsing van 'n arbeider op Balfour.

Ons wil aanbeveel die opsporing van verwaarloosde lidmate van onse Kerk, soos gedoen is te Heidelberg en Greylingstad.

(f) **Ring van Zeerust.**

Met spyt verneem ons dat daar in die hele Ring net één blanke arbeider is, en U Kom. verlang dat die ander gemeentes sal ontwaak en die voorbeeld van Lichtenburg volg, wat nie alleen 'n eie Sendeling onderhou nie, maar ook verantwoordlik is vir die werk te Bethesda.

(g) **Ring van Johannesburg.**

Met dankbaarheid het ons kennis geneem van die geseënde werk in die Kompounds. Dis duidelik dat ons in Eerw. Fouché die regte man op die regte plek het.

U Kom. wil aanbeveel dat die nuwe Sinodale Send. Kom. hul aandag sal wy aan die 16,000 Asiate wat daar sonder bearbeiding is.

12. **Finansië.**

Met dankbaarheid het ons kennis geneem van die gunstige toestand van ons Sending Kas, en voel dat dit in 'n groot mate te danke is aan die onvermoeide ywer van onse wakkere Sendingsekretaris, wat van 'n onpo-

pulêre saak gemaak het één wat nou al by vele byval vind. En u Kom. beveel aan dat 'n woord van waardering van die Sinode tot die broeder sal gaan!

U Kom. voel dat die waarskuwing, van die Sin. Send. Kom. om nie toe te laat dat enige bronne van inkomste sal opdroog, ter harte geneem moet word.

Ook verlang ons dat daar spesiale aandag gegee sal word aan die wenk uitgespreek om al onse Sondagskoolkinders geïnteresseer te kry in die heerlike saak van die uitbreiding van Gods Koninkryk onder die Heidene.

13. **Die Stofberg Gedenkskool.**

(a) Die eerste paragraaf word vir kennisgewing aanbeveel.

(b) Na aanleiding van wat vermeld word in die volg. paragraaf, beveel u Kom. aan dat die Sinode 'n brief van deelneming aan Ds. Hofmeyr sal rig om hom van onse innige simpatie, in sy groot verlies, te verseker.

Met blydskap het ons verneem van die byna verdubbelde getal leerlinge in die Stofberg Gedenkskool.

(c) Wat vermeld word in die volgende paragraaf keur u Kom. goed, en beveel aan dat die Sinode die gemeentes sal aanspoor om ons deel van die £5,000 skuld, wat op Stofberg rus, af te betaal. En ons wil beskeidenlik aanbeveel dat Sendingliggame of vriende gevra sal word 'n spesiale poging aan te wend om dié som (£2,000) byeen te breng op die volgende wyse:

40 gemeentes	stort	£30	in 2 jaar	... ...	£1,200
20	,,	£25	,,	... ...	500
10	,,	£20	,,	... ...	200
5	,,	£15	,,	... ...	75
5	,,	£10	,,	... ...	50
					£2,025

Ons beveel voorts aan dat die verdere indeling en reëling van hierdie saak gelaat sal word in hande van die Send. Sek.

(d) Wat die laaste paragraaf betref beveel u Kom. aan dat die wens van die Stofberg Gedenkskool Kom. uitgevoer sal word en dat 'n man wat die Kerk reeds 5 jaar getrou gedien het as Evangelis, dadelik na sy legitimasie, georden kan word, mits die betrokke liggaam dit begeer. U Kom. verneem dat die Sinode van die O.-V.S. reeds sodanige besluit geneem het.

14. **Die Algemene Send. Konferensie.**

Die verteenwoordiging van die plaatselike Sending Kommissies by bôgenoemde Konferensie het veel te wense oorgelaat.

Wat punte (1) (2) en (3) betref beveel u Kom. aan dat die handelwyse van die Sin. Send. Kom. goedgekeur sal word.

Wat punt 4 betref meen u Kom. dat dit geneem moet word in verband met die beskrywingspunt van die Pred. van Ermelo (sie Bylae I, III, 3), en ons beveel aan dat as onse bestuurslede die Gedenkskool besoek, hulle sal probeer om van die leerlinge te beweeg om onder hulle verwaarloosde stamgenote in T'vaal te kom werk.

15. **Die Sendingsekretaris.**

Die posiesie van die Send. Sek. kom u Kom. baie vreemd voor, daar die Kom. wat noodsakelik alle informasie aangaande sy werk moet hê, nou in onkunde daaromtrent is.

En daarom keur ons die aanbeveling van die Sin. Send. Kom. goed en wens om voor te stel dat die Wet in die gees sal verander word, n.l. (a) dat die Send. Sekr. weer direk te staan sal kom onder die toesig van die Sin. Send. Kom.

(b) Dit sal beteken dat Artt. 215 (2) c en 206 (2) vir die doel sal moet verander word, en daarom beveel u Kom. aan dat dit verwys sal word na die Kom. van Rewisie om die nodige verandering in die Wet, staande die Verg., voor te stel.

(c) En voorts beveel u Kom. aan dat met die oog op beter toesig oor die amptenaar 'n afskrif van sy Sending Verslag (sie Art. 206 (2) en 215 (2) c), ook aan die Moderatuur voorgelê sal word.

16. **Algemeen.**

(a) U Kom. beveel aan dat die Sinode sy vreugde uitspreek oor die geseënde werk deur die liggame in ons Kerk gedoen, maar sal graag sien dat die manslidmate hulle verantwoordelikheid hierin meer sal voel.

(b) Dat 'n skrywe na onse Kerkrade sal gaan om ernstig op hul hart te bind die noodsakelikheid om Gods Koninkryk onder die Heidene langs hierdie weg te bevorder.

(c) Dat 'n lid van die Sin. Send. Kom., deur hulself gekies, die Sinode sal verteenwoordig op die Bestuur van die M. S. Bond en die T'vaal V. S. Vereniging.

(d) Voorts beveel u Kom. aan dat die laaste punt van die rapport van die Send. Sek. aan die Moderatuur gelees sal word.

Na aanleiding hiervan beveel u Kom. beleefdelik aan dat:—

(1) daar meer belangstelling deur al onse predikante in die werk van onse Send. Sek. getoon sal word, en

(2) dat tog, ten minste, sy reiskoste gedra sal word deur die Gemeente wat hy besoek het.

(e) **Beskrywingspunte.** (Sie Byl. I (III), B.)

No. 4. Vir goedkeuring aanbeveel.

No. 5. U Kom. beveel aan dat die Wet (217, 3) onveranderd sal bly.

No. 6. Vir goedkeuring aanbeveel.

No. 7. U Kom. beveel aan dat Art. 214 (6) sal lees "Bij de Algemene Zending Konferentie zullen twee verslagen dienen:

(1) 'n Beknopt overzicht van Art. 65.

(2) 'n Verslag gevende 'n beknopt overzicht van de antwoorden gegeven op de vragen in Art. 216 (10) (c) onder de volgende hoofden.

(f) **Versoekskrif** van die M.S.B. Kongres. Onder die diepe indruk van die erns van die tyd waarin die Kerk van Christus tans verkeer, en sig bewus van die noodsakelikheid dat daar tans gewaak sal word, met die uitbreiding van die Koningryk van die Here Jesus onder die inboorlinge in ons land, versoek die M.S. Bond die Sinode eerbiedig, om 'n Sending-Sondag te bepaal, waarop die aandag van die hele kerk gevestig sal word op die laaste bevel van die Meester, en wanneer ook vir die saak offers gevra sal word van die gemeentes.

U Kom. beveel bôstaande aan vir goedkeuring en wens as datum van Send.-Sondag aan die hand te gee die eerste Sondag in Maart.

VERSLAG VAN DIE KOM. VIR SENDING ONDER ISRAËL.

Punte (1), (2), (3) en (4) word vir kennisgewing aanbeveel.

Punt 5. Beveel ons aan dat die Sinode opdrag sal gee aan die betrokke Kommissie tot reëling van die werk met die Vrijstaat.

Punt 6. U Kom. beveel aan dat die aanstelling van 'n nuwe arbeider gelaat sal word in hande van die te worde aangestelde Kom. vir Send. onder Israël.

Punt 7. Ons beveel aan dat die Sinode met dankbaarheid kennis sal neem van die gunstige toestand van die kas.

Hiermee meen ons dat ons aan ons opdrag voldoen het en noem ons ons, van hierdie H.E.Vergadering,

Die dienswillige dienare,

J. P. Liebenberg, (Voorsitter).
P. du Toit, V.D.M.
N. J. Lotz.
C. A. Neethling.
P. J. van Gass.
C. M. Hofmeyr, Skrieba.

BIJLAGE XIX.

VERSLAG VAN DE SYNODALE ZENDINGKOMMISSIE.

INLEIDING.

Hoog Eerw. Voorzitter,

Onder de goede hand des Heren is uwe Kommissie in staat geweest met zijne werkzaamheden geregeld voort te gaan. Terug ziende op de jaren die voorbij zijn, vervult dankbaarheid ons hart voor het voorrecht ons gegeven, om in naam van onze Kerk te hebben kunnen meehelpen om de duisternis in de Transvaal te verdrijven. Ziende naar voren, vervult hoop ons hart, dat onze Kerk niet ingebreke zal blijven, om de opdracht van de Meester, duidelik aan haar gegeven, uit te voeren. Onder Gods wijze voorsienigheid zijn wij, als een Kerk, in de Transvaal ingesloten, en moeten wij onze aandacht, meer dan voorheen, geven aan de 1,826,325 inboorlingen, die er zijn in de Transvaal, Swaziland, en het deel van Natal waarvoor wij verantwoordelik zijn, tweederden waarvan, volgens de censusopgave, nog in de duisternis van het heidendom leven.

WERKZAAMHEDEN DER KOMMISSIE.

Uwe Kommissie heeft zevenmalen in de afgelopen drie jaren vergaderd, en zijn ernstige aandacht aan de volgende zaken gegeven:—

1. **Het werk in Portugees Oost-Afrika:**

God heeft toegelaten dat de weg voor ons naar dit gebied gesloten zou worden, door het vijandig optreden

van de Rooms-Katholieken. Zij hebben uitgevonden dat al onze stasies minder dan 20 mijlen van het Roomse werk zijn. Een distansie die vastgesteld werd, toen wij verlof kregen, dat gebied in te trekken. Men had geen landmeter daar in der tijd, en moest de afstanden gissen. Die gissing werd door beide partijen goedgekeurd. Nu echter er een ander hoofd voor het Roomse werk gekomen is, weigert hij de gissing van zijn voorganger goed te keuren. Hij eist onze verschuiving. Wat de verschuiving van een stasie betekent is gemaklik te verstaan. En niet alleen dit, maar verschuiving zal ons nemen buiten de dichtbewoonde streken. Wij hebben alles in ons vermogen gedaan om ons standpunt te handhaven, maar men wist door allerlei andere voorwendsels, ons af te slaan. Dr. Willie Murray heeft de zaak met belangstelling overwogen, en ons geschreven dat naar zijn mening alle poging om het Portugees besluit veranderd te krijgen, ijdel zijn zal; en dat een ander werkkring in Portugees gebied te zoeken, vruchteloos wezen zal. Als Britse onderdanen, en Protestanten, zal men ons op alle manieren zoeken te dwarsbomen. Wij hebben toen geprobeerd een werkkring te zoeken in Brits Oost-Afrika, en andere delen van midden Afrika, maar de weg scheen naar alle kanten voor ons gesloten. Het werd ons duidelik, dat de Heer onze aandacht, op de meer dan éénmiljoen inboorlingen aan onze deuren vestigen wil. Gelukkig konden wij al onze Portugese werkers helpen. Ds. A. G. Murray gevoelde zich geroepen naar een gemeente in de Kaap Kolonie, alwaar hij tans staat. Eerw. C. L. Brink heeft zich het beroep naar de stasie Bethesda laten welgevallen, en de anderen gingen naar het werk van de Moederkerk in Nyasaland.

2. **De Evangelist te Bloedrivier:**

De Kommissie heeft herhaaldelik de plaatsing van deze Evangelist in behandeling gehad. De Kerkeraad van Utrecht, aan wie de plaatsing van, en toezicht houden over de Evangelist opgedragen werd. opperde meer dan een beswaar. Na de zaak van alle kanten bezien te hebben, en een deputasie naar Bloedrivier gezonden te hebben, heeft de Kommissie besloten aan de Kerkeraad van Utrecht te schrijven dat er:

(a) geen sprake is van meer inboorlingen op ons grond te doen wonen, dan de Evangelist en zijn huisgezin.

(b) Hij zal ook belast worden met het toezicht houden over het overdak, behorende aan de Kerk, als het niet gebruikt word.

(c) Van daar zal hij het Evangelie brengen aan de inboorlingen in de aangrenzende reserve, en omliggende plaatsen.

(d) Zijn woning zal zijn nabij Vechtkop, alwaar hij niet meer dan 20 morgen gronds, ingebruik zal krijgen. Zijn woning moet zo ver van 't overdak wezen, dat hij de feestgangers niet storen kan.

Volgens het rapport van de Rings Zendingkommissie aan de jongste Ringszitting, moet deze zaak in orde wezen. Het rapport in zake luidt: "Die opdrag van die H.E. Sinodale Sending Kommissie, re die plasing van 'n Evangelis te Bloedrivier, is uitgevoer. Binnekort sal die Evangelis Aaron Xulu daar gevestig wees. Die plasing van sulk 'n man in sulk 'n strategiese posiesie sal vir die sending en die Ring van grote betekenis wees." Het is zeker niet van betekenis ontbloot dat deze Evangelist een zoon is van een van de aanvoerders van Dingaan. Hier heeft men Christelike wraakneming. Het bloed van Jezus Christus aangeboden aan een Volk, dat naar het bloed van onze voorouders dorstte.

3. Niet zo ver van Pretoria vonden wij een inboorling stam 2200 sterk, onder de regent Palede, die, zo ver wij konden oordelen, zonder het Evangelie leven. Met de Predikant van Erasmus heeft de Zendingsekretaris hen bezocht. Het Evangelie aangeboden, werd van de hand gewezen. Zij willen niet het Evangelie, maar scholen hebben, en wel in het Engels. De Plaats. Zending Kommissie van Erasmus besloot zich niet hierdoor te laten afschrikken, maar zou een Evangelist daar plaatsen. De vergadering zal zeker met belangstelling vernemen hoe of het werk daar vordert.

4. **"Het Inboorlingvraagstuk en de Kerk":**

Een brochure over deze belangrike zaak, door een gefedereerde Kommissie opgesteld, werd door de vorige Synod. Zending Kommissie in behandeling genomen, maar niet afgehandeld. Uwe Kommissie vond de tijd niet rijp voor onze Kerk, om zich. zoals voorgesteld uit te spreken. Omdat wij ons moesten onttrekken, heeft men het best beschouwd niets in het licht te geven. Op een voorstel van de Federale Raad werd een Konferensie tussen wit en swart in September 1923 te Johannesburg gehouden, waarop leidsmannen van beide partijen zich

uitspraken over gewichtige vraagstukken, rakende de verhouding tussen die twee rassen, die in Zuid-Afrika moeten wonen. Door deze Konferensie is er seker een beter verstandhouding tussen de twee rassen gekomen. Van de inboorling leidslieden hebben daar ruiterlik erkend, dat zij niet wisten, wat onze Kerk voor hun natie deed, en, dat zij ons altijd verkeerd hebben beoordeeld.

5. **De Bearbeiding van de Ring van Lijdenburg:**

Toen wij uit het Kerkelik orgaan opmerkten, dat men de Ring van Lijdenburg in twee of drie werkkringen verdeeld had, kwam de vrees bij ons op, niet alleenlik dat men een nieuwe term ging scheppen in het Zendingwerk, maar dat waar de Synode door de jongste wetgewing meer intensief werk beoogde, het doel door deze indeling helemaal gemist zal worden. Wij moeten ons deerlik misgissen, als een en ander gemeente nu niet minder doet dan voorheen. Wij zullen graag willen weten of Middelburg b.v., die vroeger alleen voor een zendeling instond, nu zo veel doet, als voor die indeling? Men heeft later afgezien van de benaming "werkkringen," en heeft de wettige term "gemeente" aangenomen. 't Is ons nog niet duidelik of men het werk nu direkt van de Ring laat uitgaan, of zich ook van de Plaatselike Zendingkommissies bedient. Volgens een schrijven van de Ringsscriba blijkt het zo. Het zou zeker jammer wezen, de plaatselike lichamen in deze Ring uit te schakelen. Waar de degelike bearbeiding van al de heidenen, die in onze gemeenten wonen, zeker het doel is van elke Kerkeraad, zullen de Kerkraden van de Ring van Lijdenburg moeten getuigen, of het doel langs deze weg bereikt wordt. Het heidendom rondom ons te Evangeliseren is toch onze verantwoordelikheid.

6. **Verkenningstochten:**

Uw Kommissie vond het geraden vier verkenningstochten te organiseren, om te zien hoe die meer dan éénmiljoen heidenen, die nog zonder het Evangelie in de Transvaal leven, onder het geklank ervan te brengen. Eén tocht was naar Swaziland; een naar de Waterbergen, een derde naar Sekoekoensland, en een vierde naar het Noorden, in de richting van de klein Letabarivier.

(a) Het oordeel van de broeders die Swaziland bezochten, was dat die landstreek goed bearbeid wordt door andere Kerkgenootschappen. Dit

oordeel werd niet door de Rings Zending Kommissie van Utrecht aanvaard. Uw Kommissie besloot dus om een man aan die grens te plaatsen, die voor eerst Piet-Retief, en dat distrikt bearbeiden zal, en later, als de gelegenheid zich voordoet, Swaziland inwerken zal. Deze werkkring heeft uw Kommissie, als een buitengewone beschouwd, daarin dat het grootste deel van de last door onze kas gedragen wordt. De gemeente Piet-Retief zal aangemoedigd worden, om gaandeweg de hele verantwoordelikheid op zich te nemen.

(b) De tocht naar de Waterbergen bracht ons tot de overtuiging dat wij ons oog op de inboorlingen-reserven moeten vestigen. Om middenpunten te stichten, waar de naturellen op de plaatsen van onze boeren wonen, is gevaarlik. Daar kunnen slechts Evangelisten geplaats worden. De neiging van de inboorlingen is duidelik naar de reserven toe. Wij hebben dus Seleka als middenpunt aldaar behouden. Daar is reeds bevestigd Eerw. W. A. Nel, die Eerw. G. van Rensburg in die uitgestrekte werkzaamheid helpt.

(c) Sekoekoensland. Het bezoek hierheen bracht ons tot de overtuiging dat de veiligste weg om te bewandelen is, om een man hier bij een van onze boeren te doen wonen, en hem dan, met tijd naar het beste middenpunt te laten uitzien. Dit zal nu geschieden aan de West zijde van de lokatie. De Rings Zending Kommissie van Lijdenburg meent dat wij ook aan de Oost zijde een middenpunt hebben moeten. Wij zijn gevolgelik in onderhandeling met het Departement van landen, om zegge, 30 morgen aldaar aan te kopen, op een plaats behorende aan de Regering.

(d) De tocht naar het Noorden openbaarde grote behoefte onder de inboorlingen in de gewesten van Klein Letaba, maar, daar de heidenen aldaar op Kroongronden wonen, en enige tijd verwijderd kunnen worden, is het zo veilig niet nu te bouwen. De inboorlingen koesteren echter de hoop dat de uitvoering van de segragatie-politiek der Regering, hun aldaar vastigheid geven zal. Zij verlangen door onze

Kerk bearbeid te worden. Op advies van onze twee Zendelingen in de Zoutpansbergen, met de predikant van Pietersburg heeft de Kommissie besloten dat een blanke arbeider geplaatst moet worden, voor eerst in een gehuurd huis, nabij de lokatie van Molema, alwaar daar ongeveer 800 inboorlingen zijn. Uw Kommissie is egter van oordeel dat het zeer ongezond is, om plaatselik initiatief gering te achten, gevolglik zullen de gemeenten Pietersburg, Louis Trichardt en Zoekmekaar gevraagd worden om dit werk te ondernemen; al moet daar dan tijdelik hulp verleend worden.

(e) Wat Zululand en Barberton betreft menen wij het beginsel van Sekoekoensland te moeten volgen. De man daar te plaatsen, en hem dan te laten uitzien naar het geschikste middenpunt. Wat Zululand betreft is het ons gelukt om een beproefde Zendeling te krijgen, in de persoon van Eerw. Jozua Joubert, die na de Synode aldaar bevestigd zal worden. De gemeente Heidelberg heeft uwe Kommissie instaat gesteld deze arbeider te plaatsen zonder veel geldelike verantwoordelikheid. En wat ontbreekt, heeft een broeder, die onbekend verlangt te blijven, beloofd voor drie jaar aan te vullen.

Naar de gemeente Barberton is een beroep uitgegaan. Hier is de gemeente Zeerust moedig ingetreden, zij belooft het salaris van die man te vinden. De waarde van zulk een stap als door die twee gemeenten gedaan, is niet gemakkelik te berekenen. De zegen die terugwerkt op de gemeente zal niet uitblijven, en zal niet gering wezen.

7. **Toekenning aan Eerw. T. J. A. Mare:**

Uit de notulen van de Synode van 1909, pagina 267, blijkt dat aanbevolen werd dat aan Eerw. Mare £100 jaarliks uit de Synodale Zendingkas uitbetaald zal worden, totdat hij een ander werkkring krijgt. De vraag doet zich voor nu, of die toekenning niet verviel toen hij als Zendeling van Machadodorp en Carolina optrad. Er wordt beweerd dat het beroep op konditie, dat deze toekenning zou blijven, aangenomen werd. Uwe Kommissie heeft dit uit de notulen niet kunnen kontroleren. Al die jaren heeft de Kommissie volgens art. 226 aan de plaatselike zending Kommissies £100

jaarliks toegekend. Nu hij egter afgetreden is heeft uw Kommissie onder protest uitbetaald, totdat de Synode zich over deze zaak zal hebben uitgesproken.

8. **Zondagschool Zendeling:**

Daar de weg naar het Noorden voor ons gesloten is, alwaar de kinderen jaren lang hun vertegenwoordiger hadden, heeft de Kommissie, om uitvoering aan het Synodaal besluit te geven, de stasie Saulspoort met Eerw. Geo. Stegmann aan het hoofd, als de werkkring van de Zondagschoolkinderen aangewezen.

9. **Versterking:**

Sedert de jongste Synode zijn de gelederen van onze Zendelingen versterkt geworden met:

(a) Eerw. T. C. Esterhuysen, die het werk onder de gekleurden aan de Rand doet;
(b) Eerw. W. J. Wentzel die te Utrecht staat;
(c) Eerw. C. L. Brink, vroeger van P.O. Afrika, die nu te Bethesda staat, als vertegenwoordiger van de gemeente van Lichtenburg;
(d) Eerw. W. A. Nel die op de voorposten aan de noord Westerlike grens, te Seleka staat;
(e) Eerw. A. P. Kotze met Piet-Retief, en de grenzen van Swaziland als zijn werkkring;
(f) Eerw. J. H. van Schalwijk, een beproefde arbeider uit Nyasaland, die de belangrijke gemeente Ermelo dient; en
(g) Eerw. J. Joubert, die als vertegenwoordiger van Heildelberg, na de Synode, te Babanango, zo de Here wil, bevestigd zal worden.

Deze broeders hebben, op le laatst genoemde na, het formulier in het Formulierboek ondertekend.

Twee zendelingen zijn beroepen. Een als vertegenwoordiger van de Transvaal Vrouwe Zending Vereniging naar Sekoenkoensland, en een als vertegenwoordiger van de gemeente Zeerust naar Barberton.

Twee Inboorlingleraars zijn bijgekomen. Een staat in de Kompounds aan de Rand, en de twede helpt in de grote gemeente te Saulspoort.

10. **Dr. Donald Fraser Kruistocht:**

Uw Kommissie heeft met goedkeuring van de Synodale Kommissie een Zendingkruistocht in ons land georganiseerd, te zamen met al de Evangeliese Kerken. De aanvoerders, onder Dr. Fraser, waren Rev. Bryson uit

China, Di. A. Louw van Morgenster en J. Reyneke van Mochudi. Deze onderneming heeft met buitengewone nadruk de aandacht van de Kerk gevestigd op hare verantwoordelikheid tegenover de inboorlingrassen in ons land, en wij verwachten heilzame vruchten ervan.

DE RINGEN.

1. De Ring van Potchefstroom:

Als een Kerk zijn wij, onder de besturende hand des Heren gebracht om onze aandacht meer dan te voren, aan de behoefte aan onze deuren, te geven. Dat het moeiliker is om belangstelling op te wekken, waar er geen afstand is die bekoort, weten wij, maar dit moet dienen, om de ernst van de Kerk te toetsen.

In de Ring van Potchefstroom vinden wij, 76427 inboorlingen. Hoevelen van hen intellegent onder het geklank van het Evangelie zijn, is niet gemaklik te bepalen. Voegen onze Predikanten nog één vraag, bij de stel, die met huisbezoek gedaan worden, dan worden er wellicht ontdekkingen gedaan, die ons tot verootmoediging uitdrijven zullen. Als zij b.v. zouden vragen: "Hoevele inboorlingen zijn er op uw plaats? en hoevelen horen van de verlossing in Jezus dan zal het niet lang duren voor er meer werkkrachten in die Ring in beweging gezet zullen worden.

Op het ogenblik hebben wij in deze Ring net een geordende man, en hij is een Inboorling, bijgestaan door 5 Evangelisten die aan die duizenden het Evangelie brengen moeten. De Ring heeft zelf gevoeld dat de werkkrachten hier niet toereikend zijn. Een besluit s op de jongste vergadering gevallen dat er zo spoedig mogelijk een blanke geordende man geplaatst moet worden. De Inboorling-Leeraar doet een gezegend werk. Hij heeft door zijn toegewijdheid, ernst, takt en beleefdheid, een ommekeer in een korte tijd, weten te bewerken, waarvan de Ring met ingenomenheid kennis heeft genomen. Hij strekt de Stofberg Gedenkschool tot eer, alwaar hij zijn oplieding heeft gehad. Zijn getuigenis is dat de inboorlingen in die Ring naar de boerekerk vragen.

2. De Ring van Rustenburg:

In deze Ring wonen de meeste inboorlingen. Wij vinden alhier 641,359. Meer dan een halve miljoen. 't Is een gezicht om tot het gebed uit te drijven. Dit gezicht recht onder de ogen gekregen kan niet feilen om

de 14 gemeenten tot groter ernst, en gebed aan te sporen. Die getal is begrijplik, waar wij de Zoutpansbergen, Pilaansbergen en Waterbergen, met hun dikke inboorlingbevolking, in deze Ring hebben. Onder die meer dan halve miljoen hebben wij 7 blanke geordende mannen met 42 Evangelisten. Net een gemeente in die Ring, heeft zijn schouder geplaatst onder de verantwoordelikheid, die onder Gods beschikking op hen gerold is. De gemeente van Pretoria is de enige, die zijn eigen zendeling heeft. De vraag kan gedaan worden, of de Synode niet een ernstig woord moet richten, tot de andere oudere gemeenten vooral die welke, zo ver wij weten, zich nog niet eigenlik bewogen hebben in de richting van overname van het werk in hun gebied, in der tijd van de Moederkerk overgenomen. Grotendeels toeschouwers te wezen, kan zeker niet gezond wezen. De hoop word gekoesterd dat Pietersburg, Louis Trichardt en Zoekmekaar eerstdaags uitstappen zullen, om de nieuwe werkkring in het Noorden, te worden gesticht, voor hun rekening te nemen. Is de tijd niet gekomen dat de andere oudere gemeenten ten minste zullen doen wat gedaan wordt door Pretoria, Lichtenburg, Wakkerstroom, Bethal, Utrecht, Vrijheid, Heidelberg en Standerton? Die benevens eigen leeraar nog een voor de inboorlingen in hun midden hebben. Het Woord Gods blijft waar: "De zegenende ziel zal vet gemaakt worden."

3. **De Ring van Lijdenburg:**

Met een inboorlingbevolking van 299,238 heeft men hier geen geringe taak te vervullen. Men heeft het goed gevonden, om de gehele Ring in drie zendinggemeenten te verdelen. Hier staan dan op het ogenblik drie geordende mannen, met 18 Evangelisten. Toen de laatste Synode verlof gaf om de grenslijnen van de Zendinggemeenten ruimer te maken dan die der blanke gemeenten, werd het zeker gedaan, om de stichting van meer Zendinggmeenten aan te moedigen, en intensieve bearbeiding te bevorderen. Of dit doel langs deze weg bereikt wordt, zullen de gemeenten in deze Ring moeten getuigen. Die drie geordende mannen zijn in het veld zonder de Syn. Zendingkas te bezwaren. Twee anderen hopen wij eerstdaags ook daar te hebben, die van buiten ondersteund zullen worden—één in Sekoenkoensland, en één in Barberton. Het oog moet gericht zijn op die bij de 300,000 inboorlingen. Velen daarvan op onze boereplaatsen.

4. **Ring van Utrecht:**

Deze Ring die ook verantwoordelik is voor Swaziland en het deel van Zululand, vallende in onze gemeenten in Natal, is de twede grootste, wat de inboorlingbevolking betreft. Het getal aangegeven is 366,435. Een zeer bemoedigend teken in deze Ring is dat niet minder dan drie gemeenten ertoe overgegaan zijn, benevens zijn eigen leeraar te onderhouden, ook een in het veld te plaatsen voor de inboorlingen aan zijne deuren. Utrecht, Wakkerstroom en Standerton onderhouden elk zijn eigen Zendeling. Vrijheid draagt het grootste deel van de last verbonden aan zijn vertegenwoordiger, en Piet-Retief een minder deel. Wij koesteren de hoop dat Vrijheid, vooral, spoedig de last zal nemen van de schouders van de Syn. Zendingkommissie, en hem instaat stellen zal een ander strategies punt in Zululand te bezetten. In deze Ring heeft men 5 geordende blanke arbeiders, en één inboorling leeraar met 15 Evangelisten. Een zesde zendeling hopen wij na de Sinodale zitting te Babanango te bevestigen. Deze gemeente maakt zich klaar om ook de schouders aan het wiel te zetten. Hij zal zorgen voor ten minste één Evangelist. Het is niet van belang ontbloot dat Eerw. Joubert zijn uitgangspunt in deze werkkring zo nabij mogelik de stad van Dingaan zal hebben.

5. **Ring van Heidelberg.**

Waar een groot deel van de Kompounds in deze Ring valt, bevreemd het ons niet alhier 152,851 inboorlingen te vinden. Deze Ring deelt dus aan het gezegende werk door de Kompound Zending gedaan. Benevens de Kompoundarbeiders staat er een blanke geordende man te Bethal, en een inboorling te Vereeniging, met twee Evangelisten. Men is zich bewust van het feit dat er meer werkkracht in deze Ring moet komen. De gemeenten Eendracht en Delmas hopen spoedig een Evangelist te hebben. De gemeente Heidelberg heeft een beproefde Evangelist van de Kompounds ter leen gehad, om die gemeente door te gaan, en hij heeft ontdekt, dat er niet minder dan 200 lidmaten zijn, behorende aan onze Kerk, in de gemeente Heidelberg en Greylingstad. De Ring heeft zich dan ook sterk uitgesproken over de noodzaaklikheid om een Zendinggemeente in de richting van Balfour te stichten. Als men in andere Ringen soortgelijke opsporing zou doen, sal men verbaasd staan over de verwaarlozing aan onze deuren.

6. **Ring van Zeerust:**

In deze Ring zijn volgens censusopgaven de minste inboorlingen, en hier vinden wij 59,017. De Ring heeft gevoeld dat de nodige aandacht niet hier gegeven wordt, en heeft dan ook een opdracht aan de Rings Zending Kommissie gegeven, om nauwkeurig in de zaak in te gaan, en toe te zien om meer wekkrachten hier in beweging te krijgen. Op het ogenblik heeft men hier net een geordende blanke arbeider, bijgestaan door 4 Evangelisten. De gemeente die in deze Ring een voorbeeldig positie blijft innemen, is die van Lichtenburg, die behalve een zendeling in de gemeente, nog het grootste deel draagt van de onkosten verbonden aan de stasie Bethesda. De gemeente Zeerust heeft besloten het goed voorbeeld te volgen, en verlangt een arbeider voor zijn rekening geplaatst te hebben, aan de grenzen van Portugees gebied.

7. **Ring van Johannesburg:**

In deze Ring, alwaar de strijd het hevigste woedt, vindt men gelukkig ernst bij de strijders, die tot dankbaarheid stemt. W at het werk hier so belangrik maakt, is de verzameling van duizende inboorlingen van alle delen van ons land. Behalve de mijnen, zijn er duizende naturellen die in bezigheidsplaatsen, en woonhuizen gebruikt worden. Het getal word aangegeven als 230,998. Onder hen arbeidende, hebben wij een blanke man met een inboorlingleeraar, bijgestaan door 18 flinke Evangelisten. Het werk onder de gekleurden, dat vroeger met veel moeilikheid gedaan werd, heeft de Ring goed gevonden ook als een geheel te beschouwen, en het te plaatsen onder de Kompounds-Zendeling, die getrouw bijgestaan wordt door een geordende man, die al zijn aandacht geeft aan de bearbeiding van de gekleurden. Deze regeling is gebleken een volslagen sukses te zijn. Een ander deel van het arbeidsveld dat onze aandacht zal moeten krijgen is het Asiatiese. Men zegt ons er zijn 16000 Asiaten in de Transvaal, en meer dan een derde daarvan vinden wij in Johannesburg, en onder hen wordt niets gedaan, zo ver wij weten, om het licht van het Evangelie te verspreiden.

FINANSIËEL.

Wij kunnen de Heer niet genoeg danken voor de genade aan onze Kerk gegeven, om iets van wat de Heer haar gegeven heeft, aan Hem, voor Zijn werk terug te

geven. Waar uw Kommissie op 'n voorwaartse beweging zich heeft toegelegd, door de grenzen van de Transvaal te bezetten, en dan in te werken, zal geen bron die nu vloeit toegelaten kunnen worden om droog te lopen, en geen bron die geopend kan worden voorbij gegaan kan worden. Het zal aan de Synode metéén duidelik wezen, als wij die nieuwe stasies van de grond opbouwen moeten, dat het batig saldo waarover wij ons nu verblijden niet toereikend zal wezen. Wij gevoelen ons gedrongen dit te zeggen, omdat men tot gerustheid geleid kan worden, door het verslag van de Zending Quaestor.

Het kan van nut zijn om een paar van de voornaamste posten hier te noemen. De een is de Synodale Zending, de ander is de Zondagschool Zendeling. Voor het Synodale Zending Fonds is in de drie jaren 1922, 1923 en 1924 ingekomen van die Ring van:

1.	Johannesburg	£607	15	9
2.	Rustenburg	414	2	7
3.	Utrecht	390	14	11
4.	Lijdenburg	352	13	3
5.	Heidelberg	294	11	11
6.	Zeerust	255	14	6
7.	Potchefstroom...	221	5	4

Voor de Zondagschool Zendeling hebben de Ringen gedurende die drie jaren gegeven:

1.	Johannesburg	£207	7	4
2.	Heidelberg	182	5	9
3.	Rustenburg	168	9	1
4.	Lijdenburg	143	15	
5.	Utrecht	140	4	0
6.	Potchefstroom	101	10	0
7.	Zeerust	97	5	10

Zonder aan uitbreiding te denken zullen die twee posten voor de volgende drie jaren nodig hebben:

1. De Synodale Zending waaronder natuurlik ook valt het werk van de Moederkerk overgenomen ongeveer £3640 per jaar. Iets meer dan £300 per maand.

2. De stasie waarvoor de Zondagschool kinderen verantwoordelik zijn heeft jaarliks ongeveer £400 nodig. In de afgelope drie jaren hebben zij gemiddeld iets meer dan £300 per jaar op-

gebracht. Om de kinders in onze Zondagscholen geregeld voor de Zending te laten geven, en dan bij die gelegenheid hun aandacht op de Zending te vestigen, zal niet alleen de nodige som gemakkelik verzekeren, maar zal een fondament leggen, waarop men graag later zal willen bouwen.

DE STOFBERG GEDENKSKOOL.

Deze Inrichting is een zeer belangrijk tijdperk van zijn geschiedenis ingegaan. Door een vakantiekursus voor onderwijzers, aldaar te regelen, waaraan Dr. Loram geen geringe aandeel had, is onze school onder de aandacht van de Inboorlingen gekomen, zoals het anders niet gemakkelik zou kunnen geschieden. Het degelik werk dat daar gedaan wordt, heeft een diepe indruk op de Inboorlingen gemaakt met het gevolg, dat onze getallen zeer toegenomen zijn. De Heer H. F. Kuschke, B.A. die met getrouwheid en toewijding bijna 8 jaren daar heeft gestaan, als hoofd van de Normaal School, heeft ons verlaten voor een zeer belangrike betrekking in de Vrijstaat. Hij is daar als inspekteur van Naturelle-onderwijs aangesteld, als zodanig zal hij onze Inrichting zeker op meer dan een manier kunnen steunen. In zijne plaats is het het Bestuur gelukt de heer J. S. Davel, M.A.B. Educ. te krijgen. Hij is met lust aldaar begonnen. Ook is op ons staf gekomen Mej. Jessie Murray, jongste dochter van wijlen Prof. John Murray. Zij is een aanwinst voor onze Inrichting.

Een zware slag heeft de Heer onze Inrichting toegediend door het oproepen, tot hoger dienst, van Mev. A. M. Hofmeyr. Door haar godzalige wandel heeft zij een invloed aldaar uitgeoefend, die hier nooit recht verstaan werd. De vergadering zal zeker zijn hartelike deelneming willen betonen met de Hoofddocent Ds. Hofmeyr.

In het afgelopen jaar is het getal leerlingen bijna verdubbeld geworden. In 1923 hadden wij 68. In Augustus 1924 konden wij het schooljaar beginnen met 114.

In de Normaal School zijn er 89.
In de Evangelisten School 20.
In de Theologiese School 5.

Deze toevloed heeft het niet alleen nodig gemaakt meer handen aan het werk te krijgen, maar ook meer ruimte. Vroeger konden wij de elementaire school ook

in het hoofdgebouw huisvesten, nu echter is er daarvoor geen ruimte. Men moet verhuizen, en waarheen? De behoefte aan Evangelisten is zo groot dat het Bestuur besloot om een voorbereidende klas tot de Evangelistenschool te openen, om alzo degenen te helpen die niet de nodige kwalifikasies bezitten, om toegelaten te worden, n.l. standaard 4. Wij volgen nu een leerplan waar Bijbelgeschiedenis, de inboorlingtaal en Afrikaans tot hun recht komen. Om in de onmiddellike behoefte te voorzien heeft het Bestuur besloten een lening van £1000 aan te gaan. Het is hem gelukt £700 daarvan te krijgen als een toekomstige schenking. Zolang de geefster leeft betalen wij zes procent rente ervoor, maar na haar dood is het geld het eigendom van het Bestuur. Het is onuitspreeklik jammer, dat wij door gebrek aan de nodige middelen, gestremd moeten worden in het vormen van leidslieden voor het ontwaakte Bantu-ras. Onze Inrichting gaat gebukt onder een schuld van £5000 waarvoor wij £260 per jaar aan rente betalen moeten. Deze som is groot genoeg, om een zo nodige assistent in de Normaal School, aan te stellen. Het Bestuur heeft besloten een dringend beroep te doen op de Gefedereerde Kerken, om die zware last weg te rollen. Het deel aan de Transvaal toegekend is £2000. Een niet onbillike bepaling waar wij helemaal onmachtig zijn, in ons zendingwerk, zonder de mannen daar opgeleid. Die som proportioneel onder de 85 gemeenten verdeeld moest niet een onmogelike taak wezen. Onze behoefte aan Evangelisten is zo groot. De Kerk kan ook in de vervulling van die behoefte helpen, in het toezenden van geschikte leerlingen naar de Inrichting.

Aan het einde van voorleden jaar werden er vier inboorling leraren gelegitimeerd, die onze Kerk van 8 tot 15 jaren getrouw als Evangelisten hebben gediend. Volgens wet moeten zij nu nog twee jaren dienen voor zij geordend kunnen worden. Beleefd verzoekt het Bestuur de Synode om dispensatie van die wetsbepaling te geven, zodat zij dadelik geordend kunnen worden, waar zij hun eigen werkkring hebben. Liefst wil het Bestuur een stap verder gaan, en vragen dat de wet zo veranderd zal worden, dat een inboorling theologies Kandidaat, die onze kerk 8 jaren getrouw gediend heeft, dadelik na zijn legetimasie, geordend kan worden, waar hij zijn eigen werkkring heeft, en de Kommissie onder wie hij arbeidt, dit verlangt.

DE ALGEMENE ZENDINGKONFERENTIE.

Deze Konferentie werd volgens wet opgeroepen, en heeft te Johannesburg zitting gehad, op 19 Maart 1925, en volgende dagen. Er waren tegenwoordig behalve 6 leden uit de Synodale Zendingkommissie, 9 predikanten en onze 19 zendelingen met 3 inboorlingleraars. Uit de 85 plaatselike Zendingkommissie waren er net 10 vertegenwoordigd. Behalve de twee verslagen die behandeld werden, waaruit reeds mededelingen gedaan zijn in de afdeling "Ringen," is er een aantal beschrijvingspunten voor de Konferentie geweest. Sommige zijn door middel van de Scriba Synodi voor de Synode gelegd. Zaken die een warme discussie uitgelokt hebben zijn:

1. De noodzaaklikheid dat onze Kerk meer zal doen aan het elementaire onderwijs van de inboorlingkinders. Door ons te onttrekken raakt de toekomst uit onze handen, en komen dikwels onder ongewenste invloeden.
2. Na een lange bespreking over de moeilike kwestie de "Lobola" werd de zaak in de handen van een sterke Kommissie gegeven, om grondig onderzoek te doen ook naar de handelwijze van Zusterkerken, om op de volgende Algemene Konferentie rapport te doen.
3. Na 'n grondige bespreking van de wenslikheid om een zelfstandige inboorlingkerk te stichten, komt de Konferentie tot het besluit: "Hoe wenslik ook al, die tijd daartoe nog nie rijp is nie."
4. De vertegenwoordigers van onze Kerk op het Stofberg Gedenkschool Bestuur, zullen met hun bezoek aan die Inrichting, op het hart van leerlingen binden de noodzaaklikheid van hunne krachten te geven aan de bearbeiding van hun verwaarloosde stamgenoten in de Transvaal, waar zij door de Plaatselike Zendingkommissie onzer Kerk daartoe geroepen worden.

DE ZENDINGSEKRETARIS.

Nu dat het werk van de Zendingsekretaris meer bestendigd is doet de vraag zich voor, of de wetgeving die zijn werk regelt niet veranderd moet worden. De

Synod. Zendingkommissie, aan wie de Synode al 't zendingwerk opgedragen heeft, krijgt nu geen gelegenheid, om van zijn werk officiëel enig kennis te nemen. Zijn jaarlikse verslag moet naar de Moderatuur, die het ontvangt, en daarbij eindigt het. Zijn geldelik verslag, en dat van de Quaestor van 't Synod. Zendingfonds, eveneens, gaat naar de Moderatuur en daarbij blijft het. De Kommissie die al die informatie nodig heeft, ontvangt niets. Bescheidenlik menen wij dat de Synode het zo regelen moet, dat de ambtenaar met al zijn werk geplaatst zal worden onder de Kommissie aan wie de Synode al 't zendingwerk der Kerk heeft opgedragen. Misschien kan de beroeping, bevestiging, en indien nodig, zijn ontslag in de handen van de Synodale Kommissie gelaten worden.

ALGEMEEN.

Uwe Kommissie heeft met belangstelling gade geslagen de werkzaamheden in onze Kerk, ter bevordering van Gods Koninkrijk. Zij heeft zich verblijd over de ijver aan de dag gelegd in de organisaties onder de mannen, vrouwen en kinderen. Kon de ijver onder de mannen groter wezen! Die onder de vrouwen en kinderen is lofwaardig. Het getal der mannen in de Mannen Zendingbond is ongeveer 2000. Dat der vrouwen niet veel minder dan 4000, en dat der kinderen 3600. Waar die lichamen de Synode bij vorige gelegenheden genaderd hebben, en de verzekering van haar hartelike steun gekregen hebben, komt de vraag nu of de tijd niet aangebroken is, dat de band tussen de Synode en die Zendinglichamen nauwer toegehaald moet worden?

Met toebidding van Gods rijkste zegen op de verrichtingen der Synode.

Noemen wij ons met hoogachting,

Leden der Synodale Zend. Kommissie,

D. P. ACKERMAN.
Ag. Voorzitter.
J. H. BARTLETT.
R. J. B. FEENSTRA.
J. C. LAMPRECHT.
P. DU TOIT.
D. THERON, Skriba.

BIJLAGE XX.

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR DIE SENDING ONDER ISRAEL.

HoogEerwaarde Heer!

Wat al die kommissies, wat onder Gods oud volk arbei, skynbaar ondervind, het ons ook deurgemaak. Arbeiders staan hier waarlik nie leeg op die mark nie. U kommissie het in alle rigtinge gegaan, om die plek oopgeval deur die oproep na hoër diens van Eerw. Cohen, te vul; maar tot noutoe met nie veel sukses nie. Al het die kommissie nie dikwels vergader nie, het die werk altyd aan die gang gebly.

DIE GEFEDEREERDE WERK.

Eerw. Ettman, wat tydens die laaste Sinode met ons was, en gewillig was 'n tyd in ons werk te tree, met Johannesburg as middepunt het hom nie geroepe gevoel 'n definitiewe beroep met die indeling van die werk aan te neem nie. Op versoek van die Kaapse kommissie is hy later weer beroep met Kaapstad as middepunt. Daardie beroep het hy aangeneem, en is feitlik as gefedereerde werker daar al die tyd besig.

DIE GEFEDEREERDE WERKER ONTVANG.

Op 7de Mei 1924 was twee van die lede van ons kommissie in Kaapstad, om saam met die ander lede van die Uitvoerende Kommissie Eerw. Ettman offisiëel, as arbeider te ontvang, die formuliere te laat onderteken, en sy werk te reël.

DIE GEFEDEREERDE WERK ONPRAKTIES.

Dit is in Kaapstad duidlik geblyk dat die gefedereerde arbeid onprakties en duur is, in tyd en geld. Een arbeider kan daar nie aan denk nie, om meer te wil doen dan die Kolonie te bearbei. Net drie middepunte in die Kolonie te neem is al te veel; en daar is meer dan drie daar. Die gefedereerde Kommissie het toe besluit, om aan die drie Sinodes aan te beveel, om die bepalinge van saamwerk op te hef. Iets wat alreeds deur die Kaapse Sinode gedaan is. Die besluit om al ons geld te stort by die Kaapse Kerk, het die Sendingkwestor nie volkome uitgevoer nie. Hy skyn 'n voorgevoel gehad te hê van die opheffing. Van die £400.0.0, wat hy tog gestuur het, sal ons die grootste deel weer moet terug kry.

SAAMWERK MET DIE VRYSTAAT.

Al het die kommissie, die gefedereerde kommissie, soas saamgesteld, onprakties gevind, kom dit hom voor dat dit jammer sal wees die band tussen ons kommissie en die van die Vrystaat te breek. Dit het die kommissie in die Kaapstad ook gevoel. Beleefdelik wil ons dus aan die hand gee, dat die Sinode opdrag sal gee tot 'n reëling wat die band sal bewaar. Die wetgewing in verband met die gefedereerde werk, kan, na ons mening, behou word, met 'n paar noodsaaklike wysiginge, wat vir die twee Kerke nodig sal wees. Ons sal dan moet mik op twee arbeiders. Die eerste sal op Johannesburg moet geplaas word, en die twede op Bloemfontein. Die man wat in die Vrystaat geplaas sal word, sal veel van sy tyd moet gee aan die besoeke van die Kerk in belang van Israel.

ARBEIDERS GESOEK.

U kommissie het, soos ons gesê het, in alle rigtinge uitgegaan, om 'n arbeider onder Israel te soek. 'n Kommissie in Skotland, wat onder die Jode arbei, het ons 'n man hier in die Transvaal aangebied, en een wat nou in Amerika is. Die man in Transvaal, het ons dadelik, na 'n onderhoud wat die Voorsitter met hom gehad het, laat vaar, om sy vrysinnige beskouinge. Hy spreek smalend van die heerlike voorspelling van Paulus aangaande Israel in Romeine 11. Die twede man, wat 'n Hollandse Jood is, het baie belangstellend op 'n skrywe geantwoord, maar het hom nie geroepe gevoel, om na Afrika te kom nie. Hy sê hy is te oud en gevoel hom meer getrokke na sy volk in die Ooste van Europa, waar hy ook dink die res van sy dae te gaan slyt. Hy het ons egter die naam van 'n jonger man gegee, wat geneë is om te kom. En die naam wens ons nou beleefdelik voor die Sinode te lê. Hy is 'n Duitse Jood met die naam van Kohl. Hy behoor tot die Lutherse Kerk. Ongelukkig ken hy nog Hollands nog Engels. Die heer Landsman, wat hom sterk aanbeveel meen dat hy die tale gou sal aanleer. Hy is 37 jaar oud. Hy het 'n uniwersiteits-opleiding gehad. Hy het 'n vierjarige teologiese kursus deurloop; en het met vrug reeds 13 jaar onder sy volk gearbei. Hy staan tans te Lodz, in Polen, in verband met die Basel-sendinggenootskap. U kommissie meen, as bevredigende berigte van die genootskap ontvang word, dat die Sinode tot sy aanstelling opdrag kan gee. Moontlik sal hy nie ongeneë wees nie, om. sê vir 'n jaar, uit te

kom, as 'n proeftyd. Die ooreenkoms kan dan geëindig word mits hy of ons dit verkies, wanneer die kommissie sy reiskoste sal betaal.

FIANSIË.

Ons verbly ons dat ons 'n gunstige verslag van die toestand van die kas kan doen. Ons sal instaat wees sonder kommer ons werk te kan doen. 'n Volledige verslag van die geldelike toestand van die Sending onder Israël ontvang die Sinode van die Kwaestor van die fonds.

Met die leiding van die Heer aan die Sinode toe te bid.

Noem ons ons met hoogagting,

U Hoogseerws. dw. Broeders in Kristus,

D. THERON, Voorzitter.
P. A. ROUX.
P. J. VAN GASS.
WM. NICOL.
H. P. MOSTERT.
P. H. A. FOUCHÉ, Skrieba.

BIJLAGE XXI.

VERSLAG VAN DIE KOMM. VIR OPVOEDING EN ONDERWYS..

(Eerste Deel.)

Aan die HoogEerw. Moderator.

HoogEerw. Heer,

U Komm. het die eer as volg te rapporteer oor die verskillende stukke en sake, wat onder sy aandag gekom het.

1. Rapport van Komm. in sake meer invloed en seggenskap van ons **kerkinrigtinge vir hoër onderwys.** (vgl. Bylae IV, 4 (d).)

(1) **Offisiële seggenskap.**

U Komm. beveel aan dat punt (a) vir kennisgewing sal aangeneem word, tewens wil u Komm. laat bekend wees, dat volgens informasie daar nog verskeie ander lede van ons Kerk op die T.U.K. Raad dien.

Re punt (b) word aanbeveel dat op advies van die Bowegenoemde Komm. sal gehandel word met betrekking die W.W.R. Uniwersiteit. U Komm. wil meedeel dat

binnekort die tyd van drie lede van die Raad verstreke is en gee dus aan die hand dat die HoogEerw. Moderatuur so spoedig moontlik in die saak sal handel.

(2) **Invloed langs onoffisiële weg.** (Vgl. mosie van die HoogEerw. Assessor).

Met betrekking tot punt (A) beveel u Komm. aan, dat, waar die Herv. Kerk groot invloed aan die T.U.K. uitoefen en aangesien die HoogEerw. Sinode reeds beslis teen die plaatsing van professore aldaar besluit het, die Ringe sal gevra word om die Hulpbehoewende Jongelingsfonds te sterk en dat ook die ander bestaande Fondse, (soos die Genl. Piet Joubert en Ziervogel Fondse), soveel moontlik en sover die voorwaardes van die Fondse dit toelaat, aangewend sal word om aspirant Teologante aan die T.U.K. te steun in hulle voorbereidende studies tot die Kweekskool te Stellenbosch.

(B) Tevens beveel die Komm. aan, dat die HoogEerw. Sinode dit sal laat bekend word, dat (a) geen Hulpbehoewende belowende gematrikuleerde jongeling van ons kerk, wat verlang om hom vir die Evangeliebediening voor te berei, in ons Kweekskool te Stellenbosch om geldelike redes behoef verhinder te word nie, (b) en dra die HoogEerw. Sinode dit aan die Sinodale Komm. op om 'n weg te vind om 'n Sinodale Hulpbehoewende jongelingefonds tot stand te bring.

(C) U Komm. beveel ook aan, dat waar daar vir die opleiding van onderwysers en onderwyseresse deur die staat gesorg word, die Normaalskoolfonds intussen sal gebruik word om Hulpbehoewende verdienstelike jongelinge vir die Evangeliebediening te ondersteun.

(D) Met dank word kennis geneem van wat deur die Gemeentes Pretoria en Pretoria Oos in verband met **Sonop** gedaan is, en wil u Komm. aanbeveel, dat die Gemeentes van die Sentraal Rand 'n ernstige poging sal aanwend om 'n dergelike inrigting in verband met W.W.-R. Uniwersiteit opgerig te kry. Graag deel u Komm. die volgende informasie van die HoogEd. Administrateur mee, dat 25% van die studente Hollandssprekend is, dat hy (die Adm.) reeds drie jaar gelede so 'n Kosinrigting aanbeveel het en dat hy persoonlik sy steun by die oprigting van so 'n inrigting toesê.

(3) U Komm. wag met belangstelling op die verdere beloofde rapport van die bowegenoemde Komm.

2. **Roomse Gevaar.** (Na aanleiding van briewe van Ring van Heidelberg en Pred. van Bethal.)

Beveel u Komm. aan:—

(a) Dat vooral in Sondagskole, in die Katkesasie en by Kategismusprediking besonder sal gewaarsku word teen die Roomse gevaar.

(b) dat, omdat hy oortuig is dat die voorligting in die Kerkbode besonder goed gedaan heeft, die Redakteur sal versoek word om in die rigting te bly voorlig en waarsku.

(c) dat op Hervormingsdag besondere pogings van waarskuwing sal aangewend word en dat waar moontlik die drie Hollandse kerke gesamelik sal optree om die volk te wys op die Roomse Propaganda.

(d) dat die Fedarele Raad sal versoek word om pogings aan te wend om die ganse gefedereerde kerk op te wek om die Roomse gevaar te bestry.

3. **Oorsetting Psalme en Gesange, Formuliere en Belydenisskrifte en Kinderliedere** (Beskrywingspunt Ring van Utrecht, Bylae I, B, 1, en briewe S.A. Bybelvereniging en J. Brandt en Zoon).

U Komm. beveel aan:—

(a) Dat 'n Komm. sal aangestel word om in samewerking met die Kom. deur die HoogEerw. Sinode van die Kaapse kerk benoem uitvoering te gee aan die oorsetting van Psalme en Gesange, Formuliere en Belydenisskrifte.

(b) Dat daar 'n afsonderlike uitgawe van kinderliedere in Afrikaans sal wees.

(c) Dat die brief van die uitgewers Brandt en Zoon in die hand van die te worde benoemde Komm. sal gestel word vir inligting.

(4) Aandring op uitvoering **Onderwys Komm. Rapport:—**

(Brief 20 lerare van Johannesburg).

U Komm. het inligting gekry dat die hele rapport byna nou uitgevoer word en het tewens die versekering dat die meerderheid van die Uitvoerende Komitee daarop staan, dat waar dit moontlik is, die kind deur die huistaal as Medium onderwys moet ontvang.

(5) Re **Ontgroening** (Bylae IV, 32) beveel u Komm. aan dat 'n skrywe sal gerig word aan die Departement van Onderwys en aan die Outoriteite van die verskillende opvoedingsinrigtinge om te wys op die onwenslikheid

van die buitesporighede in verband met die ontgroeningsseremonies.

(6) Met betrekking tot **Christen Studente Vereniging** (Bylae I (II), 3, beskrywingspunt Pred. Wakkerstroom), is u Komm. oortuig dat die HoogEerw. Sinode die geseende werk wat die C.S.V. doen waardeer, maar aangesien daar 'n jaarlikse biddag vir studente is en seker op versoek in al die Gemeentes vir die Vereniging gekollekteer word, het u Komm. nie die vrymoedigheid om nog 'n Sinodale kollekte aan te beveel nie.

(7) Re doeltreffende **Handleiding vir Katkesasies** (Bylae I (II), 4, beskrywingspunt Pred. Wakkerstroom), wordt die beskrywingspunt aanbeveel.

(8) **Onderwysstelsel en onbevredigende Eksamestelsel** (Bylae I (II), 5, beskrywingspunt 1ste Pred. Ermelo.)

U Komm. beveel aan, dat die HoogEerw. Sinode 'n skrywe sal rig aan die uitvoerende Komm., te kenne gewende dat hy met dank kennis neem van die feit, dat daar pogings aangewend word om ons onderwysstelsel meer prakties, doeltreffend en veelsydig te maak en vertrou hy dat die uitvoerende Kom. daarin sal slaag om 'n onderwysstelsel in te voer, wat hom aanpas by die behoeftes van ons volk.

(9) Re Handelwyse Uitvoerende Komm. **aanstelling Direkteur ens.,** (Bylae I, (II), 6, beskrywingspunt 1ste Pred. Ermelo).

Beveel u Komm. aan:—

(a) Dat die HoogEerw. Vergadering sy afkeuring uitspreek oor die aanstelling van die nuwe Direkteur van Onderwys as in direkte stryd met die gevoel en regmatige verwagtinge van die Afrikaanse Volk.

(b) U Komm. ag dit wenslik dat die HoogEerw. Vergadering hom onomwonde sal uitspreek oor die sluiting van sekere skole.

(10) **Bevordering van Spaarsaamheid** (Bylae I (II), 7).

U Komm. beveel aan dat volgens die beskrywingspunt van die Pred. van Vrederust sal gehandel word.

(11) **Verslag Komm. vir Bybelverspreiding.** (Bylae XXII).

(a) U Komm. beveel aan dat punte 1, 4, en 5 vir kennisgewing aangeneem word.

(b) Re punt 3 aanstelling Kolporteur (Vide beskrywingspunt, Bylae I, (II), 2.)

Beveel u Komm. aan dat die bowegenoemde Komm. so spoedig moontlik in onderhandeling sal tree met die B. en B. B. Genootskap, hom herinnerende aan 'n bestaande ooreenkoms met die HoogEerw. Sinode, ten einde 'n Kolporteur vir ons kerk aangestel te kry.

(c) Met betrekking punt 2 Boekhandel beveel u Komm. aan:—

(a) dat die Komm. vir Bybelverspreiding 'n poging sal aanwend om vir ons kerk 'n Boekhandel opgerig te kry.

(b) dat aan die genoemde Komm. vir initiale uitgawes uit die Sinodale kas 'n lening van £200.0.0 teen 6% rente vir drie jaar sal toegestaan word.

(12) Met Referte **'n brief van Oudl. W. A. Theron,** Kolporteur van die Gemeente Pretoria Oos, word met dank kennis geneem van sy vriendelike aanbod om behulpsaam te wees met die verspreiding van die Bybel, maar aangesien ons hoop dat hierdie Sinode 'n offisiële Kolporteur vir ons kerk sal aanstel word sy brief verwys naar die Komm. vir Bybelverspreiding.

(13) U Komm. hoop om betyds gereed te wees met die tweede deel van sy rapport.

Die HoogEerw. Vergadering die seen van die Heer toebiddende,

U HoogEerw. Dw. Dnrs.,

A. P. Burger, Voors.
D. P. Cillie.
A. W. de Waal.
J. van Bruggen.
D. J. Keet.
T. C. Stoffberg.
G. D. Worst, Skrieba.

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR OPVOEDING EN ONDERWYS.

(Twede Deel.)

HoogEerw. Heer,

U Komm. het die eer as volg te rapporteer oor die nog oorgeblewe stuk wat onder sy aandag gebring is.

SINODALE SONDAGSKOOL KOMM. VERSLAG.

(BYLAE XXIII).

1. Punt 1 van bôgenoemde verslag word vir kennisgewing aangeneem.

2. Re **Statistiek** (vgl. Bylae VII, 1, 21) beveel u Komm. aan dat die Kerkrade jaarliks by die Ringsver-

gadering verslag sal doen van hoeveel kinders van skoolgaande ouderdom daar in die gemeente is, wat nie 'n Sondagskool bywoon nie.

3. **Organisasie.** U Komm. beveel aan dat in die Herderlike brief die Kerkrade sal gewys word op die geestelike versorging van die kinders deur belangstelling te toon in die wyks- en dorpsondagskole.

4. Re **Kinderdienste** word vir kennisgewing aangeneem.

5. **Kinder-Sondag.** Die aanbeveling van die bôgenoemde Komm. hieromtrent wordt aangeneem.

6. Re **Kinderfeeste** word die aanbeveling van die Sondagskool Kom. aangeneem.

7. **Voorbereidingsklasse** van Onderwysers. U Komm. beveel aan dat op die wenslikheid van die klasse vir Sondagskoolonderwysers sal gewys word in die herderlike brief.

8. Word vir kennisgewing aangeneem.

9. Word punte 1 en 2 met dank van kennis geneem; re (3) **"Ons Kinderblad"** beveel u Komm. aan dat die Sondagskoolkomm. die Kinderblad prominent onder die aandag sal bring deur middel van 'n publikasie in die Kerkbode en die Kindervriend.

10. Re (1) **inskrywinge**—het u Komm. met leedwese kennis geneem van die agteruitgang van die getal, wat hulle in die afgelope drie jaar aangebied het vir die Bybelkenniseksamens en beveel u Komm. aan dat daar weer 'n afsonderlike Komm. vir Bybeyenniseksamens sal aangestel word.

(2) **Finansies** word vir kennisgewing aangeneem.

II. Re gebruik maak van die dienste van Ds. J. J. Hattingh word die handelwyse goedgekeur.

Addendum. Wat hier gevra word beveel u Komm. aan, maar op voorwaarde dat die Verslag van die Rings Sondagskoolkomm. jaarliks in duplikaat by die Ringsskrieba sal ingelewer word.

Re **Konsep-Reglemente,** Sondagskool Unie en organiserende Sekretaris, Bylae 1 en 2.

(a) Dit kom u Komm. enigsins vreemd voor dat die Konsep Reglemente nie onderteken is nie en ook nie juis aanbeveel word nie.

(b) U Komm. beveel dus aan dat die HoogEerw. Sinode hom eers sal uitspreek oor die beginsel met betrekking tot die sake in die reglemente genoem en indien die HoogEerw. Vergadering besluit om die voorgestelde aan te neem, dan 'n Komm. te benoem vir noukeurige ondersoek en rapport.

Vertrouende dat ons hiermee aan ons opdrag voldoen het,

HoogEerw. Heer en dw. Dnrs.,

A. P. Burger, Voorsitter.
A. W. de Waal.
D. J. Keet.
T. C. Stoffberg.
J. van Bruggen.
G. D. Worst, Skrieba.

BIJLAGE XXII.

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR BYBEL-VERSPREIDING.

Aan die HoogEerw. Moderator Sinodi:
HoogEerw. Heer,

U Kommissie het die eer as volg te rapporteer oor sy werksaamhede:

1. **Vergaderinge.**

U Kom. het van tyd tot tyd vergaderinge gehou om te soek uitvoering te gee aan die opdrag van die HoogEerw. Sinode, n.l. om deur middel van kolportasie die Bybel en Kristelike boeke te versprei en in verband daarmee 'n begin te maak met die boekhandel.

2. **Boekhandel.**

Onmiddellik na die laaste Sinode is stappe gedoen deur die Sinodale Kom. om 'n Saakgelastigde aangestel te kry en het u Kom. geoordeel, dat 'n Boekhandel alleen goedskiks tot stand kan gebring word in oorleg met sodanige Saakgelastigde en in verband met sy kantoor. Daar die kwessie van die aanstelling van 'n Saakgelastigde jare in beslag geneem het, sonder dat iemand vir die betrekking gevind kon word, is dit u Kom. nie moontlik gewees om met 'n Boekhandel 'n begin te maak nie. U Kom. wens beskeidenlik die oordeel uit te spreek dat sodanige Boekhandel alleen 'n verband met 'n Saakgelastigde se kantoor op tou gesit kan word, indien groot kapitaal nie daarin beleg sal word nie.

3. **Kolportasie.**

Ook die saak van Kolportasie is deur bogenoemde toestand van sake opgehou geword. Later, toe dit blyk, dat 'n Saakgelastigde nie gou aangestel sou word nie en daarmee die gedagte aan 'n Boekhandel vireers laat vaar moes word, het u Kom. stappe probeer doen om een of meer Kolporteurs aan te stel. Hierin het u Kom. egter gestuit op die moeilikheid van gebrek aan die nodige fondse. Die Kwestor Sinodi was wel gewillig om aan u Kom. 'n paar honderd pond te leen, wat op 'n seker bepaalde tyd terug betaal moes word, maar u Kom. het nie die vrymoedigheid gehad om hierdie verantwoordelikheid op sig te neem nie, en is beslote om te wag sodat die HoogEerw. Sinode sig hieromtrent duidelik kan uitspreek.

4. **Bybelverspreiding.**

U Kom. is steeds in verbinding gewees met die B. en B.B. Genootskap, wat 'n kostelike werk doen insake die verspreiding van Gods Woord veral. Ook het u Kom. met blydskap kennis geneem van die verspreiding van die Bybel, wat in vele gevalle deur Ring en Kerkraad behartig word.

5. **Verontskuldiging.**

U Kom. bied beleef sy verontskuldiging aan dat hierdie verslag so laat ter hand gestel word. Die skrieba van U Kom., wat tewens afgevaardigde van die gemeente La Rochelle is, het nog nie ter vergadering verskyn nie.

Met verskuldigde hoogagting,

U HoogEerw. Dw. Dnr.,

Lede van die Kommissie:
D. P. Cillie, Voorsitter.
D. F. Marais.
T. D. Potgieter.

BIJLAGE XXIII.

VERSLAG VAN DIE SINODALE SONDAGSKOOL-KOMMISSIE.

HoogEerw. Heer,

U Kommissie het die eer die volgende verslag die H.E. Sinode voor te lê:

I. **Werksaamhede.**

Sedert ons laaste Sinodale Vergadering het u kommissie driemaal vergader. As gevolg van 'n vriendelik versoek vir besuiniging deur die H.E. Aktuarius, is so veel as moontlik van die werk deur die pos en by wyse

van omsendbrief gedoen. Hierdeur vertrou u kommissie dat ons die Sinodale kas heelwat bespaar het, en dat ons tog ons werk in belang van die Sondagskole van ons kerk getrou behartig het.

Verteenwoordigers van u kommissie het twee vergaderings van Sinodale S.S. Kommissies van die Susterkerke in die ander drie prowinsies bygewoon. 'n Konsep Reglement van die S.Skoolunie van S.A. word as Bylaag I tot ons verslag toegevoeg.

Op die Sinode van 1922 is die aanstelling van 'n S.Skool Sekretaris verwys geword na ons kommissie om by hierdie sitting rapport te doen (Sinodale Notule 1922, pag. 57). 'n Konsepreglement oor die aanstelling van S.Skool Sekretaris word as Bylaag II tot ons rapport toegevoeg, wat ons ten sterkste aanbeveel.

II. **Statistiek.**

Dit is ons onmoontlik om 'n volledige statistiek u voor te lê, aangesien net vyf uit die sewe Ringe aan ons die nodige gegewens besorg het. Met die dood van Ds. P. S. Venter het u kommissie sy verteenwoordiger op die Ring van Johannesburg verloor, en ontbreek ons gevolgelik al die gegewens in verband met die Sondagskole in daardie Ring. Ds. J. J. Hattingh as verteenwoordiger op die Ring van Lydenburg het na 'n ander Ring vertrek, sodat ook die statistiek van daardie Ring ons nie bereik het nie. Wat ons egter bereik het toon aan, dat die toestand op Sondagskoolgebied nog baie te wense oorlaat. Die getal kinders op die dagskole oortref die op die Sondagskole by ettelike duisende. As ons in gedagte hou, dat die kinders op veel vroeër leeftyd na die Sondagskool gaan as na die dagskool, dan kom ons tot die gevolgtrekking dat 'n groot aantal kinders nie van die Sondagskool gebruik maak nie. Veral in sommige gemeentes is die getal kinders op die Sondagskool in vergelyking met die op die dagskool onrusbarend klein.

III. **Organisasie.**

Die tyd is meer dan ryp, dat met die organisasie van ons Sondagskole werk sal gemaak word. In afsonderlike gemeentes word prysenswaardige poginge aangewend om die organisasie op 'n gesonde voet te kry, maar van eenvormigheid in ons kerk is hoegenaamd nog nie sprake nie. Met ons organisasie sou die dagskole 'n hopelose mislukking blyk te wees. Dit is 'n feit, wat ons tot droefheid stem, dat in baie gemeentes die

Sondagskool nie die ondersteuning en aandag van die betrokke Kerkrade geniet, wat dit toekom nie. As die Sondagskool die kweekplaas is van die toekomstige gemeente, dan moet, aan die Sondagskool geoordeel, die toekoms daar donker wees.

IV. **Kinderdienste.**

Oor die algemeen word kinderdienste in al ons gemeentes gehou, in die meeste gevalle om begryplike redes alleen met Nagmaal. Ook hier is dit ons duidelik, dat die kind nog nie die plek in ons gemeentelik lewe inneem, wat hom toekom nie. U kommissie kan nie gaan voorskrywe nie. Die inisiatief moet aan die plaaslike Kerkrade oorgelaat word. Ons vrees egter, dat, ten koste van die kind, alles aan die volwassenes opgeoffer word.

V. **Kinder-Sondag.**

In verskillende gemeentes is die Kindersondag 'n vaste instelling geword. Dit is die geleentheid om die Sondagskool prominent voor die aandag van die ouers in die gemeente te bring, en belangstelling in die Sondagskool op te wek. Waar die Kindersondag ingevoer is, het die Sondagskool voordeel daaruit getrek. U kommissie kan nie sterk genoeg die invoering van so'n Kindersondag by die Kerkrade aanbeveel nie.

VI. **Kinderfeeste.**

Groter aanmoediging vir die kinders om die Sondagskool by te woon as 'n jaarlikse kinderfees kan moeilik aanbeveel word. Die gemeentes—slegs weinige in getal —wat jaarliks hulle kinderfeeste organiseer, getuig van die inspirasie van dergelike feeste vir kinders en onderwysers. Daar moet meer vir ons kinders gedoen word, en die bywoning van ons Sondagskole moet meer aantreklik gemaak word. U Kommissie is oortuig, dat so 'n jaarlikse kinderfees in 'n bepaalde behoefte voorsiening maak.

VII. **Voorbereidingsklasse met die Onderwysers.**

Die sukses en nut van ons Sondagskole hang hoofsakelik van die onderwysers af. Die Kerk beskik ongelukkig nie oor die onderwysers van die gehalte van die van ons dagskole nie. Vir die grootste gedeelte is ons Sondagskoolonderwysers manne en vroue, wat nie 'n pedagogiese opleiding ontvang het nie. Vandaar dat ons meen, dat die Voorbereidingsklas onontbeerlik is vir ons

onderwysers. In die meeste gemeentes is die voorbereidingsklas met die onderwysers dan ook al 'n vaste instelling geword, en getuig die onderwysers, dat hulle sonder die voorbereiding nie in staat sou wees om voor hul klas te verskyn nie. Van harte wil u kommissie by die H.E. Sinode daarop aandring, dat die voorbereidingsklas in al ons gemeentes sal ingevoer word.

VIII. **Konferensies.**

Byna sonder uitsondering word Sondagskoolkonferensies in al ons Ringe jaarliks gehou. In verskillende gemeentes is dit ook gebruiklik om 'n gemeentelike konferensie met die onderwysers te hou. U kommissie kon met die oog op die Algemene Sondagskoolkonferensie in Junie 1924 te Bloemfontein gehou, geen provinsiale konferensie vir die Sondagskole van ons kerk organiseer, soos die plan was nie. Op die Algemene Konferensie te Bloemfontein in Junie 1924 gehou was 42 gemeentes van ons Kerk verteenwoordig deur 79 afgevaardigdes. Die verslag van die Algemene Konferensie, wat in druk verskyn het, wil u kommissie ten sterkste vir noukeurige studie en verspreiding by ons onderwysers aanbeveel.

IX. **Literatuur.**

(1) Die **Roosters** gee oor die algemeen bevrediging. Aangesien die Roosters opgestel word vir gebruik in al vier die prowinsies van die Unie, is dit onmoontlik om die Rooster te laat aanpas by plaaslike of selfs prowinsiale omstandighede. Die gefedereerde kommissie meen egter instaat te wees om in die komende jaar ettelike verbeteringe aan te bring.

(2) **"Die Kindervriend"** as die maandblad vir die onderwysers en die offisiële orgaan van die gefedereerde Sondagskoolkommissies doen goeie werk. Die meeste van die gemeentes ontvang dit, en getuig van die nut wat dit is vir die onderwyser. "Die Kindervriend" soek veral om in die behoefte van die onderwyser in die buitewyke van ons gemeentes voorsiening te maak. As die ondersteuning dit toelaat hoop die gefedereerde kommissie om binnekort noodsakelike verbeteringe in die blad aan te bring.

(3) **"Ons Kinderblad",** die maandblad vir ons Sondagskoolkinders, ontvang nie die steun wat dit verdien nie. Dit is maar 'n gering getal kinders wat daarop inteken. Dit wil ons voorkom asof die meeste kinders nie

van die bestaan van so 'n blad bewus is nie. Al wat nodig is, is net 'n woord van aanbeveling deur die Superintendente van Sodagskole en die sorg plaatselik vir verspreiding en versending van intekengelde. U kommissie wil "Ons Kinderblad" van harte aanbeveel by die kinders in ons Sondagskole.

X. **Bybelkenniseksamen.**

(1) **Inskrywing.** Sedert die afskaffing van die vroeëre Bybelkennis-Eksamenkommissie en die inlywing van genoemde kommissie by die Sinodale Sondagskool Kommissie het die getal van inskrywinge vir die Bybelkennis-eksamen geweldig gedaal. 'n Vergelyking tussen die jare '23, '24 en '21 toon aan, dat die inskrywinge vir '23 en '24 vir die twee jaar saamgeneem presies 200 minder was as in '21. Hier volg die inskrywinge oor die drie jaar:

(a) 1922 Laere 750, Hoëre 109.
(b) 1923 Laere 215, Hoëre 28.
(2) 1924 Laere 358, Hoëre 34.

(2) **Finansieel.**

	Ontvang.	Uitgawes.	Saldo.
(a) 1922	£101 8 0	£62 9 8...	£38 18 4
(b) 1923	£51 14 10	£25 2 1	£26 12 9
(c) 1924	£45 16 9	£23 0 6	£22 16 3

XI. Art 113 (5).

U kommissie versoek die H.E. Sinode beleefdelik die volgende handelwyse goed te keur. Ten spyte van die vertrek van Ds. J. J. Hattingh uit die Ring van Lydenburg het u kommissie besluit om tog die dienste van Ds. Hattingh te blyf behou, aangesien hy die eksamenpapiere vir die Bybeykennis-eksamen reeds uitgestuur het.

Addenda.

U kommissie beveel aan dat die verslae van die Rings Sondagskoolkommissie na behandeling jaarliks aan die sekretaris van die Sinodale Sondagskoolkommissie sal opgestuur word.

Met toebidding van die seën van die Heer,

U Broeders in die Heer,

C. J. SNIJMAN, Voorsitter.
P. A. THERON.
J. J. HATTINGH.
P. J. SWART.
J. C. PAUW.
J. S. THERON, Sekretaris.

BYLAAG I.

KONSEP-REGLEMENT VAN DIE S. SKOOLUNIE VAN SUID-AFRIKA.

I. **Naam.**

Die naam van die Unie sal wees.—Die Sondagskool-Unie van Suid-Afrika in verband met die Ned. Ger. Kerke van die Kaap, O.V. Staat, Natal en die N.H. of G. Kerk van Transvaal.

II. **Doel.**

Die doel van die Unie is die behartiging van die geestelike belange van die kinders van genoemde Kerke deur middel van die S. Skool.

III. **Samestelling en Lidmaatskap.**

a. Die Unie sal bestaan uit al die S. Skole van die Gefedereerde Kerke, wat vrijwillig daarby aansluit.

b. Van elke gemeentelike S. Skool bestuur word verwag:—

1. Om 'n gemeentelike Unie bestaande uit al die S. Skole van die gemeente te vorm, met die Sekretaris waarvan die Algemene Sekretaris soveel moontlik in voeling sal bly.
2. Om te sorg vir 'n jaarlikse statistieke opgaaf, volgens 'n vorm deur die Alg. Sekr. verskaf.
3. Om 'n jaarlikse kontribusie tot die algemene fondse by te dra, proporsioneel gereken teen die basis van £1 per elke 100 kinders.

IV. **Bestuur.**

a. **Personeel.** Die Alg. Bestuur van die Unie sal bestaan uit 8 lede, benoem deur die Sinodale S. Skoolkommissies (of Kommissies vir Arbeid onder die jeug, soos die geval mog wees) van die genoemde Kerke, as volg:—uit die Kaap 3 lede, uit die O.V.S. 2, uit Transvaal 2 en uit Natal 1 lid, met hulle respektiewe sekundilede.

b. **Dienstyd.** Elke lid bly in diens totdat sy opvolger aangestel is.

c. **Vergaderinge.** Die Alg. Bestuur vergader jaarliks omtrent die maand Junie, en kies by die geleentheid telkens sy Voorsitter, Sekretaris en Penningmeester.

d. **Werksaamhede.** Aan die Alg. Bestuur is opgedra:—

1. Die aanstelling en besoldiging van, en toesig oor 'n Organiserende Sekretaris.
2. Die opstel van Lessereekse, en die uitgee van jaarlikse Roosters.
3. Die uitgee van die Kindervriend as offisieel orgaan van die Unie.
4. Die daarstelling en bestier van 'n Depot, onder toesig van die Org. Sekretaris, om voorsiening te maak vir S. Skool Literatuur, en ander benodighede.
5. Die behartiging van die finansiële aangeleenthede van die Unie.
6. Die reeling van 'n S. Skool-Konferensie vir die hele Unie minstens eenmaal in die vier jaar.
7. Die opleiding van die S. Skoolonderwysehs, o.a. deur middel van Vakansiekursusse.
8. Die bevordering van die S. Skool belange in die algemeen, sodat die S. Skool die plek in onse Kerk sal inneem, wat hom toekom.

V. **Algemeen.**

1. Die Alg. Bestuur sal in alles met die liggame, wat deur die Sinodes, Ringe en Kerkrade aangestel is, om S. Skool sake te beheer, hartlik saamwerk.

2. Geen verandering in hierdie Reglement sal gemaak word nie, sonder die toestemming van die Sin. S. Skool Kommissies van die Gefedereerde Kerke.

BYLAAG II.

KONSEP REGLEMENT VAN DIE ORGANISERENDE S. SKOOLSEKRETARIS.

1. Die S. Skool Organiserende Sekretaris sal 'n predikant van onse Kerk wees.

2. Hy word aangestel deur die Alg. Bestuur van die S. Skool-Unie, wat verantwoordelik is vir sy salaris.

3. Wat sy werk betref, sal hy onder toesig staan van die genoemde Bestuur, en wat tug aangaan onder die Ring waaronder hy sorteer.

4. Sy werk sal wees:—

a. Die uitvoering van die besluite van die Alg. Bestuur.
b. Die Redaksie van die Kindervriend.
c. Die toesig oor die S. Skool Depot.
d. Die algemene belange van die S. Skole in oorleg met bestaande Kerklike liggame te bevorder deur aanmoediging en soveel moontlik bywoning van S. Skool Konferensies, en van die Vakansiekursusse vir onderwysers.
e. Die doen van jaarlikse verslag van sy werksaamhede aan die Alg. Bestuur.
f. Die administrasiewerk in verband met die inwin van statistiek en die jaarlikse kontribusies van die S. Skole.

5. Hy sal *ex offisio* lid wees van die Alg. Bestuur.

BIJLAGE XXIV.

VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR OPVOEDING.

Aan die Hoog Eerw. Moderator Sinodi.

Hoog Eerw . Heer,

Die Sinodale Kommissie vir Opvoeding het die eer as volg te rapporteer oor sy werksaamhede sedert die laaste Sinodale Vergadering.

1. **Vergadering.**—Van tyd tot tyd werd Vergaderinge gehou ten einde aansoeke om beurstoelae in behandeling te neem, 'n wakende oog oor opvoeding in die algemeen te hou en alle voorkomende sake in verband met opvoeding te behandel.

2. **Beurstoelae.**—In die genoemde tydperk is aan 24 applikante beurstoelae toegeken geword, sommige van wie deur voltooiing van studie as anderssins, reeds opgehou het om ondersteuning te ontvang. Op die oomblik ontvang nog 16 hulp uit die Normaal Skoolfonds.

3. **Afbetalinge.**—Sedert die laaste Sinode het drie leerlinge hulle leninge geheel afbetaal en vier gedeeltelik.

4. **Finansies.**—Die geldelike toestand van die Fonds is heeltemaal gesond (sie verslag van Kwestor Sinodi), dog U kommissie wil daarop wys, dat daar 'n aanmerkelike daling was in die kollektes vir die Fonds in vergelyking met die vorige drie jare. U Kommissie het meer aan beurstoelae toegeken, dan deur kollektes gestort is. Die flinke terugbetaling van leninge deur sommige alumni het sulks moontlik gemaak.

5. **Gedragslyn.**—U Kommissie stel hiermee bekend dat hy die volgende gedragslyn volg:—

a. By aansoeke om beurstoelae word, alle andere dinge gelyk synde, die voorkeur gegee aan applikante wat die Matrikulasieeksame afgelê het.

b. Aansoeke om toelae vir elke jaar, word ontvang tot op 30 November van die vorige jaar. Deur hierdie reëling werd heelwat verwarring voorkom.

c. Aan die end van elke jaar moet beurshouers aansoek doen om hernuwing van hulle toelae vir die volgende jaar, met voorlegging van 'n rapport van hulle werk op skool of Kollege gedurende die jaar.

d. Aan die Kwestor Sinodi is opgedra om die nodige stappe te doen ten einde verskuldigde leninggelde ingevorder te kry, volgens ooreenkoms.

U Kommissie is van oordeel, dat dit veel beter deur die Kwestor gedaan kan word dan deur 'n liggaam soos die hele Kommissie. Die feit, dat 'n te groot aantal nog geld skuld aan die fonds is bewys genoeg, dat die reëling van die verlede, waarby die Kommissie self moes trag gelde in te vorder, nie die gewenste was nie.

6. **Onderhoud met Uitvoerende Komitee.**—In 1923 het 'n deputasie uit U Kommissie 'n onderhoud gehad met die Uitvoerende Komitee en aangedring op , (a) beter Bybelstudie op skole; (b) Die daarstel van voorlopig ten minste een degelike Landbouskool in Oostelike Transvaal en een Industriële skool in Westelike Transvaal.

Die deputasie is vriendelik ontvang en die belofte is gedaan dat aandag aan die voorgebragte sake gegee sou word. Daar vakonderwys nou uit hande van die Prov. Admministrasie geneem is, was dit U Kommissie nie nodig die Uitv. Komitee aan hulle belofte in dese te herinner nie.

7. **Vermindering van Beurse.**—U Kommissie is ook in onderhandeling gewees met die Uitv. Komitee

oor die vermindering, deur die Dept. van Onderwys van losiesbeurse aan die begin van 1924 en het die versekering ontvang, dat hierdie kwessie voor die end van 1924 deur die Uitv. Komitee weer in behandeling geneem sou word, ten einde so moontlik gemelde beurse weer op hulle vorige basis te breng. Sinds die tyd het U Kom. niks verder hieromtrent verneem nie.

8. **Protes Aanstelling Direkteur van Onderwys.**—Die volgende protes is deur U Kommissie aan die Uitvoerend Komitee gestuur: "Die Sinodale Kom. vir Opvoeding spreek sy diepe teleurstelling uit, dat by die onlangse aanstelling van 'n Direkteur van Onderwys, terwyl die saak so prominent voor die aandag van die Uitv. Komitee was, ook van die kant van ons Kerk daar nie 'n persoon aangestel is as Direkteur wat:—

a. 'n Suid Afrikaner van geboorte is nie,

b. sig betoon het meer in simpatie met landsomstandighede te wees nie,

c. beter gekwalifiseer is vir die belangrike betrekking nie.

Die Kommissie is van oordeel, dat die saak van Onderwys in die hele Provinsie deur hierdie aanstelling nie die beste gedien is nie en wens hierby beleef, dog sterk, te protesteer teen gemelde aanstelling."

9. **Moedertaal-Onderwys.**—U Kommissie het 'n brief ontvang van 'n lid van die Vereniging van Hoofde van Afrikaans Medium Skole op die Rand, waarin gewys word op die ongesonde toestand, dat onder Ordinansie 5 van 1911 baie Afrikaner kinders in Engels Medium Skole opgeneem word, en gevraag word, dat die saak deur die H.E. Sinode bespreek sal word.

U Kom. wens aantebeveel, dat dit sal geskied en dat aangedring sal word op sodanige verandering van die bewoording van gemelde ordinansie, dat geen opening sal gelaat word nie vir die ontduiking van die eintlike doel daarvan.

Vertrouende dat U Kommissie hiermee aan sy opdrag voldoen het, en met verskuldigde hoogagting,

U Hoog Eerws. Dw. Dnr.

J. W. G. STRASHEIM,
Voorsitter.
H. W. ZIERVOGEL.
T. C. STOFFBERG.
J. P. LIEBENBERG.
D. F. MARAIS, Skrieba.

BIJVOEGSEL.

VERSLAG VAN KOMMISSIE AANGAANDE MOEDERTAAL MEDIUM OP SKOLE.

Hoogeerw. Modartor.

Die kommissie, aangestel om die H.E. Administrateur te ontmoet omtrent die moedertaal-medium op skole, wil as volg rapporteer:

Ons het Sy Hoogedele die Administrateur vanmôre ontmoet, en aan hom voorgedra:—

a) Dat die keuse nie by die ouer nie, maar by die onderwyser onder kontrole van die Inspekteur, moet berus, om te bepaal deur watter medium die kind sy onderwys sal kry.

b) Dat kinders onder St. 4, wat nou in skole of klasse is waarhulle moedertaal nie as medium gebruik word nie, verplaas moet word na skole of klasse waar dit wel die geval is.

c) Dat die ouer alleen in gevalle waar daar waarlik twyfel bestaan wat die moedertaal van die kind is, die keuse moet hê om te besluit.

Sy Hoogedele het met ons sy planne en ons moeilikhede bespreek, en het verklaar:

a) dat hy op suiwer opvoedkundige gronde daarvoor is om te bewerk dat elke kind deur sy moedertaal sy onderwys sal kry.

b) Dat hy reeds 'n konsepvoorstel vir wetsverandering in die rigting in gereedheid gebring het, en

c) Dat hy in onderhandeling met die leiers van die verskillende partye in die Prow. Raad is, om die aanname van die voorstel te verseker.

d) Dat hy nie meen dat kinders wat reeds op skool is deur wetgewing in 'n ander skool moet oorgeplaas word nie.

Ons het eindelik die administrateur verseker van die ondersteuning van die kerk in sy poginge onder a), b) en c) genoem, en vertrou dat die Hoogeerw. Sinode dit sal goedkeur.

Lede van die Kommissie:

Wm. Nicol.
G. D. Worst.
A. W. de Waal.

Pretoria, 13 Mei, 1925.

BIJLAGE XXV.

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR FONDSE.

(Eerste deel.)

HoogEerw. Moderator,

Die ondergetekendes het die eer hiermee verslag te doen van die volgende stukke wat hulle ter hand gestel is :—

I. **Verslae** van:
   A. Die Kwestor Sinodi.
   B. Die Finansiële Kommissie.
   C. Die Kwestor van die Sinodale Sendingfonds.
   D. Die Kwestor van die Sending onder Israël Fonds.

II. **Beskrywingspunte** (Bylae I (V).)

III. **Briewe** gemerk C en K en rapport gemerk H. (Bylae I (V).)

IV. **Algemeen.**
   A. Verslag van die Sinodale Kommissie.
   (a) Punt 4 (e), Bylae IV.
   (b) Punt 4 (g), Bylae IV.

I. **A. Verslag van die Kwestor Sinodi.** Bylae XXVI.

1. Re punt 1. **Fonds onder beheer van die Kwestor** (a)...... (K) vir kennisgewing aanbeveel.

2. Watpunt 2 betref wys u Kommissie daarop, dat daar nou meer fondse is dan vermeld onder **Art. 105,** en beveel aan dat die nodige verandering in die omvang van die betrokke Artiekel sal gemaak word.

3. Punt 3 (a) vir kennisgewing aanbeveel.

4. Punt 3 (b). U Kommissie beveel aan dat die punt hier vir kennisgewing aangeneem word, aangesien die saak later onder beskrywingspunt 4 (Bylae I, V, 4) behandel word.

5. Punt 3 (c). Vir kennisgewing aanbeveel.

6. Punt 3 (d). Vir kennisgewing aanbeveel.

7. Punt 3 (e). U Kommissie verbly sig oor die aanmerklike vermindering in die **Koste van die Kommissies** van die Sinode.

8. Punt 3 (f). U Kommissie merk op dat daar 'n groot verskil is in die stortinge vir die **Predikante Weduwefonds** oor die laaste vyf jaar. Dit vir kennisgewing aanbeveel.

9. Re punt 4—**Hulpbehoewende Gemeentefonds**—neem u Kommissie met leedwese kennis van 'n daling in die kollektes vir die Fonds van £194.9.7 oor die laaste drie jaar. U Kommissie is van oordeel dat spesiale poginge deur die Ringe behoort aangewend te word om die Fonds te styf. Daar dien op gelet te word dat £1103.18.1 bestee is aan Oos-Afrika en aan ons hulpbehoewende gemeentes in Transvaal £225.

10. Re punt 5 (a)—**Normaal Skool Fonds**—vir kennisgewing aanbeveel.

11. Re punt 5 (b). Die **batig saldo** van die Fonds staan nou op £404.18.10. In verband met die Fonds word by die behandeling van beskrywingspunt (2), Bylae I (V) 'n aanbeveling gedaan.

12. Re punt 6—**Vierde Professor Fonds**—beveel u Kommissie aan dat die hele bedrag £859.0.11 deurgestuur sal word volgens besluit van die vorige Sinode.

13. Re punt 7—**Oos Afrika Voortrekkers Fonds**—vir kennisgewing aanbeveel.

14. Punt 8—**Spoorweg Predikant Salaris Fonds**—In verband met hierdie punt word behandel punt 4 (g) Sinodale Kommissie Verslag (Bylae IV). U Kommissie beveel aan dat die vakature van Spoorweg Predikant voorlopig nie weer opgevul sal word nie, en dat die balans van die Fonds, b.v. £141.8.6, en die verdere bydrae sal gebruik word vir die salaris van 'n arbeider onder die delwers.

15. Re punt 9—**Fonds vir Noodlydendes in Sentraal Europa**—beveel u Kommissie aan dat die balans £9.11.6 sal gestort en hierdie Fonds gesluit word.

16. Punt 10—**Fonds vir die Bearbeiding van Afrikaanse Studente in Europa.**—In verband met hierdie Fonds is daar 'n tekort van £39.13.2. U Kommissie adviseer dat by die gemeentes wat nog nie vir die doel bygedra het nie aangeklop sal word ten einde onse verpligtinge na te kom.

17. Punt 11.—**Fonds vir die Afrikaanse Vertaling van die Bybel.**

Aangesien die Sinode omtrent die saak reeds 'n besluit geneem het beveel u Kommissie aan dat hierdie punt vir kennisgewing aangeneem word.

18. Punt 12.—**Jubileum Fonds Berlynse Sending.** Vir kennisgewing aanbeveel.

19. Punt 13.—**Die Arme Blanke Fonds.**

Hierdie Fonds is sedert September 1924 onder administrasie van die Kwestor Sinodi gewees. Hier word

vermeld dat die Kwestor Sinodi dit nie gewens geag het om die boeke te laat ouditeer nie, aangesien die vorige Kwestor van die Fonds afwesig was. Die Fonds wys aan op 28/2/25 'n nadelige balans van £367.4.2 (Sie Bylae A van Bylae XXVI).

Die uitgawes aan reiskoste is £613.6.10, insluitende die reiskoste van die Sekretaris vir Arme Blanke van £255.6.8. U Kommissie ag die koste buitegewoon hoog. Andere uitgawes is ook besonder hoog, b.v. skryfbehoeftes £68.3.9 en drukwerk £99.3.3. Ook die ouditeursfooie t.w. £98.10 verbaas u Kommissie.

20. Punt 14—**Jaarlikse Oorsig.**

In verband met wat die Kwestor sê n.l. die noukeurige invulling van die vorm volgens Art. 58 (3) beveel u Kommissie aan dat die Ringe sal let op die versoek van die Kwestor.

21. Punt 15—**Algemeen Oorsig.**

(a) en (b) vir kennisgewing aanbeveel.

22. Punt 16.—**Opsomming volgens Art. 63** (21), (22), en (23).

(a) Vir kennisgewing aanbeveel.

23. Punt 16 (b). U Kommissie wil daarop attent maak dat in die geval van die Ringe van Potchefstroom, Lydenburg, Heidelberg, Zeerust, Johannesburg, daar **agteruitgang** gewees het op die gebied van die Fondse, wellig te wyte aan die staking, droogte en sprinkane. Verblydend is dit dat in geval van die Ringe van Rustenburg en Utrecht daar aanmerkelike **vooruitgang** was.

24. Punt 16 (c). Uit die verslag van die gesamentlike Ringe vir die afsonderlike fondse blyk, dat daar 'n groot vermindering was in die bydrae vir **Weesinrigtinge. Die opbreng in 1919—1922** was £27,876.17.6, terwyl dit in die afgelope drie jaar maar £13,575.19.1 was. Die vermindering is seker sorgwekkend. Ook is daar groot vermindering op te merk in die Sending onder Israël, Hulpbehoewende Gemeentes, en Arme Blanke Fondse. Vir die totale Sending is daar £4000 minder gekollekteer dan in die vorige drie jaar.

25. Punt 17. Vir kennisgewing aanbeveel.

26. Punt 18.—**Pensioen Ds. M. L. Fick.**—Die saak is reeds deur die Sinode afgehandel.

27. Punt 19.—**Storting uit Nedersettings Fonds vir Salaris van die permanente Sekretaris vir Arme Blanke.**

Aangesien Ds. M. L. Fick in die toekoms nie meer salaris sal trek als Sekretaris van Arme Blanke nie, adviseer u Kommissie, dat die aanbeveling van die Kwestor Sinodi goedgekeur sal word.

28. Punt 20.—**Storting uit Fonds vir Spoorweg Predikant Salaris by Fonds van Salaris van Permanente Sekretaris van Arme Blanke.**

Hierdie saak is reeds onder 14, punt 8 behandel, daarom hier vir kennisgewing aanbeveel.

29. Punt 21. Bylae D van Bylae XXVI—**Rentekoers Mnr. A. P. Maritz.** Met betrekking tot hierdie punt verneem u Kommissie van die Kwestor Sinodi, dat hoewel in die verband akte 'n rentekoers van 8 % bepaal is, dit gewysig is voordat die verband akte in sy hande gekom het en dat sedert 1903 en miskien nog voor die tyd rente teen 6% betaal is. Om dit formeel in orde te bring beveel u Kommissie aan, dat dit besluit sal word, dat die rentekoers op gemelde verband teen 6% sal gereken word.

En verder dat die Kwestor gelas word om die Akte van Transport van Mnr. A. P. Maritz op te eis en by die betrokke stukke te bewaar.

B. Verslag van die Finansiële Kommissie. (Bylae XXVII).

1. Punt 1. Vir kennisgewing aanbeveel. U Kommissie ag dit wenselik, dat daar te minste één vergadering in die jaar sal gehou word.

2. Punt 2.—**Broeder S. J. de Kock.**—Die Sinode is die oorlede broeder S. J. de Kock veel dank verskuldig vir die belangryke dienste deur hom bewese.

3. Punt 3.—**Verlof Rings Sendingkommissie van Ring van Johannesburg sekere standplaas te verkoop.**—Vir kennisgewing aanbeveel.

4. Punt 4.—**Standplaas te Ophirton.**—Vir kennisgewing met dank aanbeveel.

5. Punt 5.—**Koshuis te Nairobi.**—Vir kennisgewing aanbeveel.

6. Punt 6.—**Belegging van Kapitaal.**—Vir kennisgewing aanbeveel.

C. Verslag van die Kwestor van die Sinodale Sending Fonds. (Bylae XXVIII.)

1. Punt 1. Vir kennisgewing aanbeveel met dank.

2. Punt 2.—**Ouditeur van Boeke.**—Vir kennisgewing aanbeveel.

3. Punt 3.—**Belegging van Kapitaal in die "Rand Provident Society".**—U Kommissie verbly sig oor die gunstige toestand van die kas.

4. Punt 4 (a).—**Sinodale Sending Fonds.**—Vir kennisgewing aanbeveel.

5. Punt 4 (b).—**Sondagskool Sending Fonds.**—Vir kennisgewing aanbeveel.

6. Punt 4 (c).—**£10 aandele.**—Met waardering word dit vir kennisgewing aanbeveel.

7. Punt 4 (d). Vir kennisgewing aanbeveel.

8. Punt 4 (2).—**Uitbreiding.**—Vir kennisgewing aanbeveel.

9. Punt 5.—**"Die Vriendelik Versoek"**—U Kommissie beveel aan dat daar tog gehoor sal gegee word aan "die Vriendelik Versoek", dat dit tog bytyds sal opgestuur word met al die nodige informasie.

10. **Verslag v. d. Ouditeur.**—Vir kennisgewing aanbeveel.

D. Verslag van die Kwestor vir die Sending onder Israël. (Bylae XXIX).

1. Punt 1. Vir kennisgewing aanbeveel.

2. Punt 2.—**Bydrae van die Ringe**—vir kennisgewing aanbeveel.

3. Punt 3.—**Arbeider.**

U Kommissie verbly sig oor 'n batig saldo van £1733.18.10 en beveel aan dat met die Sendingwerk onder Israël so gou moontlik 'n aanvang sal gemaak word.

4. Punt 4.—**Boufonds.**—Vir kennisgewing aanbeveel.

5. Punt 5.—**Ouditeur van Boeke.**—Vir kennisgewing aanbeveel.

II. **Beskrywingspunte.** (Bylae I (V).)

1. Punt 1.—**Bydrae vir Nedersettings Fonds.**—Met betrekking tot hierdie beskrywingspunt is u Kommissie van oordeel dat daar Ringe is wat die gevraagde bedrag t.w. £200 jaarliks, nie kan opbring vir die Nedersettings Fonds nie. U Kommissie verbly sig oor die besluit van die Sinode om die versoek van £200 jaarliks van elke Ring in hersiening te neem, en hoop dat wanneer daar 'n versoek gebaseer op die draagkrag van die Ringe sal gedaan word, die Ringe hulle verpligtinge in die opsig sal nakom.

2. Punt 2.—**Normaal Skool Fonds.**—U Kommissie beveel aan dat punt 7, saam met hierdie beskrywingspunt, sal behandel word. Met betrekking tot die beskrywingspunt van die Ring van Rustenburg dat die Normaal Skool Fonds geskrap sal word, beveel u Kommissie aan dat hierdie beskrywingspunt sal goedgekeur word.

3. Punt 3.—**Reiskoste van Kommissies.**—Re wetgewing voorsiening makende vir die reiskoste van Kommissies van die Ringe waar hulle reis in verband met Ringswerk, sien u Kommissie hulle weg nie ope om dit aan te beveel nie.

4. Punt 4.—**Finansiële toestand van die gemeente Roos-Senekal.**

Aangesien die saak in hierdie beskrywingspunt genoem later in 'n brief onder die aandag gebring word, beveel u Kommissie aan dat die punt hier vir kennisgewing aanbeveel.

5. Punt 5.—**Afvaardiging naar Oos-Afrika.**

U Kommissie is van oordeel dat 'n besoek van die Moderator en sy Eggenoot goed sal wees vir die uitgewekenes in Brits Oos-Afrika en Duits Oos-Afrika, maar aangesien die fondse dit nie toelaat om die koste van die reis te dra nie, so besluit die Hoogeerw. Vergadering die som van £75 beskikbaar te stel tot dekking van die koste van die Moderator wat gevra sal word die uitgewekenes te besoek.

6. Punt 6.—**Aanstelling van Kolporteurs.**

U Kommissie beveel aan dat beskrywingspunt 14 in verband met hierdie punt behandel word, en adviseer dat 'n Kolporteur sal aangestel word, en dat dit aan die Kolportasie Kommissie opgedra word om die Brits en Buitenlandse Bybelgenootskap te nader in verband met hierdie saak. Vir die inisiale koste word daarvoor die som van £200 beskikbaar gestel als lening sonder rente.

7. Punt 7 is afgehandel onder 2 van hierdie rapport.

8. Punt 8.—**Predikante Pensioen- en Predikante Weduwe Fonds.**—Re die eerste gedeelte met betrekking tot Predikante Pensioen Fonds word 'n aanbeveling gedaan onder III stuk gemerk C. U Kommissie beveel aan dat die gedeelte wat betrekking het op Predikant Weduwe Fonds goedgekeur sal word.

9. Punt 9.—**Vermindering van Sinodale Heffinge.** Re beskrywingspunte 9 en 13 van die Kerkraad van Bloemhof en die Ring van Rustenburg respektiewelik adviseer U Kommissie teen die aanname van hierdie punte. In aanmerking nemende die vermeerderde uitgawes en verantwoordelikhede kan U Kommissie 'n vermindering van heffinge nie aanbeveel nie.

10. Punt 10.—**Sustentasie Fonds.**—Wat die daarstelling van 'n sterk Sustentasie Fonds betref, het U Kommissie vir die teenwoordige geen vrymoedigheid om

dit aan te beveel nie, aangesien hy die uitvoering van beskrywingspunt 12, n.l. die oprigting van 'n Sinodale Saal dringender ag.

11. Punt 11.—**Pred. Pensioen Fonds.**—U Kommissie beveel aan dat die Sinodale Kommissie so gou moontlik die nodige stappe sal doen waardeur ons Kerk reg van stemming sal kry in verband met die Predikante Pensioen- en Predikante Weduwe Fonds. Misluk dit dan sal eers 'n grondige ondersoek moet ingestel word naar die moontlikheid en wenslikheid van die daarstelling van eie fondse.

12. Punt 12.—**Sinodale Saal.**—In verband met die oprigting van 'n Sinodale Saal, beveel u Kommissie aan, dat so gou moontlik 'n begin sal gemaak word met die insameling van fondse vir die doel. Verder beveel hy aan dat die Sinode tydens hierdie sitting een of meer kollektante in elke Ring sal benoem, en dat die verskillende Kerkrade die kollektante alle hulp sal bewys viral in die vervoer.

13. Punt 13.—**Vermindering van Heffinge**—afgehandel onder punt 9.

14. Punt 14.—**Kolporteurs.** Afgehandel onder punt 6.

15. Punt 15.—**Sendelinge deel aan Pensioen Fonds.**—U Kommissie beveel aan dat die nodige stappe deur die Sinodale Kommissie gedaan sal word tot verkryging van wat in hierdie beskrywingspunt gevra word.

16. Punt 16.—**Reiskoste in verband met Algemene Sending Konferensie.**—U Kommissie kan die aanname van hierdie beskrywingspunt nie aanbeveel nie.

III. **Briewe gemerk C en K, en Rapport gemerk H.**

1. **Brief gemerk C re Predikante Pensioen Fonds.**

U Kommissie het voor hulle gehad 'n brief van Ds. J. G. de Bruyn, Saakgelastigde N. G. Kerk, aan Ds. J. M. Louw, Skrieba Sinodi, d.d. Maart 1925, in verband met die hersiene klassifikasie van die gemeentes in Transvaal in sake deelname aan die Predikante Pensioen Fonds. Met die oog op verhoging van Pensioen van £200 tot £250 per jaar, is u Kommissie van oordeel dat die voorgestelde klassifikasie sal goedgekeur word. Dit blyk dat daar nog 12 gemeentes is wat nog nie tot die Pred. Pensioen Fonds toegetree het nie. Ons adviseer dat die gemeentes so gou moontlik aandeelhouers van die Fonds sal word.

2. **Rapport gemerk H., re Gen. Joubert Fonds.**—Ook het u Kommissie voor hulle gehad 'n verslag van die Kuratore van die Genl. Joubert Fonds. Die Fonds is daargestel uit die boedel van wyle Mevr. Gen. Joubert. Die doel is geldelike steun te verleen aan die kinders van blanke behoeftige ouers, lidmate van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, woonagtig in Transvaal, wat begerig is opgelei te word vir die beroep van leraar of sendeling. Ettelike het reeds hulp ontvang, en 17 studente ontvang vandaag nog hulp. Die kapitaal van die Fonds staan op £7700. 'n Weduwe en kinders van een van ons oorlede leraars wat haar verantwoordelikheid nie kon nakom nie is £100 geskenk.

Waar u Kommissie sig verbly oor die hulp wat behoeftige jongelinge wat opgelei word tot die diens van die Heer uit die Fonds ontvang, word die hoop gekoester dat die voorbeeld van wyle Gen. Joubert navolging mag vind.

3. **Versoek Kerkraad Roos-Senekal, gemerk K re lening £2000.**

U Kommissie betreur dit dat daar nie met meer versigtigheid en oorleg gehandel is in die oprigting van die kerkgebou te Delagersdrift. Die gemeente verkeer in 'n benarde toestand maar die nuwe leraar Ds. Veltman is vol moed, en hoop as die gemeente tyd gegee word, hulle hulle verantwoordelikheid sal nakom. U Kommissie beveel aan dat die kapitaal van £2000 vir 2 of 3 jare nie opgeëis sal word nie en dat die gemeente voortaan rente sal betaal op die £2000. Verder wat die agterstallige rente (£348 stg.) betref, die helfte sal gedek word uit die Sinodale Kas en die helfte uit die Fonds vir Hulpbehoewende Gemeentes.

IV. **Algemeen.**

1. **Sinodale Kommissie Verslag punt 4 (e), Pamflet B. p. 9.—'n Nuwe Fonds.**

U Kommissie meen dat die saak afgehandel is onder II 10, punt 10.

2. **Sinodale Kommissie Verslag, punt 4 (g), Pamflet B. p. 10.—Spoorweg Predikant.**

Die saak is afgehandel onder I 14 punt 8.

3. **Rapport van Kwestor Sinodi, Bylae B.**

U Kommissie beveel aan dat hierdie staat verwys word naar die Ringe ter informasie.

4. Die Kwestor Sinodi en die Sendingsekretaris verdien die dank en waardering van die HoogEerw. Vergadering vir die bekwame wyse waarop hulle die kwestoraat van die fondse onder hulle beheer waarneem.

Hiermee neem ons aan ons opdrag voldaan te hê,

Noem ons ons,

U dw. dnrs. en Broeders in die Heer,

D. J. Pienaar, Voors.
N. H. C. de J. Theunissen.
S. W. van Niekerk.
S. O. Reinecke.
P. J. Vermaas.
J. C. Pauw, Skrieba.

RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE VIR FONDSE.

(Twede Deel).

Punte wat terug verwys is:

I. A. 19, Punt 13 van Tydelike Kommissie Rapport. **Hoë Uitgawes Arme Blanke Fonds.**—By wat u Kommissie rapporteer het, sie eerste deel van verslag, deel hy die volgende mee: n.l. dat hy alle pogings aangewend het om die nodige informasie te verkry omtrent die hoë uitgawes, maar dit is hom nie geluk nie. Die Sekretaris vir Arme Blanke is in Kaapstad, en sy boeke is te Johannesburg, en moet nog geouditeer word. U Kommissie beveel aan, dat die saak sal gestel word in hande van die Sinodale Kommissie om daarop in te gaan, sodra hy die ouditeurs rapport ontvang het van die Kwestor Sinodi.

II. 2 punt 3.—**Koste Kommissies van die Ringe.**— Re wetgewing voorsiening makende vir die koste van die Kommissies van die Ringe waar hulle reis in verband met Ringswerk beveel u Kommissie aan dat die koste van:

(a) die Ringskommissie gedek sal word uit die Sinodale Fonds.

(b) die Rings Sending Kommissie uit die Sinodale Sending Fonds, en die Rings Kommissie vir Arme Blanke uit die Arme Blanke Fonds.

(c) dat in geval van die orige Kommissies van die Ring daar geen voorsiening gemaak word vir reiskoste nie.

II. 16. Punt 16—**Reiskoste Algemene Sendingskonferensie.**

In verband met Art. 214 (5) beveel u Kommissie aan dat (a) en (b) gevoeg sal word by Art. 214 (4).

Hopende hiermee aan ons opdrag voldaan te hê,

Noem ons ons,

U dw. dnrs. en Brs. in die Heer,

D. J. Pienaar, Voorsitter.
N. H. C. de J. Theunissen.
P. J. Vermaas.
S. O. Reinecke.
S. W. van Niekerk.
J. C. Pauw, Skrieba.

BIJLAGE XXVI.

VERSLAG VAN DIE KWESTOR SINODI.

HoogEerw. Moderator,

Die ondergetekende het die eer om as volg oor die toestand en administrasie van die Fondse wat onder sy beheer was gedurende die drie jare, 1 April 1922 tot 31 Maart 1925, te rapporteer.

1. **Fondse.**

Onder beheer van die Kwestor was:

(a) Die Sinodale Fonds.
(b) Die Fonds vir Hulpbehoewende Gemeentes.
(c) Die Normaal Skoolfonds.
(d) Die Vierde Professor-fonds.
(e) Die Oos-Afrika Voortrekker-fonds.
(f) Die Spoorwegpredikants-salarisfonds.
(g) Die Fonds vir Noodlydende in Sentraal Europa.
(h) Die Fonds vir bearbeiding van Afrikaanse Studente in Europa.
(i) Die Fonds vir die Afrikaanse Vertaling van die Bybel.
(j) Die Berlynse Sending Jubileumfonds, en
(k) Die Arme Blankefonds, seder September 1924.

2. **Art. 105.**

Die Administrasie het in ooreensteemming met die voorskrifte van Art. 105 geskied. Die Kwestor wil egter daarop wys dat daar nou meer fondse is dan die drie wat in Art. 105 genoem word. Sal die Sinode die nodige wysiging in die omvang van die Artikel laat aanbring ?

3. **Die Sinodale Fonds.**

Die totale Inkomste en Uitgawe van hierdie fonds, vir die afgelope drie jaar, is:

Balans 1.4.22	£3,356 18 2	
Heffinge	5,759 10 0	
Kapitaal	3,253 7 11	£3,000 0 0
Drukwerk	374 5 9	368 19 7
Rente	681 13 6	456 1 0
Koste van Sinode	22 0 0	2,797 13 2
Koste van Kommissies		776 19 10
Pred. Wed. Fonds		1,356 17 3
Honoraria		260 19 3
Sinodale Klerk		495 0 0
Wissel vervalle	2 0 0	
Toelae JB. Oos		300 0 0
Verandering op registers	44 0 0	
Ander uitgawes		39 6 7
Kantoor, Skribaat en Argief		155 1 8
Balans 31.3.1925		3,486 17 0
	£13,493 15 4	£13,493 15 4

Die volgende aanmerkinge kom hierby van pas:

(a) Die gemiddelde bedrag van die Sinodale Heffinge vir die drie jaar was £1,919 16s. 8d. Dit beteken dat die vermeerdering van 10%, wat deur die laaste Sinode voorgeskryf is, 'n vermeerdering van £378 8s. 4d. jaarliks in die opbrengs van die Heffinge bewerk het.

(b) Van die lening wat vir die gemeente Roossenekal gemaak is, moes deur die Sinodale Fonds £850 afbetaa lword. Die fonds was tot so ver nie in staat om die geld van die gemeente te kry nie. Ook is daar nou reeds 'n bedrag van £348 5s. 6d. aan rente verskuldig.

(c) Die Sinode van 1922 het £623 3s. 4d. meer gekos dan die van 1919.

(d) Die Bate van die Sinodale Fonds bedra tans £6,345 19s. 5d. By die vorige Sinode in 1922 was dit £6,124 6s. 1d.

(e) Die koste van die Kommissies van die Sinode wat uit die Sinodale Fonds moes betaal word, het verminder van £888 14s. 8d. tussen 1919 en 1922, tot £776 19s. 10d. vir die laaste drie jaar.

(f) Die stortinge vir die Pred. Wed. Fonds, wat deur die Saakgelastigde van die Kaapse Kerk gedurende die laaste vyf jaar van ons gevorder is, was vir

die respektiewe jare £181 3s. 6d., £456 9s. od., £535 15s. 6d., £434 5s. 9d. en £386 16s. od.

4. **Die Hulpbehoewende Gemeentefonds.**

Die Hulpbehoewende Gem. Fonds het in 1922 gestaan op £732 1s. od., en het nou gedaal tot £493 15s. 8d. Hiervan is egter slegs £93 6s. 9d. as 'n Bankbalans in hande. Die Inkomste en Uitgawe van die fonds oor die afgelope drie jaar was as volg:

Balans 1.4.22	£365	8	1	Sal. Ds. M. L. Fick	£100	0	0
Kollektes	1,152	16	9	Kerkfonds Durban	29	7	1
Durban Kerk	33	7	1	Gemeentes Transvaal	225	0	0
				Oos-Afrika	1,103	18	1
				Bal. 31.3.25	93	6	9
	£1,551	11	11		£1,551	11	11

Die kollektes vir die drie jaar 1919-1922 was £1347 6s. 4d. Daar is dus 'n vermindering van £194 9s. 7d. oor die laaste 3 jaar.

5. **Die Normaal Skoolfonds.**

(a) Die Inkomste en Uitgawe van die fonds oor die afgelope drie jaar was as volg:

Bal. 1.4.22	£125	3	11	Beurstoelae	£200			
Terubetalinge	396	7	6		130			
Kollektes	578	7	5		365	£695	0	0
				Balans op 31.3.25		404	18	10
	£1,099	18	10			£1,099	18	10

(b) Hierdie Fonds het nou 'n kapitaal van £2,151 6s. 10d., waarvan £1,746 8s. od. in hande van 51 beurshouers is, en die balans van £404 18s. 10d. beskikbaar is.

6. **Die Vierde Professorfonds.**

Die Sinode van 1919 het opdrag gegee om die balans van hierdie Fonds op verband te plaas. Dit is gedoen. In 1922 het die Sinode opdrag gegee om die balans van die fonds aan die Saakgelastigde van die Kaapse Kerk vir die Theologiese Kweekskool te Stellenbosch te stuur. Die geld wat op verband was het egter eers weer in Maart 1925 beskikbaar geword, en is nog in hande. Die fonds het nou aangegroei tot £859 os. 11d. Die hele bedrag is beskikbaar vir deursending in ooreenstemming met die besluit van die vorige Sinode.

7. **Die Oos-Afrika Voortrekkerfonds.**

Vir hierdie fonds het seder die laaste Sinode slegs £67 1s. 4d. ingekom. Dit is bestee vir onderwys in Oos-Afrika.

8. **Die Spoorwegpredikants-Salarisfonds.**

Die Inkomste en Uitgawe van hierdie fonds oor die afgelope drie jaar was:

Balans 1.4.1922	£173	7	10	Pred. Pens. fonds	£25	0	0
Bydrae	555	2	6	Bearbeiding—			
				Spoorweg....	208	6	8
				Delwerye....	183	7	2
				Onderstandswerke	170	8	0
				Balans 31.3.25	141	8	6
	£728	10	4		£728	10	4

9. **Die Fonds vir Noodlydende in Sentrale Europa.**

Vir hierdie fonds het na die laaste Sinode weer 'n paar bydrae ingekom. Van die totaal van £92 7s. 3d. is nog £9 11s. 6d. in hande.

10. **Die Fonds vir Bearbeiding van Afrikaanse Studente in Europa.**

Twee-en-dertig gemeentes het vir hierdie fonds 'n bydrae gestuur. Die totaal van £60 6s. 10d. is by die Kaapse Kerk inbetaal. Aangesien ons Kerk beloof het om £100 te stort, kom daar nog £39 13s. 2d. kort. Wil die Sinode hieromtrent opdrag gee?

11. **Die Fonds vir die Afrikaanse Vertaling van die Bybel.**

Vir hierdie saak het sewe gemeentes tesame £42 3s. 7d. gestuur. Dit is by die Algemene Kommissie inbetaal.

12. **Die Berlynse Sending Jubileumfonds.**

In antwoord op die versoek van die Sinodale Kommissie het daar van sestien gemeentes bydrae vir hierdie fonds gekom. Die totaal van £93 10s. 7d. is by die kassier van die fonds inbetaal.

13. **Die Arm Blanke Fonds.**

Seder September 1924 het die Kwestor Sienodi hierdie fonds geadministreer. Die rekeninge is op 28 Feb. 1925 afgesluit, en die staat wat as Bylae A hierby gaan toon aan 'n Balans wat in ooreenstemming is met die Grootboek, die Kassaboek en die Bankrekening.

Weens die afwesigheid van die vorige kassier wat die boeke voor Sept. 1924 gehou het, het ek dit nie gewens geag om die boeke nou te laat ouditeur nie. In die Verslag van die betrokke kommissie sal wellig op hierdie Staat gesinspeel word, daarom word dit hier sonder verder aanmerking voorgelê.

14. **Jaarlikse Oorsig.**

Uit die Jaarlikse Oorsig vir 1924 blyk dat die Balans Voorhande, dit is dit bedrag waarmee die Bate die Laste van die verskillende gemeentes oortref, as volg is:

Ring van Potchefstroom	£94,178	3	2
Ring van Rustenburg	116,402	7	5
Ring van Lydenburg £125,647 12s. 10d. min £1,908, die nadelige balans van een gemeente	123,539	12	10
Ring van Utrecht	148,711	1	2
Ring van Heidelberg	114,357	12	3
Ring van Zeerust	63,064	2	2
Ring van Johannesburg	107,960	5	1
	£768,213	4	1

Hierdie totale syfer is 'n vermeerdering van £24,912 7s. 6d. op die onbelaste bate soos by die laaste Sinode gerapporteer. Die drukte van die laaste jare is hierin merkbaar, want by die Sinode van 19^2 kon ons 'n vermeerdering van £201,759 10s. 8d. op die syfer van 1919 aanmeld. Dit sal die werk van die Kwestoraat vergemaklik as die Ringe wil let op noukeurige invulling van die vorm volgens Art. 58 (3).

15. **Algemene Oorsig.**

(a) Uit die Algemene Oorsig het geblyk dat die totale fondse wat in 1924 deur al die gemeentes tesame geadministreer is £239,101 18s. 11d. bedra het. In vergelyking met vorige jare was dit as volg:

1918	£159,693	9	2
1921	£286,204	14	9
192.	£239,101	18	11

Hierdie laaste bedrag is as volg saamgestel:

Ring van Potchefstroom	£21,921	7	6
,, ,, Rustenburg	30,510	13	3
,, ,, Lvdenburg	59,101	10	10
,, ,, Utrecht	43,603	2	1
,, ,, Heidelberg	26,640	10	0
,, ,, Zeerust	26,607	8	7
,, ,, Johannesburg	30,717	6	8
	£239,101	18	11

(b) Die Algemene Oorsig toon ook aan dat die gemeentes in die respektiewe Ringe op 31 Des. 1924 hulle lopende rekeninge vir die jaar as volg afgesluit het:

Ring.	Batige balans.	Getal Gems.	Oortrekking in Bank.	Getal Gems.
Potchefstroom	£420 6 8	2	£6,922 14 0	7
Rustenburg....	497 5 4	5	3,222 1 9	9
Lydenburg	621 13 0	2	22,556 7 2	10
Utrecht	692 19 0	4	12,556 5 0	8
Heidelberg....	4,681 3 10	5	4,836 0 11	6
Zeerust	158 18 11	2	7,628 10 1	8
Johannesburg....	1,269 10 7	8	1,086 6 0	6
	£8,341 18 1	28	£58,808 4 11	54

N.B.—By die Ring van Lydenburg is twee gemeentes nie ingereken nie, terwyl een gemeente in die Ring van Utrecht die jaar sonder voordelige of nadelige balans gesluit het.

16. **Opsomming volgens Art. 53 (21), (22) en (23).**

(a) Weens die koste van druk het ons die tabellariese opgawe van gemeentelike kollektes en bydrae nie in sy geheel uitgegee nie. Die bylage B. was hieraan toegevoeg is sal egter aantoon:

1. Wat elke Ring vir elke fonds in elke jaar bygedra het.
2. Wat elke Ring vir elke fonds in die 3 jaar bygedra het.
3. Wat elke Ring vir al die fondse in elke jaar bygedra het.
4. Wat elke Ring vir al die fondse in die 3 jaar bygedra het.
5. Wat al die Ringe vir elke fonds in elke jaar bygedra het.

6. Wat al die Ringe vir elke fonds in die 3 jaar bygedra het.
7. Wat al die Ringe vir al die fondse in elke jaar bygedra het.
8. Wat al die Ringe vir al die fonde in die 3 jaar bygedra het.

(b) Die afsonderlike Ringe het die volgende bedrae vir die gesamenlike fondse opgebring in vergelyking met die vorige 3 jaar

	1919			1922			1925		
Potchefstroom	£6,223	2	4	£11,234	2	6	£8,081	10	6
Rustenburg	6,662	17	9	10,861	7	10	12,349	12	0
Lydenburg....	6,968	0	2	21,366	15	6	11,994	19	6
Utrecht	7,286	8	0	10,805	15	9	12,391	11	9
Heidelberg	4,864	4	8	10,459	9	9	9,910	6	9
Zeerust	6,220	0	8	12,628	8	1	88,955	17	7
Johannesburg	13,695	5	7	21,454	10	0	16,671	13	6
	£51,919	19	2	£98,810	9	5	£80,355	11	7

(c) Die gesamelike Ringe het die volgende bedrae vir die afsonderlike fondse opgebring in vergelyking met die vorige 3 jaar:

Syn. Heffinge	£4,565	6	10	£4,916	5	6	£5,998	17	10
Syn. Send. Fds.	1,609	3	11	2,669	19	9	2,431	0	11
Send. o. Israel	1,075	9	10	1,150	19	9	832	0	9
Theol. Kweekskool	613	17	6	909	11	9	815	12	3
Hulpb. Gem.	1,026	7	7	1,416	15	7	1,233	0	0
Hulpb. Jongel....	908	6	7	1,360	5	1	1,152	12	10
Normaalsk. Fds.	148	0	10	701	6	8	604	0	9
Arme Blanke Fds.	2,064	16	10	3,416	7	11	2,465	18	6
Bybelverspreiding....	785	18	10	1,104	2	9	1,072	7	11
Weesinrigtinge	8,439	15	7	27,876	17	6	13,575	19	1
Onderhoud v. Arme	7,534	2	7	12,586	13	3	14,601	8	0
Opl. Skool Wel/ton	406	19	10	704	1	4	584	0	4
Totaal Sending	22,741	12	5	37,533	8	3	33,276	16	4
Sondagskl. Send.	——			1,250	2	5	1,078	10	6
Sp.weg Pred. Sal.	——			1,213	11	11	633	4	10
	£51,919	19	2	£98,810	9	5	£80,355	11	7

17. In April 1923 en April 1924 is my boeke afgesluit en geouditeer. Die State is aan die Sinodale Kommissie voorgelê. Die State wat op 31 Maart 1925, vir die jaar gesluit het, is geouditeer, en word hiermee as Bylae C. voorgelê.

In die vertroue dat ek hiermee aan my opd-ag voldoen het, noem ek my,

HoogEerw. Heer,

U Diensw. Dienaar,

Johannesburg, WM. NICOL,

20 April 1925. Kwestor Sienodi.

Byvoegsel tot die Verslag van die Kwestor Sinodi.

Op versoek van die Hoog Eerw. Sinodale Kommissie wil die Kwestor verder as volg rapporteer:—

18. **Pensioen Ds. M. L. Fick.**

Ek het met Ds. Fick gekorrespondeer, omtrent die moontlikheid van 'n skikking tussen hom en die Kerk, met betrekking tot sy Pensioen, aangesien die Kaapse Kerk geweier het om die voorstel van die Sinodale Kommissie vir sy toetreding goed te keur. Ds. Fick het my voorstel egter nie aangeneem nie. Ek wil aanbeveel dat daar 'n onderhoud sal plaasvind tussen die tydelike Kommissie vir die fondse, Ds. Fick en die Kwestor, waarby 'n poging aangewend kan word om 'n ooreenkoms te tref vir goedkeuring van die Sinode. Ek het in dié gees aan Ds. Fick teruggeskryf.

19. **Storting uit Nedersettingsfonds vir Salaris van die Permanente Sekretaris vir Arme Blanke.**

Die besluit dat die Nedersettings Fonds £75 per jaar sou bydrae vir die salaris van die Permanente Sekretaris vir Arme Blanke, is in Mei 1919, deur die Sinodale Kommissie geneem. Dit moet beskou word dat die besluit deur die Sinode van 1922 goedgekeur is. Uit die Inkomste van die Arme Blanke Fonds blyk egter dat die bedrae nooit inbetaal is nie. Die bedrag van £450 sal dus op 5 Okt. 1925, deur die Nedersettings-Kommissie aan die S.K.A.B. betaalbaar wees. Dit is egter duidlik uit die toestand van die Nedersettings Fonds dat die bedrag nie nou kan betaal word nie. Die Sinode sal daarom moet besluit, óf om te bepaal dat die twee Kommissies die bedrag as 'n Laste of Bate, respektiewelik in hulle Balansstaat moet aantoon, tot tyd en wyl dat dit kan vereffen word, óf, om sy oorspronklike besluit in Rewiesie te neem, en te bepaal dat die Nedersettings Fonds geen bydrae vir die salaris sal stort nie. Met die oog daarop dat die Nedersettings Fonds in die laaste vyf jaar blykbaar geen voordeel uit die bestaan van die S.K.A.B. getrek het nie, beveel die Kwestor die 2de alternatief aan.

20. **Storting uit Fonds vir Spoorweg Predikant Salaris by Fonds vir Salaris van Permanente Sekretaris vir Arme Blanke.**

Toe daar in 1919 besluit is dat die fonds vir Bearbeiding van Delwers jaarliks £25 sou bydra tot die salaris van die Permanente Sekretaris vir Arme Blanke,

was die vaste gedagte dat sodanige fonds gestig sou word. Dit het nooit gebeur nie. Seder 1922 is die Spoorweg Pred. Salaris fonds gedeeltelik gebruik vir die Bearbeiding van Delwers. Die uitgawe was min of meer gelyk verdeel tussen Bearbeiding van Spoorweë, Delwerye en Onderstandswerke. Hierdeur egter is daar geen verpligting, en selfs geen billike rede waarom die Spoorweg Pred. Sal. Fonds 'n bydrae vir die salaris van die Permanente Sek. vir A.B. moet stort nie. Die Kwestor meen dat, aangesien die voorgenoemde fonds vir Bearbeiding van Delwerye nooit gestig is nie, die besluit wat daarop slaan vernietig moet word.

21. **Rapport Ouditeur.**

Aan my verslag word nou ook toegevoeg Bylae D. —'n Verslag van die Ouditeur.

WM. NICOL,
Kwestor van die Sinode.

BYLAE A.

STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWE VAN DIE ARME BLANKE FONDS OOR DIE MAANDE 1 JANUARIE 1922 TOT 28 FEB. 1925.

	Inkomste.			Uitgawe.		
Voordelige Balans in Standard Bank op 1 Jan. 1922	£3,168	10	3	——		
Langlagate Kindertehuis	140	7	9	£3,266	15	8
Nedersettingsfonds	45	17	1	47	6	1
Spesiale Fondse	32	9	0	60	1	0
Bearbeiding van Delwers	199	10	4	202	4	0
Kinderhawe	12	19	6	120	0	0
Salaris Sekretaris	100	0	0	1,530	6	0
Reiskoste. (Dit sluit in die van die Sekretaris £255.6.8)	11	12	6	613	6	10
Rekening onkoste, waarin vir ouditeur £98.10.0)	——			106	17	0
Rente van Prowinsiale Regering op Kosthuis en grond	3,380	3	2	——		
Skryfbehoeftes	——			68	3	9
Drukwerk	34	7	0	99	3	3
Bou van Kosthuis—finale paaiemente	——			2,626	7	0
Bou van skool (finale paaiemente en verkoop aan Prowl. Regering)	4,265	17	0	1,592	4	0
Meubels	549	13	6	247	18	6
Klerasie	——			68	15	0
Onderhoud van Kosthuis	4,947	18	6	7,505	12	0
Assuransie op Kosthuis	——			119	9	1
Bou van Landbouskool—sekere paaiemente	——			870	0	0
Wese en Verwaarloosde Kindere Fonds (waarin van kollekte A.B. Dag van 18 Gemeentes £179.4.3)	1,904	2	11	——		
Rente op oortrekking	——			16	3	6
Nadelige balans op 28 Feb. 1925	367	4	2	——		
	£19,160	12	8	£10,160	12	8

WM. NICOL,
Kwestor van die Sinode.

15 Maart, 1925.

BYLAE C.

NED. HERV. OF GEREF. KERK VAN SUID AFRIKA.

State van Inkomte en Uitgawe oor die Jaar 1 April, 1924, tot 31 Maart, 1925, en Balansstate volgens die toestand op 31 Maart, 1925, van die Fondse onder beheer van die Kwestor Sinodi.

1. Normaal Skoolfonds.

A. Staat van Inkomste en Uitgawe.

Balans 1.4.24	£487	12	8	Lening Nedersetting	£150	0	0
Kollektes	209	2	8	Beurstoelae	365	0	0
Terugbetalinge	73	3	6	Balans op 31.3.25	404	18	10
Lening Nedersetting	150	0	0				
	£919	18	10		£919	18	10

B. Balansstaat.

Balans voorhande	2,151	6	10	Studieskulde....	£1,746	8	0
				Bankbalans	404	18	10
	£2,151	6	10		£2,151	6	10

2. Noodlydende Sentraal Europa.

A. Daar was geen Inkomste of Uitgawe onder die Fonds nie.

B. Balansstaat.

Balans voorhande	£9	11	6	Bankbalans	£9	11	6

3. Sinodale Fonds.

A. Staat van Inkomste en Uitgawe.

Balans 1.4.1924	£1,046	18	11	Koste v. Kommissies	£204	7	6
Heffinge	2,215	5	6	Pred. Wed. Fonds	386	16	0
Drukwerk....	48	9	9	Drukwerk	8	4	0
Rente	224	9	6	Rente	183	12	6
Kapitaal terug	1,986	18	6	Lening afbetaal....	650	0	0
Veranderinge op registers	44	0	0	Toelae JB. Oos	300	0	0
				Honoraria	75	0	0
				Sinodale Klerk	170	10	0
				Kantoor, argief en skribaat	70	8	7
				Buitegewoon....	30	6	7
				Balans 31.3.25	3,486	17	0
	£5,566	2	2		£5,566	2	2

B. Ballansstaat.

Lening van Joubert fonds....	£422 10 0	Lening Nedersetting	£427 8 11
Lening van B. R. Hattingh	763 2 6	Verband Roos Senekal	2,348 5 6
Balans voorhande	6,345 19 5	Verb. G. du Preez	200 0 0
		Verb. A. P. Maritz	1,016 13 0
		Uitstaande Heffinge	52 7 6
		Bankbalans	3,486 17 0
	£7,531 11 11		£7,531 11 11

4. Oos-Afrika Voortrekkerfonds.

A. Staat van Inkomste en Uitgawe.

Bydrae	£12 11 6	Uitbetalinge	£12 11 6

B. Die Fonds was sonder Bate of Laste op 31.3.1925.

5. Fonds vir bearbeiding van Afrikaanse Stud. in Europa.

A. Staat van Inkomste en Uitgawe.

Balans 1.4.1925	£36 5 7	Uitbetaling....	£60 6 10
Bydrae	24 1 3		
	£60 6 10		£60 6 10

B. Die Fonds was sonder Bate of Laste op 31.3.1925.

6. Vierde Professorfonds.

A. Staat van Inkomste en Uitgawe.

Balans 1.4.24	£92 0 11	Balans 31.3.25	£859 0 11
Rente....	117 0 0		
Kapitaal terug....	650 0 0		
	£859 0 11		£859 0 11

B. Balansstaat.

Balans Voorhande	£859 0 11	Bankbalans	£859 0 11

7. Spoorwegpredikants-Salaris fonds.

A. Staat van Inkomste en Uitgawe.

Balans 1.4.1924	£82 1 9	Bearbeiding van Delwerye....	£74 7 8
Bydrae	146 4 5	Pred. Pens. Fonds....	12 10 0
		Bankbalans....	141 8 6
	£228 6 2		£228 6 2

B. Balansstaat.

Balans voorhande	£141 8 6	Bankbalans	£141 8 6

8. Hulpbehoewende Gemeentefonds.

A. Staat van Inkomste en Uitgawe.

Kollektes vir die jaar....	£448 11 0	Nadelige bal. 1.4.24	£177 8 6
		Bearbeiding Oos-Afrika	177 18 9
		Batig balans 31.3.25	93 6 9
	£448 14 0		£448 14 0

B. Ballansstaat.

Durban Kerk	£33 7 1	Lening met rente aan Kommissie vir Nedersettinge	£333 8 0
Balans voorhande....	493 7 8	Lening gemeente Cachet	100 0 0
		Bankbalans	93 6 9
	£526 14 9		£526 14 9

9. Fonds vir Afrikaanse Bybelvertaling.

A. Staat van Inkomste en Uitgawe.

Bydrae	£42 3 7	Uitbetaling....	£42 3 7

B. Ballansstaat.

WM. NICOL,
Kwestor van die Sinode

Johannesburg,
8 April, 1925.

VERSLAG VAN DIE OUDITEUR.

BYLAE D.

Henrietta Weg,
Johannesburg,
17 April, 1925.

Aan die Hoog Eerw. Sinodale Kommissie Ned. Herv. of Geref. Kerk in S.A.

Hoogeerw. Here,

Ek het die Balansstate en State van Inkomste en Uitgawe, wat hieraan toegevoeg is, tesame met die boeke en bewysstukke nagegaan, en ek rapporteer hiermee aan die Sinode dat ek dieselwe ,onderhewig aan die goedkeuring van die Sinode vir die rente van Mnr. A. P. Maritz, wat teen 'n rentekoers van 6% per jaar be-

taal is, terwyl op die oorspronklike Akte van berband 'n rentekoers van 8% aangegee word, behoorlik opgetrek en uiteengesit vind, sodat dit 'n getroue en opregte weergawe is van die toestand van die Fondse onder beheer van die Kwestor Sienodi was op 31 Maart, 1925. Die Akte van Transport van Mnr. A. P. Maritz moet nog aan my getoon word.

(w.g.) R. B. PEARSE,
Ouditeur.

BIJLAGE XXVII.

VERSLAG VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE.

Hoog Eerw. Moderator,

Die Finansiële Kommissie het die eer om as volg te rapporteer:—

1. Die Kommissie het slegs éénmaal vergader; anders is die werk per omskrywing gedoen.
2. Die Sinode sal seker met droefheid kennis neem van die dood in April 1924 van die broeder S. J. de Kock, wat vir baie jare op hierdie Kommissie gedien het.
3. Op versoek is aan die Ringssendingkommissie van die Ring van Johannesburg mag verleen om 'n seker standplaas te verkoop. Die korrespondensie hieroor is byderhand.
4. Ook is aan bogenoemde Kommissie mag gegee om 'n seker standplaas te Ophirton, Johannesburg, gratis in ontvangs te neem, en op naam van die Finansiële Kommissie te laat transporteer.
5. Die Kommissie het sy aandag gegee aan 'n opdrag van die Hoog Eerw. Sinodale Kommissie, om op die beste wyse die bedrag van £1500 vir die oprigting van 'n koshuis vir leerjongens te Nairobi te vind. Die Kommissie het geen vrymoedigheid gehad om hiervoor 'n lening aan te gaan nie. Aangebode leninge, wat deur Ds. M. P. Loubser voorgelê is, moes van die hand gewys word. Aan die saak is verder niks gedoen nie.
6. In alle beleggingе van kapitaal het die Kwestor sy instruksies van die Finansiële Kommissie ontvang.

Met seënbede op die Sinodale werksaamhede,

D. J. PIENAAR, Voorsitter.
WM. NICOL, Skrieba.

Pretoria,
22 April, 1925.

BIJLAGE XXVIII.

VERSLAG VAN DIE KWESTOR VAN DIE SINODALE SENDINGFONDS.

HoogEerw. Voorsitter,

Die ondergetekende het die eer die volgende verslag van bogenoemde fonds u voor te lê. Ten spyte van voortdurende uitbreiding is dit ons geluk, onder die seënde hand van die Here, ons werk te bly doen sonder 'n tekort.

2. Ons boeke, wat jaarliks in die hande van 'n bevoegde Ouditeur was, is korrek. Verslag daarvan is jaarliks gedaan aan die Moderatuur, met 'n verslag van hom, as bylae tot ons rapport. Ook hierby word 'n verslag van die Ouditeur as bylae gevoeg tot 31 Maart, 1925.

3. Ons het ons daarop toegelê in die laaste tyd, om so min geld as moontlik, renteloos in die bank te hou. Na grondig ondersoek is ons gelei alle geld wat nie onmiddellik nodig is nie, te belê in "The Rand Provident Building Society", teen die rente variërende van 4 tot 5½ %. Hierdie stap het 'n aardige sommetjie reeds in die kas gebring.

4. Ons laat hier volg 'n beknopte opsomming van die voornaamste fondse gedurende die jare 1922, 1923 en 1924:

(a) **Die Sinodale Sendingsfonds.**

Hiervoor is van die Ringe ontvang:

1.	Johannesburg	£607	15	9
2.	Rustenburg	414	2	7
3.	Utrecht...	390	14	11
4.	Lydenburg...	352	13	3
5.	Heidelberg	294	11	11
6.	Zeerust	255	14	6
7.	Potchefstroom	221	5	4

(b) **Die Sondagskool Sendelingfonds.**

1.	Johannesburg	£207	7	4
2.	Heidelberg	182	5	9
3.	Rustenburg	168	9	1
4.	Lydenburg	143	15	2
5.	Utrecht	140	4	0
6.	Potchefstroom	101	10	0
7.	Zeerust	97	5	10

(c) Ons het ons beywer om aandele in ons werk uit te gee van £10 elk, met 'n jaarlikse vernuwing daarvan. Hierdeur is gedurende die drie jaar ingekom £1691.10.7. Die persoonlike verbinding van rentmeesters, met die werk van die Heer, skat ons hoog. Dit moet geseënde vrugte afwerp.

(d) Die werk van die Moederkerk oorgeneem, onderhou nog nie eers die gekleurde arbeiders nie. Ons mik steeds daarop. Die beginsel wat ons trag te volg is, dat die sendinggemeentes die koste moet dra, ten minste van die inboorlingarbeiders. Dit is ons nog nie geluk om dit in die werkkringe reg te kry nie. En so het ons die hulp van die rentmeesters van die Heer ingeroep, en 'n aansienlike getal van hulle met indiwiduële Evangeliste verbind. Langs hierdie weg is gedurende die drie jaar ingekom, £529.13.1.

(e) Op die oomblik het ons vas belê, vir langer en korter termyne. £2100.0.0. Ons vertrou dat dit niemand tot valse gerustheid sal verlei nie. Ons staan aan die vooraand van uitbreiding, en grote uitgawes, met die opbou van nuwe stasies. Te Babanango, Barberton en moontlik in die Noorde van Transvaal sal stasies van die grond moet opgebou word; en dan nog sal ons op elke plek enige morge grond moet aankoop. Hoeveel sal dan van die saldo oorbly? Behalwe dit het ons ongeveer £3640 per jaar nodig om ons teenwoordige werk aan die gang te hou. Binnekort sal 'n twede strategiese punt in Soeloeland moet ingeneem word. Met dit alles voor die Sinode, sal dit vir iedereen duidlik wees, dat inplaas van gerus te wees, ons ons tot buitegewone ywer sal moet aangord.

5. Die vergelykende staat het ons jaarliks, nie alleen in die offisiële orgaan van die Kerk laat verskyn nie, maar ook aan die Kerkerade gestuur. Alhoewel dit nie algemeen bevrediging gegee het nie—en wat kan algemeen bevrediging gee?—meen ons tog dat die berekening per lidmaat per jaar, vir meer dan een gemeente 'n spoorslag was. Jammer dat "Die vriendelike versoek" nie altyd betyds opgestuur word nie, en ook nie altyd volledig beantwoord word nie. Met die laaste vraag beoog ons die opwekking van die Sendinggemeentes, om vir die arbeid onder hulle mildelik te gee. Dit is ons vanjaar nie geluk om die informasie te kry nie. Ons sal nie te min hierop bly aandring.

Met toebidding van Gods seën op die werk van die Sinode, Noem ek my,

Uw Dnw. Dn. en Br. in Kristus,

D. THERON, Kwestor.

BIJLAGE XXIX.

VERSLAG

VERSLAG VAN DIE KWESTOR VIR DIE SENDING ONDER ISRAËL.

HoogEerw. Voorsitter,

1. Dit is die Kommissie vir die Sending Onder Israel nog nie geluk nie, om sy eie arbeider in die veld te kry nie. Op die oomblik het ons nog 'n gefedereerde arbeider, waarvan ons 'n deel van die onkoste moet dra. Ons het die beste verwagting om spoedig ons eie man te Johannesburg te hê. Daar ons maar 'n gedeelte van die onkoste dra, het ons fonds gelukkig opgeloop, en sal ons gereed wees, om sonder kommer te begin, as ons arbeider aankom.

3. In die drie jare 1922, 1923 en 1924 is ingekom vir bogenoemde Fonds van die Ringe:

1.	Johannesburg	£197	5	1
2.	Rustenburg	149	14	4
3.	Lydenburg	130	12	2
4.	Utrecht	129	9	4
5.	Potchefstroom	112	7	8
6.	Heidelberg...	100	5	0
7.	Zeerust	91	16	1

3. Ons het vasbelê by die "Rand Provident Building Society", meesal teen $5\frac{1}{2}$ %, die som van £1733.18.11. Hierdie feit moet nie tot gerustheid lei nie, want kom die man met sy huisgesin van Europa, dan sal ons heelwat daarvoor nodig hê, en dan sal ons uitgaaf dadelik begin.

4. Die boufonds is met belegging geklim van £500 tot £682.4.10.

5. Die boeke van hierdie fonds is jaarliks in hande gewees van die ouditeur, en korrek bevind. Hierby is 'n verslag van hom as bylae.

Met toebidding van Gods seën op die verrigtinge van die Sinode,

Noem ek my met hoogagting,

D. THERON, Kwestor.

P.K. Bus 639,
Johannesburg,
21 April, 1925.

Aan die Hoog Eerw. Sinode,
Pretoria.

HoogEerw. Heer,

Ek het die boeke van die Sinodale Sending en Sending Onder Israel vanaf 1 April 1922 tot 30 Maart 1925 nagesien, en met Bank Pass Boeke en Bank Certifikate vergelyk, en alles in orde en korrek bevind.

Ek moet hier rapporteer dat die Sendingsekretaris op bekwame wyse die Boeke hou, en dat hy baie presies en netjies met sy boeke is.

Met hoogagting,

U dw. dienaar,

H. L. POTGIETER.

BIJLAGE XXX.

RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE VAN RATIONARII.

Aan die HoogEerw. Moderator.

HoogEerw. Heer,

Die volgende stukke het onder die aandag van u Kommissie gekom.

1. Fondse onder die beheer van die Kwestor Sinodi t.w.:

(a) Die Sinodale Fonds.
(b) Fonds vir Hulpbeh. Gemeentes.
(c) Normaal Skool Fonds.
(d) Die Vierde Professor Fonds.
(e) Oos Afrika Voortrekkers Fonds.
(f) Spoorweg Predikants Salaris Fonds.
(g) Fonds vir Noodlydendes in Sentraal Europa.
(h) Bearbeidings Fonds Afrik. Studente in Europa.
(i) Fonds Vertaling v. d. Bybel in Afrikaans.
(j) Berlynse Sending Jubileum Fonds.
(k) Arme Blanke Fonds—sedert Sept. 1924.

a) Die laasgenoemde Fonds, vind u Kommissie, is geouditeer slegs van 1 Jan. 1922 tot 31 Julie 1923. U Kom. stel voor dat die Kwestor Sinodi 'n eksplanasie

hiervan aan die Vergadering sal gee; en beveel aan dat die Fonds geouditeer sal word en daarvan verslag gedoen sal word aan die te worde gekose Sinodale Kommissie.

b) Die ander Boeke is behoorlik geouditeer, en u Kom. beveel aan dat daar met dank kennis van sal geneem word.

2. Verder is onder die aandag van u Kom. gekom die Fondse onder die beheer van die Sendingsekretaris—

(a) Die Sinodale Sending Fonds.
(b) Sondagskool Sendeling Fonds.
(c) Sending onder Israël Fonds.

Die Boeke is geouditeer en vir korrek gesertifiseer. U Kom. beveel aan dat daar kennis van sal geneem word—met dank.

3. Die Kassaboek van die Sekretaris van die De Lagersdrift Nedersettings Fonds. Die Boek is geouditeer, maar u Kom. het aan te merk dat daar geen **Opskrif** aan die begin van die boek is. U Kom. beveel dit aan vir kennisname.

4. Onder die aandag van u Kom. is ook gekom die lening wat aan Mnr. A. P. Maritz gemaak is, en waarop hy 'n rentekoers van 6 % p. j. betaal het, terwyl, volgens die ouditeur, op die oorspronklike Akte 8 % vermeld staan.

U Kom. beveel aan dit te verwys na die Kommissie vir Fondse.

Menende hiermee aan ons opdrag voldoen te hê, bly ons, HoogEerw. Heer, U dienswillige ens.

J. J. Hattingh, Voors.
J. P. Masureik.
D. A. Malan, Skrieba.

BIJLAGE XXXI.

RAPPORT VAN KOM. VIR ALGEMENE SAKE.

(Eerste Deel).

Aan die HoogEerw. Moderator.

HoogEerw. Heer en Br.,

U Kom. het die eer, na op die sake aan ons toevertrou, sorgvuldig ingegaan is, as volg te rapporteer:

I. **Verslae:**

A. Re Verslag Anti-Asiate Beweging. Hieroor geen rapport nie, want daar genoemd verslag deur die H.-Eerw. Sinode in behandeling geneem en afgehandel is (cf. Notule, 28 April '25), is dit also uit ons hande gegaan.

B. Re Afgevaardigdes na die Raad der Kerke. (Bylae VI, 2 (d)). **Insake Geloofsgenesing:** U Kom. beveel aan dat die Sinode sig sal neerlê by die geëmendeerde stellinge, soos deur die Raad goedgekeur en aangeneem

C. Re Verslag Sinodale Kom. vir Openb. Sedelikheid. (Bylae XXXII).

1. (a) Moeilikheid, optree ens., word vir kennisgewing aangeneem.

(b) **Gebrek aan aanknopingspunte:** Hier wil u Kom. aanbeveel dat met die oog op die steeds toenemende afmetinge, wat die kanker van onsedelikheid in ons volkslewe aanneem, Koms. vir openbare sedelikheid in **al** ons Ringe aangestel sal word.

2. **Re Inrigting vir gevalle Meisies:** U Kom. wil met vrymoedigheid die steun van sodanige Inrigting, deur middel van die Sinode, by ons Kerk aanbeveel, en wel by wyse van vrywillige bydraes.

3. **Re Voorlesinge ter Bestryding van Onsedelikheid.:** U Kom. wil hierdie saak vir goedkeuring aanbeveel, dog kan nie sterk genoeg aandring op grote omsigtigheid in verband hiermee, anders kan die geneesmiddel gemaklik erger word dan die kwaal.

II. **Beskrywingspunte** (Bylae I (VIII).)

1. **Re afkondiging Huweliksgebooie** (Ring van Potchefstroom). Siende dat hierdie saak die aandag van die betrokke outoriteite geniet, en reeds in Konsepwet vir die Parlement opgestel is, dring die Sinode by die H.E. Regering daarop aan om dit so gou moontlik tot wet verklaar te kry.

2. **Re Kom. van Advies in Verband met die Bou van Kerke, ens.** (Ring van Lydenburg): U Kom. beveel aan dat aan hierdie versoek voldoen sal word, en dat 'n Kom. van drie lede (één Predikant en twee andere) aangestel sal word, om deur Kerkrade, desverkiesende, in hierdie verband, geraadpleeg te word.

3. **Re Matigheidssondag** (Ring van Lydenburg): Hoewel U Kom. sterk ten gunste van die preek oor matigheid en teen drankmisbruik voel, het hy tog nie die vrymoedigheid om hierdie versoek aan te beveel nie, aangesien daar al reeds ruim 'n 30 uit die 52 Sondae is, wat die Pred. nie vry is nie, maar hom aan die een of ander bepaling moet hou.

4. en 6. **Re Opname van Gods naam in Unie Grondwet** (Ringe van Lydenburg en Zeerust): Daar genoemde saak die volle aandag van die H.E. Regering geniet, en reeds in hande van 'n Kom. gestel is, wat 'n gunstig rapport pas uitgebring het, spreek die Sinode sy innige dank aan die Regering daarvoor uit, met die vertroue, dat die saak nie verder skipbreuk sal ly nie.

5. en 9 (b). **Re Onsedelike Relasies tussen Blank en Gekleurd** (Ring van Lydenburg): Met alle vrymoedigheid wil u Kom. aanbeveel, dat aan hierdie versoek voldoen sal word, en sterk by die H.E. Regering aangedring sal word op die gevraagde wetsverandering.

7. **Re Gemengd Baaie** (Ring van Johannesburg). Hoewel U Kom. voel dat hierin 'n ernstige euwel skuil vir ons Volk, het hy tog nie vrymoedigheid aan te beveel dat geywer sal word vir wetgewing hierteen nie, omrede ons onder die huidige omstandighede geen kans op sukses het nie. Wel word aanbeveel dat die Sinode sal ywer om publieke opienie hierteen op te voed, waaruit wetgewing later mag voortvloei.

8. **Re Afsondering Spesiale Evang. Predikers** (Ring van Johannesburg): U Kom. het om meer dan één rede nie vrymoedigheid dit aan te beveel nie:

a. Gebrek aan Predikante.

b. Gebrek aan Fondse.

c. Dit 'n Kerkeraad tog altyd vry staan, te eniger tyd iemand, vir daardie doel, oor te vra.

9. (a) **Re Straf op Onsedelikheid** (Kerkraad van Vryheid): Ook hierdie versoek kan U Kom. nie aanbeveel nie, want vir sover onsedelikheid gekontroleer kan word, is hy wel degelik strafbaar (cf. Ordin. No. 46 van 1903).

(c) **Re Belasting op Invoer en Straf op Verkoop van Voorbehoedmiddels** (Kerkraad v. Vryheid): U Kom. beveel aan dat wetgewing gevra sal word, invoer **en** verkoop van genoemde artiekels belettende.

In verband hiermee stel U Kom. voor dat 'n brief wat hom in hande gestel is, aan die Sinode voorgelees word, en wel met geslote deure.

10. **Re Magistrate as Huweliksbevestigers** (Kerkraad van Vryheid): Hierdie versoek kan onmoontlik nie deur U Kom. aanbeveel word nie.

11. **Re die straf van Persone buite die Eg saamlewende** (Pred. v. Christiana): Ook hier sien U Kom. sy weg nie ope om dit aan te beveel nie, want al dadelik

sal die vraag opkom: wat word bedoel deur "saamlewe"?

12. **Re Verteenwoordiging van ons Kerk op Raad van Sensors vir Rolprente** (Ring van Rustenburg): Hierdie versoek wil U Kom. sterk aanbeveel.

13. en 14. **Re Verbetering en Strengere Handhawing van Sabbatswet** (Ring van Rustenburg): Aangesien die verklaringe aan, en die besluit van, die laaste Sinode cf. Akta '22, blss. 79, 106, en 247) geblyk het in die praktyk niks te beteken nie, wil u Kom. die bowegenoemde versoek by die Sinode hartelik aanbeveel.

15. **Re Durban Sisteem van Bierverskaffing aan Naturelle** (Sinodale Sending Kom.): Daar genoemde saak afgehandel is (cf. Notule 27 April, '25) verval dit hier.

Hopende hiermee aan ons opdrag voldaan te hê, en die Verg. Gods seen toewensende,

Met hoogagting,

U HoogEerw. Dw. Dnrs.,

J. I. de Wet, Voorsitter.
P. v. d. Hoven.
P. J. Viljoen.
D. P. Ackerman.
Paul L. Potgieter.
R. J. B. Feenstra.
J. D. Roos, Skrieba.

(Twede Deel.)

Re Aanstelling van Saakgelastigde (Bylae IV, 4 (c).)
In verband hiermee beveel u Kom. aan:

(a) Die handelwyse van die Sinodale Kom., in die aangesig van die besluit van ons laaste Sinode (cf. Akta bls. 68) goed te keur.

(b) Met die oog op:
- i. Die staat van ons Fondse, en kerklike finansies in die algemeen,
- ii. Die feit dat u Kom. maar nog nie heeltemaal oortuig kan word dat 'n oorweldigende hoeveelheid werk die aanstelling direk noodsaaklik maak nie, en
- iii. Die moeilikhede deur die Sinodale Kom. ondervonde, in hierdie verband, dat van die aan-

stelling van 'n saakgelastigde afgesien sal word tot die volgende Sinode, en liewer, as dit nodig mag blyk, die Kwestoraat te skei van die werk van Aktuarius en Argivarius.

Met die meeste hoogagting,

Menende hiermee...... ens.

J. I. de Wet, Voorsitter.
P. v. d. Hoven.
R. J. B. Feenstra.
D. P. Ackerman.
P. J. Viljoen.
Paul L. Potgieter.
J. D. Roos, Skrieba.

BIJLAGE XXXII.

SINODALE KOMMISSIE VIR OPENBARE SEDELIKHEID.

HoogEerw. Heer,

U kommissie het die eer die volgende verslag van sy werksaamhede die HoogEerw. Vergadering voor te lê:

I. By gebrek aan leiddraad het u kommissie besluit om in verbinding te tree met soortgelyke kommissies in die Kaap Prowinsie en Oranje Vrystaat. As gevolg van die onderhandelinge is van tyd tot tyd artiekels verskyn in ons kerkelik orgaan "De Kerkbode" sowel as in die dagblaaie. Gevoel word dat in die eerste instansie is dit noodsakelik om die euwele van onsedelikheid onder die aandag van ons hele volk te bring. Die kwaad is nie beperk tot enkele groot stede nie, maar word in meerdere of mindere mate aangetref oor die lengte en breedte van ons land. Selfs in sommige van ons kleinste plattelandse dorpe heers onsedelikheid van die ergste graad.

Ook is gevoel geword, dat bywyse van traktaatjies en pamflette, handelend oor die gevare van onsedelikheid, doeltreffend werk kan gedoen word. Dit het ons geluk, om in medewerking met die andere kommissies ettelike van die traktaatjies gedruk te kry, wat vir verspreiding sterk deur ons aanbeveel word. Ongelukkig bestaan daar slegs twee uit die sewe Ringe kommissies waarmee u kommissie in verbinding kon tree, t.w. die Ringe van Rustenburg en Johannesburg.

II. U Kommissie het sterk gevoel vir die oprigting in Johannesburg van 'n Inrigting as die wat reeds te

Pretoria bestaan, waar gevalle meisies kon opgeneem en vir geruime tyd onder bearbeiding geplaas word. Van die plan moes afgesien word weens gebrek aan fondse, en is besluit geword om alle steun te verleen aan die Reddingshuis te Pretoria. Daar die ruimte in genoemde Inrigting te beperk is, en deur die betrokke bestuur gehoop word om binnekort oor te gaan tot die daarstelling van 'n groter en doeltreffender gebou, wil u kommissie langs hierdie weg soek om die steun van ons Kerk aan die Inrigting te verseker.

III. Deur Dr. Moll is te Johannesburg met veel vrug by wyse van lantêrnplate 'n voorlesing onder beskerming van die Broederbond gehou oor die euwele van onsedelikheid. Dit is ook deur vakmanne in 'n paar ander gemeentes geskied. U Kommissie is oortuig, dat in die rigting met veel vrug kan gewerk word, mits dat geskikte manne en vroue met die nodige takt en voorsigtigheid kan gevind word. Met die Onderkommissaris van Poliesie is onderhandel geword om sy dienste te verkry in verband met soortgelyke voorlesinge. Die medewerking is ons goedgunstig toegesê, maar ongelukkig kon u kommissie nog niks verder op die gebied doen nie. Ons glo dat voorlesinge 'n kragtige wapen is waarmee die kwaad kan bestry word, en wil die organisering daarvan by plaatslike kerkrade aanbeveel.

Die Vergadering die seën van die Heilige God toebiddende, het ons die eer ons te noem,

Die uwe in Hem,

D. THERON, Voorsitter.

D. P. CILLIE.

J. S. THERON, Skrieba.

BIJLAGE XXXIII.

HERDERLIKE BRIEF

van die Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suidafrika 1925 aan die Gemeentes van ons Kerk.

Genade, barmhartigheid en vrede sy u geskenk en vermenigvuldig van God, onse Vader, en Jesus Christus, onse Heer, deur die Heilige Gees.

Geliefde Broeders en Susters in die Heer,

Herhaaldelik is u voorbidding vir hierdie Sinodale Vergadering gevra. Waar u aan die versoek voldoen het, is dit nou ons roeping om u bekend te stel met die verrig-

tinge waarmee ons besig gewees is, die sake wat onder ons aandag gekom het en die toestand wat aan ons bloot gelê is in verband met ons dierbare Kerk. In die hoop dat dit mag strek tot heil van ons kerk, tot groter belangstelling in sy strewe en werksaamhede, wil ons graag een en ander onder u aandag breng.

Die drie jaar wat verby gesnel het van ons laaste sinodale vergadering tot nou toe, was 'n tydperk van teenspoed op ekonomies gebied. Sware droogtes en donkere wolke van sprinkhane het uitgebreide verwoestinge aangerig en die alreeds ontsaglike leër van arme blanke laat aangroei. Die onderstandswerke kon nie al die hulpelose opneem nie, en duisende het ongelukkig die toevlug geneem tot die delwerye, om daar 'n bestaan te soek. Dit is verbasend en bedroewend om te sien hoe ontsettend die getal delwers in die laaste drie jaar toegeneem het. Tog is daar oorsake van dankbaarbeid tot die Heer.

Oorsake van Dankbaarheid.

Met innige dankbaarheid tot God kan ons getuig dat die lig van voorspoed nou weer aanbreek. Nie te vergeefs het die regering laaste Oktober 'n dag van verootmoediging en gebed bepaal met die oog op die sware droogtes en die sprinkhaanplaag. Die Here het die land geseen met oorvloedige en tydige reens. Die gevreesde sprinkhaanplaag is so goed as verdwyn en daarom was dit ook betaamlik dat die Regering 'n dankdag bepaal het op die 3de Mei. Mag hierdie ligstraal van voorspoed 'n nuwe tydperk van bloei laat daag oor die diep geteisterde Suid-Afrika! En mag daar ook vir die geestelike lewe van ons volk 'n nuwe en heerlike tydperk van groei en bloei aanbreek! Reeds mag ons ons verbly in die onlogenbare feit dat die politieke haat en verbittering wat ons samelewing reeds sovele jare beroer het, kennelik afneem. Ons verblv ons dat ons gemeentes weet om hul Nagmaalvieringe te waardeer, en dat Nagmaal sy aloude heerlike betekenis en seen vir ons volk behou. Ons verbly ons om van alle oorde te verneem dat Pinkstertyd, 'n tyd van heerlike inoogsting van siele is. Ons dank die Heer vir hierdie geseende instelling van Pinksterbidstonde. Maar veral verbly ons ons in die vrugbare werksaamhede van ons Kerk, waarop Gods seen so kennelik rus, en wat getuig dat dit God nog behaag om ons Kerk te gebruik as 'n instrument in Sy hand.

Ons denk vereers aan die sendingwerk van ons kerk. Ons Kerk het in die afgelope drie jaar £36,000 byeenge-

breng vir die uitbreiding van Gods Koninkryk. Laat ons egter nie hierdeur gerusgestel word nie, want, terwyl ons gemiddelde opbrengs vir die sending nou £12,000 per jaar is, het ons in 1924 vir ons eie blanke gemeentes £229,000 gebruik. Vir elke £1 aan die heidene word daar dus £19 aan onsself bestee.

Wel is waar is ons werk in Portugees gebied gesluit deur die vyandskap van die Rooms Katholieke kerk gesteund deur 'n Roomse regering, maar dit het ons daartoe gebring om ons oog te vestig op die meer dan 'n miljoen heidene in Transvaal. Verkenningstogte is gemaak, en planne beraam om die ontsaglike heidendom rondom ons te bereik. Reeds werk daar 'n Evangelist van ons Kerk te Bloedrivier, 'n seun van een van die indunas wat die bloedbad aangerig het teen ons voorouers. So soek ons Kerk in die gees van Christus om die bloed van die Heiland aan te bied aan 'n volk wat gedors het na die bloed van ons voorouers. Die geledere van onse sendelinge in Transvaal is aanmerkelik versterk. Ons verbly ons ook oor die ywer aan die dag gelê in die organisasies onder die manne, vroue en kinders. Veral is die vwer onder die vroue en kinders lofwaardig.

Ons verbly ons oor wat ons Kerk gedoen het vir sy wese en verwaarloosde kinders. Die geestelike bearbeiding van die delwers is so ver moontlik behartig. Op die De Lagersdrift Nedersetting is daar 'n heenkoming verskaf aan 114 verarmde famielies met 'n sieletal van 609. Daar bestaan ook 'n koshuis waarin daar oor 'n 100 kinders gehuisves is wat anders in die diepste ellende en verwaarlosing sou opgegroei het. Ons verbly ons oor wat ons kerk verder kan doen tot redding en opheffing van verwaarloosde kinders en wese deur die Langlaagte Kindertehuis met sy 630 kosgangers, 'n inrigting wat nog steeds groei en bloei. En hoevele kinders is nie gered van 'n lewe van ellende en skande deur die Kinderhawe te Observatory. Mag die inrigtinge steeds die seen geniet van die grote Kindervriend wat gesê het "Alzoo is de wil niet uws Vaders, Die in de hemelen is, dat een van deze kleinen verloren ga." Ons verbly ons oor die pragtige vooruitgang op onderwysgebied, waarvan allerwege getuig word. Ons is dankbaar vir die heilsame invloed wat predikante en andere kerklike voormanne uitoefen op die onderwys as lede van skoolrade en skoolkommissies. Ons verbly ons dat daar sovele godvresende onderwysers en onderwyseresse is wat die regte stempel kan afdruk op die ontvankelike gemoed van die opkomen-

de geslag. Mag die Heer als ons onderwysers(esse) besiel met 'n geestdrift om aan hul hoë roeping te beantwoord.

Oorsake van Verootmoediging.

Is daar ruim stof tot dankbaarheid dan kan dit helaas nie ontken word nie, dat daar nog groter oorsaak is tot diepe verootmoediging. Ons dink aan die algemene klagte wat daar gehoor word oor die toenemende versuim van die Huisgodsdiens; gedurig hoor ons maar verontskuldiginge waarom die so uiters geseende instelling nie behartig word nie. Wanneer die wortel van die huislike godsdiens geraak word, dan volg daar soveel onheilspellende vrugte. Ons dink aan die tonemende sedeloosheid by een deel van ons volk wat met sig meesleep gebrek aan waarheidsliefde, waar leuentaal haas nie meer as sonde beskou word nie. En wat sal ons sê van die toenemende getal onder ons volk wat Gods Huis als onnodig beskou, daar selde of nooit gesien word, en in meer dan een geval vyandig gesind is? Ons hart krimp ineen by die gesig van die skare vir wie die taal van die Psalmdigter: "Hoe lief heb ik uwe woningen" 'n betekenlose is. Voorwaar die los-van-die-kerk stroom onder ons volk groei steeds aan en bedreig ons Kerklewe as 'n donkere vloedgolf wat ons meedoënloos voer naar die afgrond van geestelike dood en bederf. En kan ons swyg oor die toenemende mag van onsedelikheid wat sy kille hand gelê het op 'n deel van ons geliefde volk, beide onder die jeugd en die volwassene waar die spore van die pestelensie wat in die donkerheid wandel op die aangesig van menig jongedogter (hoop en vreugde van moeder- en vaderhart), te lese staan? Waar menig jeugdig lewe in sy groei gestuit is, en die skadu van 'n verwoeste lewe in die toekoms werp? En waar soek ons die oorsake? Is die nie toe te skryf aan verslapte huiselike tug, waar vader en moeder nie meer hulle Goddelike roeping ken en dit ernstig betrag nie? Is dit nie toe te skrywe aan die uithuisigheid van ons seuns en dogters vir vele van wie die skadu van die aand, die donkerheid van die nag, die sluier is waaragter hulle skuil om die ouderlike woning te verlaat, om sinsgenot te soek en te vind in die losse geselskapskringe van die twyfelagtige vermake van bioskoop en danssaal? En is die wortel van dit alles nie die gebrek aan sondebesef, wat in die laaste tyd so opmerkelik is onder ons volk en aan die tekenende oppervlakkigheid van wat die volk verblind vir die erns en verantwoordelikheid van die lewe? En staan ons nie verstom oor die monster wat ons

hedendaagse samelewe almeer beetpak en in sy kloue vasknel waar alle fynheidsgevoel in die verhouding tussen die sekse uitgedoof word—ons doel op die monster: gemengde baaie. Daar op die gebied waar 'n fyn publieke opinie die afgod moes neergeruk en vertrap het—daar openbaar die opinie sig in 'n gapende en toejuigende skare van toeskouers en dit nog al op die Dag van die Heer. En as 'n afkeurende stem sig verhef in die publieke Pers dan is die al dadelik gereed om die stem te smoor onder 'n stortvloed van beskimping, afkeuring en weersin.

En hoe is dit gestel met die misbruik van sterke drank? Is daar verbetering? Og dat dit tog waar mog wees: dan sou daar vandag menig leë plek gewees het in die armhuise, in die verbeteringsgestigte waar menig kinderlewe slegs die droewige getuienis aflê: "Ek is hier omdat my vader of moeder 'n slaaf of diensbare is van die drank." Is ons volk nog nie ontwaak tot die uiters noodlottige gevolge as vrug van sy laksheid, onmannelike gedrag teenoor die vyand van die welvaart en geluk van ons volk?

Ook mag nie verswyg word die feit dat ons Kerk so weinig vat gehad het op ons Parlement, dat, hoewel die Sinode met algemene stemme herhaaldelik sig sterk uitgedruk het ten gunste van die beginsel van Plaatselike Keuse in verband met die drankhandel, dit tog herhaaldelik deur hierdie Liggaam verwerp is. Ons mag wel vra of ons Sinode dan nie meer 'n suiwer tolk is van ons volksgevoel nie? Staan ons Kerk dan nie nog ver die hoogste belange van ons volk of is sy duidelike uitspraak maar nog 'n stem roepende in die woestyn? En tog geloof ons dat die morele leiding van ons kerk in verband met so'n beginsel veilig kan gevolg word.

Waar daar soveel is om ons tot verootmoediging te stem, is ons ook verplig om enige waarskuwinge tot U te rig.

Waarskuwinge.

Met al die krag van ons siel wil ons u waarsku om u lig van getuienis te laat skyn en nie lafhartig te verberg onder 'n koornmaat nie. Die tydgees is in vele opsigte teen ons. Die tydgees is gekenmerk deur losbandigheid. Ons het die hoë roeping om sout te wees teen die omringende bederf. God het ons geplaas te midde van 'n krom en verdraaid geslag om die lig van geregtigheid te versprei. En om aan die goddelike roeping te kan beantwoord

moet daar by ons beginselvastigheid wees, en moet ons 'n besliste standpunt inneem. Ons is te toegewend en as die sout smakeloos word dan deug dit nêrens voor dan om buite geworpe en van die mense vertree te word. Daar moet meer respek wees vir die kerk en vir die Christen as sodanig. Die wereld kry nie genoeg die indruk van geregtigheid en heiligheid as hul die christen waarneem nie. Die teenwoordigheid van 'n christen beteuel nie die tong van die lasteraar en keer nie die bedryf van ongeregtigheid nie. Die christen is nie meer 'n hinder vir die wereld as 'n konsensiestem waarvan 'n waarskuwing uitgaan. As die christen kragtig in die geloof staan en sy belydenis deur 'n heilige wandel verseel sou hy die gewete van die wereld wakkerskud en 'n hinderlike mag word om die stroom van ongeregtigheid en losbandigheid te stuit. Die wereld sou uitvind dat ons iets besit wat hul mis, en die eerbied vir die kerk sou herleef. Ons sou ons mag oor die konsensie van die wereld herwin. Maar waar is die krag van ons standpunt? Dit is omdat ons innerlik verslap is dat ons die koninklike vat op die volksmassa verloor het. Ons geestelike lewe mis opheffende krag. Maar laat ons nie alleen ons swakheid bely nie. Laat ons opstaan tot die stryd en ons in die naam van die Heer daartoe aangord!

Laat ons deur woord en voorbeeld weerstand bied aan die stroom van ongeregtigheid en losbandigheid wat die peil van sedelikheid so laag gebring het en sedelike gevoel so afgestomp het in onse dae! Laat ons met woord en voorbeeld protesteer teen die uitlandse gewoonte wat ons land van die stede uit deurdring om van die Sabbat 'n sportsdag en 'n piekniekdag te maak! Waar en wanneer moet die christelike karakter gesterk en besiel word as die dag van die Heer in ydelheid deurgebring word? Wees getrou in die huisgodsdiens. Ondersoek daeliks Gods Woord. Volhard in die gebed. Wees getrou aan die kerk van u voorvaders. Moet nie die martelaarsbloed van u voorvaders vertrap deur u dogters toe te vertrou aan die Roomse skole. Ons voel ons besonder gedronge om hierteen te waarsku, want dit is 'n openbare feit dat 'n ander gees gekom is in die Rooms Inrigtinge van ons land beide skole en hospitale vandat die Roomse gesant sy verskyning gemaak het in Suid Afrika. Die Inrigtinge het moed gekry om meer hul ware karakter te vertoon en aggressiewe propaganda te maak vir die Roomse Kerk. Wees veral gewaarsku teen die tallose sektes wat onder die dekmantel van godsdiens nog 'n

bitterder vyand van ons kerk is as die wereld, sektes, wat as wolwe in skaapsklere rondsluip om die kudde des te beter te kan verwoes. Wees gewaarsku teen die sluheid van die sektes wat hul boeke en traktate versprei sonder om die naam van hul sekte daarin te vermeld of die strekking van hul boek op die tietelblad te openbaar, wat in hul aangebode lektuur die vergif van hul dwalinge fyn verberg onder 'n vloed van goedkope vroomheid. Koop geen boek of traktaat van 'n onbekende reisende boekverkoper. Raadpleeg u geestelike leiers in die geestlike leesstof wat u aanskaf. Wees gewaarsku teen die taktiek van die sekteleiers om allereers en bowe alles die vertroue in ons kerk en predikante te skok sodat hul halfgevange prooi nie daar om lig en leiding moet gaan soek nie. Vertrou u kerk en kerkelike leidsmanne, en wees versekerd dat onse kerkleer en belydenisskrifte die toets van die eeue en die aanval van komende en verdwynende sektes vir geslagte deurgestaan het. Laat ons met des te meer gewilligheid en moed hierdie waarskuwing ter harte neem omdat dit ons nie ontbreek aan aanmoedigende tekens nie.

Aanmoedigende tekens.

Dit is alleen die blinde wat nie die tekens van bemoediging kan waarneem nie, alleen die dowe wat nie die stemme kan hoor nie wat ons van meer dan een kant toeroep: "Voorwaarts in die weg van lig en van hoop, van oorwinning en krag".

Immers ons dink met blydskap aan die aansienlike getal van hulle wat ons geliefde Kerk nog rots-trou is, aan hulle wat alles nog feil het vir die Kerk van onse Vaders. Daar is nog die aansienlike getal wat steeds bereid is tot offervaardigheid, van hulle wat die stem van ons onfeilbare Leidsman nie vergeefs gehoor het nie: "Die agter my wil komen enz." Is hiervan nie getuige die gawes wat gelê word op die altaar van kerklik onderhoud, van die offers wat gedra word tot die deurboorde voete van Hom wat gesê het "Gaat heen in de geheele wereld". Immers haas ooral is daar blyke van klimmende belangstelling in die uitbreiding van Gods Koninkryk. Die Sendingdag in die Sinode het dit langs meer dan een weg bewys. Wat 'n inspirasie was dit vir ons om die getal sendelinge te sien wat namens ons kerk die Koninkryk van die Heer Jesus verteenwoordig onder die heidene in Transvaal!

En by al wat daar tot droefheid stem in die inwendige lewe van ons kerk hoor ons tog nog die tone van

dankbaarheid wat daar van meer dan een hart klink oor siele wat gered is, oor Bidstonde waar daar nog gebedsvuur brand, oor Pinksterbidstonde wat sig kenmerk in grote opkomste. Is dit nie rede om ons met nuwe hoop en verwagting te vervul nie en elkaar te laat toeroep: "Wees sterk en hebt goeden moed"?

Die Roeping van die Kerk.

Laat ons ons dan met blyde geestdrift aangord tot die roeping van ons Kerk. Die roeping is groot en heerlik. Reeds het God deur die jare heen ons kerk gebruik as 'n geskikte instrument om sy werk te verrig as 'n poleerde wapen om sy stryd te stry. En dit is 'n waarborg vir wat Hy in die toekoms wil doen deur ons Kerk. Ons kerk is nie uitgedien nie. Daar is 'n stryd te stry. Daar is werk. Laat ons met geloof, moed en hoop die toekoms tegemoet tree!

Daar is duisende verlorengaandes wat gered moet word, duisendes wat deur liefde en takt vir Christus gewin moet word. Daar is Gods volk wat opgebou moet word op hul allerheiligste geloof. Daar is die grote kinderskaar wat vir Christus behou moet word voor die wereld met sy verderflike invloed 'n vat kry op hul. Te meer voel ons ons gedronge om die roeping van die Kerk teenoor die kind prominent voor u aandag te bring, omdat dit 'n betreurenswaardige feit is dat daar meer kinders op ons dagskole is as op ons Sondagskole, hoewel kinders gewoonlik op 'n jonger leeftyd na Sondagskool gaan. Ons durf dit nie ontken nie, daar is geen besondere vooruitgang gewees in ons Sondagskole in die laaste drie jaar. Laat ons Kerkrade meer hul aandag gee aan hierdie belangrike saak. Organiseer kindersondae en kinderfeeste, en laat ons kinders besef dat Jesus die Grote Kindervriend, weet om die liefde en toegewydheid van die kinderhart te waardeer. Die toekoms van ons kerk hang af van die bearbeiding van die kinders. Besonder gewigtig is die roeping van ons kerk ten opsigte van die studerende jeugd, die toekomstige volksleiers. Ons betreur die feit dat daar 'n onkerkelike gees heers in vele inrigtinge van hoër onderwys en dat die saad van twyfel daar met kunstige hand gesaai word. Mag ons Kerk die genade ontvang om die studerende jeugd te laat begryp hoe heerlik dit is om Jesus te dien met al hul jeugdige frisse kragte, talente en gawes, want wie verdien sulk 'n kostbare offer soos Hy?

Ons staan voor twee groot brandende vraagstukke wat 'n skadu werp op Suid-Afrika: die armblanke probleem en die naturelleprobleem. Ons kerk het die roeping om sy belangrike deel te doen in die oplossing van hierdie allergewigtigste vraagstukke in die gees van ware christelike onselfsugtigheid en geregtigheid. Ons staan voor ander belangrike sosiale en sedelike vraagstukke, waaroor ons kerk 'n besliste stem moet laat hoor.

Ons kerk is geroepe om die stryd teen die magtige verwoestende drankhandel voort te sit met onverdrote moed, totdat die oorwinning behaal is en die drankhandel met al sy ellende totaal vernietg is. Die stryd is lank en swaar, want dit is grotendeels 'n stryd teen Mammon. die God van hierdie eeu, maar die uiteindelike oorwinning is verseker.

Ten slotte wil ons wys op die roeping van ons kerk ten opsigte van die millioen heidene binne ons grense, op wie ons aandag in die laaste jare deur goddelike voorsienigheid gevestig is.

En nou wat is die verwagting van die kerk? Die stryd waarin hy gewikkel is word al heviger, die magte teen hom neem toe in getal, en soms word die vraag gestel of hy die teenstand kan weerstaan, die stryd kan volhou en tot oorwinning gaan?

Laat die Kerk, gedagtig aan sy roeping, oortuig van die Bron van sy krag en versekerd van die leiding en teenwoordigheid van sy getroue Leidsman, moedig voorwaarts gaan! Sy toekoms is in die helder lig van Hom wat gesê het: "Ik ben het Licht der Wereld". Sy krag is in die waarheid, wat hy lief het en verkondig. Sy boodskap is nog steeds die blye Evangelie van redding vir die verlorene, en van lewe vir diegene wat in die bande van die dood gekluister is.

Sy fundament rus nog op die Woord van God as onfeilbaar waar. Hy het nog 'n boodskap van hoop en lewe, en hy roep ons nog steeds toe: Ons heil is van die Heer. ons saligheid in die kruis van Christus, en ons krag in Hom wat gesê het: "Mij is gegeven alle macht in Hemel en op aarde."

De God nu van alle Genade, Die ons geroepen heeft tot zijn eeuwige heerlikheid in Christus Jezus, nadat wij 'n weinig tijds zullen geleden hebben, Die volmake,

bevestige, versterke en fondeere ulieden. Hem zij de heerlikheid en kracht in alle eeuwigheid, Amen.

Namens en op las van die Sinode, geteken deur die lede van die Hoogeerw. Moderatuur:

Paul Nel, Moderator.
A. J. Louw, Assessor.
Wm. Nicol, Aktuarius.
J. M. Louw, Skrieba.

INHOUD.

(Wat hieronder in vetten druk verschijnt, ziet op de behandeling van verslagen, enz., die als Bijlagen opgenomen zijn.)

BIJLAGEN.